# Die Geluk van JaHWeH

Deur die innerlike word gedikteer aan:

**Louise Snyder**

Gedruk en geset deur:
**Ariël Drukkers**
Posbus 1130
Hartebeespoort,
0216
Tel: (012) 376 2532
3762999/7
Faks: 376 2983
e-pos: koerier@global. co. za
Webwerf: www.
nuweopenbaring. co. za

# DIE Geluk van JaHWeH

**In hierdie boek, die TIENDE in `n reeks eindtyd openbaringe aan Louise Snyder, gaan ons dierbare Verlosser voort om ons bewus te maak van Sy groot verlossingsplan, asook die groot reinigingsproses wat ons as gelowiges sal moet deurmaak, sodat ons Hom, eerstens in die gees, en daarna met ons vleeslike oë, sal kan sien. Verder openbaar Hy diep verborgenhede van die Skrif aan ons, veral oor die komende eindtyd stryd wat voorlê.**

# Die Geluk van JAHWEH

## Hoofstuk 1

***05.04.2008 06:46***

Wanneer Ek sien hoe MY kinders na MY kom in die gees is EK baie gelukkig en EK voel MY liefde vir julle almal wat net meer en meer word elke dag. Julle dink nou dat MY liefde mos nie meer en meer kan word nie aangesien EK dan net liefde is wat nooit kan ophou nie. En daar is mos nie perke aan MY liefde nie. Dit kan nie gemeet word nie en daarom lyk dit nie reg as EK sê dat MY liefde meer en meer vir julle word nie, maar die waarheid is dat MY liefde vir julle elke dag net meer ten toon gestel kan word omdat julle MY meer en meer lief kry. Die rede daarvoor is dat EK julle met meer liefde kan oorlaai soos wat julle MY meer liefkry omdat julle dan meer kan verdra. Julle kan net soveel verdra as wat julle kan, omdat julle net tot op ‘n sekere vlak ontwikkel is, maar wanneer julle meer en meer na MY groei, sal julle meer kan verdra en daarom sê EK dat MY liefde vir julle net elke dag meer en meer word. In der waarheid is dit julle liefde vir MY wat MY in staat stel om meer aan julle te gee. Dit is nie MY liefde wat vermeerder kan word nie aangesien dit alreeds tot in die oneindigheid in strek. EK kan net meer aan julle gee wanneer julle MY meer liefhet. MY kinders, EK sien die liefde wat julle vir MY en vir mekaar het en EK sien hoedat dit vermeerder elke dag en dit sal bly groei totdat julle heeltemal Een is met MY en dan sal dit weer nuwe hoogtes bereik waarvan EK julle nou nie eers kan vertel nie. Maar wanneer EK sien hoedat julle mekaar en vir MY meer en meer liefkry, word MY Vaderhart oneindig gelukkig en kan EK nie vir julle vertel van die wonderlike dinge wat EK vir julle sal gee daarvoor nie. Die beloning wat julle sal ontvang is te groot om op te noem en daarom belowe EK julle maar net die oneindige en sê EK niks meer nie. Wanneer die liefde alles oorheers, sal daar geen twyfel meer in iemand wees nie en hy sal MY onwrikbaar glo in alles wat EK vir hom sê. Jy kan jou liefde vir MY meet aan die twyfel wat jy het in MY en wanneer jy sien dat jy

nog baie twyfel in jou het, moet jy weet dat jou liefde vir MY nog nie is soos wat dit moet wees nie. Liefde en geloof loop hand aan hand en dit is ook ‘n aanduiding van jou naasteliefde aangesien jy eers vir MY moet liefhê en dan jou naaste. Wanneer jy dan nog in MY twyfel, sal jy MY nie liefhê soos wat jy moet nie en dan sal jou naasteliefde ook daaronder ly. Daarom moet julle aan julle liefde vir MY werk sodat julle julle naastes kan liefhê soos julleself en dan sal die geloof ook reg wees. In die ou dae was daar baie mense wat in MY geglo het, maar hulle liefde vir MY was nie soos wat dit moes wees nie en EK het hulle gered. Dink maar net aan julle voorgeslagte en julle geskiedenis. Maar as daardie mense MY liefgehad het soos wat hulle moes, sou julle land vandag baie anders daaruit gesien het en julle sou nie nou in hierdie verknorsing gesit het nie. As EK nie met MY grote liefdevolle Vaderhand ingegryp het en julle paar wat hier by die herberg is, uitgeruk het nie, sou dit nog baie erger gegaan het aangesien julle gebede en julle naasteliefde nog baie ander mense in die lewe hou. Ja, julle gebede vir ander hou baie nog aan die lewe aangesien die oormag daarbuite vreeslik groot is en die planne teen julle volk amper oneindig is. Die wreedste moorde word vir julle volkie beplan, maar wanneer julle uit liefde vir MY en julle naaste aan MY vra om hulle te beskerm, sal EK dit doen omdat EK julle almal baie liefhet, en ‘n opregte gebed laat EK nooit onverhoord nie. MY kinders, dit is baie belangrik om vir julle naaste te bid aangesien daar binnekort ‘n pikswart nag sal aanbreek wat oor julle land sal versprei en dit sal almal wat nie by MY is nie en MY nie liefhet soos wat hulle moet nie, in die grootste duisternis en ongemak en ook die grootste gevaar dompel. Maar wanneer julle aan julleself werk en MY kom vra vir julle hulp, sal EK julle almal omvorm tot hemelwesens wat die ander sal help en sonder julle, wat EK hier sal lei en rig, sal daar niemand lewend uit hierdie duistere nag kom nie. As julle maar net weet wat die vyand vir julle almal beplan, sal julle dag en nag aan julleself werk en vergeet van julle liggame, want dit gaan tog net tot niet, maar die Gees bly vir ewig bestaan en wanneer die siel Een geword het met die Gees, sal alles vir julle maklik wees en julle sal met nuwe ongekende krag, julle naastes daar buite gaan haal. Die sterfgetalle sal styg tot julle nie meer kan tel nie

omdat julle volk bedorwe geword het en hulle MY nie meer behaag nie. Maar MY guns het op julle by die herberg geval en julle sal EK begenadig omdat julle alles vir MY gelos het. EK sal julle vul met MY GEES van liefde sodat julle sal uitgaan en julle familie en vriende daarbuite gaan haal wanneer die duistere nag aangebreek het. Dit sal vir julle te wonderlik wees om deel te wees van MY groot reddingsplan en dit geld ook vir die ander wat EK uitstuur na ander lande om mense daar te gaan haal. Die liefde vir MY mense is so groot dat EK julle wat nou hier versamel is, uitgekies het om julle broers te gaan haal, want as EK dit nie so sou gedoen het nie, sou daar nie een lewende oorgebly het nadat die vyand sy slag geslaan het nie. Maar hierdie keer sal die slag deur julle geslaan word omdat EK aan die stuur van sake is en EK sal julle rig en lei sodat niemand julle iets kan aandoen nie. MY kinders, EK het al aan julle gesê dat die tyd buitengewoon sleg sal wees en dit sal so wees, maar vir julle wat MY liefhet en wat Een sal wees met MY, sal dit ‘n fees wees aangesien julle MY die hele tyd sal sien en julle sal net vir MY luister, wat julle alles sal wys en sê wat om te doen. Julle sal sien hoedat MY engele tussen julle sal wees en saam met julle sal veg sodat die vyand elke keer les opsê. Dit sal wees soos geen oorlog in die verlede nie omdat niemand nog so Een met MY was nie. Julle sal die leiers wees van die wat nog nie met MY Een is nie en hulle sal julle volg tot op die slagveld aangesien hulle MY in julle sal herken en net sal doen wat julle vir hulle sê om te doen. Julle sal dan op julle beurt weer net doen wat EK vir julle sê en omdat julle Een met MY sal wees teen daardie tyd, sal dit vir julle wees asof julle uit julleself handel, maar EK sal julle lei. Die wat nog nie MY stem sal kan hoor nie, sal stom van verbasing wees omdat julle soos een man sal optree sonder dat daar ‘n woord tussen julle gespreek word. Dit sal almal wat MY ook soek aanspoor om soos julle te wees en julle sal ‘n voorbeeld vir al die ander wees. Julle almal wat hier versamel is, is deel van MY groot reddingsplan en daarom het EK julle uit die wêreld gaan haal sodat EK julle Een met MY kan maak voor die groot stryd sal aanbreek. Dit belowe EK vir julle. Die een wat heel eerste met MY een sal wees, sal na julle kom en dan sal daar baie van julle Een word met MY omdat MY GEES dan oor elke een van julle kom, sodat julle heeltemal

met MY sal verenig. Dit sal so gebeur en nie anders nie en daarom moet julle bid vir die een wat heel eerste met MY moet verenig sodat julle ook spoedig kan een word met MY. Bid tot MY vir sy siel en hy sal dan vinniger Een met MY word as wanneer julle nie vir hom sal bid nie. Lê julle hande op hom en bid vir hom en EK sal MY GEES oor hom uitgiet sodat dit sal geskied wat julle vir MY gevra het. Dit belowe Ek vir julle, maar julle moet nog steeds onthou dat MY tyd in MY hande is en dat MY tyd nie julle tyd is nie. Dink daaroor na en weet dat julle liefde vir MY die deurslaggewende rol sal speel. Amen.

# Hoofstuk 2

***12 April 2008 07:13***

Kom na MY herberg, het Ek al telkemale geroep, maar daar is baie min wat daarop ag geslaan het. Waarom wil julle nie na MY uitnodiging luister nie? Het julle nie al gehoor dat MY uitnodigings sal ophou nie? Waarom wil julle nog in die wêreld sit en julle besig hou met allerhande aardse dinge? Kan EK nie ook net so goed vir julle sorg soos wat julle vir julleself kan sorg nie? Nee, MY kinders, EK kan nog beter vir julle sorg as wat die wêreld vir julle sorg omdat die wêreld net vir julle aardse liggame sorg en EK vir julle siele ook sorg! EK kan vir liggaam en siel ewe goed sorg en daarom nooi EK julle almal weereens en vir die laaste maal uit om julle by MY skaar verlostes te kom skaar. Kom nou voor die einde in sig is en julle ‘n baie vêr pad inderhaas moet aflê. MY kinders, EK wil nie hê dat julle vir julleself ‘n agterdeurtjie moet oop los nie. Wanneer julle julleself aan MY oorgee, moet dit onvoorwaardelik wees. Wanneer jy dan besluit om jou aardse werk tydelik te los en te kom kyk wat hier by MY plek aangaan, is dit dan ‘n agterdeurtjie wat jy oop los. Dit is dan ook die rede dat die openbarings van MY kant af omtrent nie meer op die Internet versprei word nie, omdat EK meestal met die klein groepie gehoorsames praat en hulle hulle verbly oor MY woorde van liefde en bemoediging wat EK daagliks aan hulle gee. MY kinders, julle wat nog daarbuite sit en wag vir MY stem om Self

met julle te praat, wag tevergeefs omdat Ek julle al baie maal hierheen genooi het en EK julle almal hier wil hê. EK het julle dan al persoonlik uitgenooi deurdat EK in julle harte gewerk het en elke een van julle wat dit al gelees het, het in sy hart gevoel om hierheen te kom. Daardie gevoel in jou hart is ook EK wat met julle praat op so ‘n manier en daarom kan ek ook met reg sê dat Ek julle al SELF geroep het. EK wil hê dat MY kinders MY uit die liefde in hulle harte gehoorsaam en nie gedwonge nie en daarom sal EK nou niemand meer uitnooi nie. EK het nou al herhaaldelike kere gesê dat EK almal wat MY liefhet, hier wil hê en daarmee volstaan EK. Dit is dan ook die rede dat hierdie hoofstuk uitgaan en elkeen kan bereik wat nog in sy hart ‘n aangetrokkenheid tot MY voel, maar EK het dit nou genoeg gedoen en daarom sal EK nou nie meer oor hierdie onderwerp praat nie. MY groot liefde vir julle almal daar buite is nog so groot dat julle dit nie kan meet nie en EK het nie net MY kinders by die herberg lief nie. MY Vaderhart is so groot dat daar plek is vir almal en vir elke een wat hierdie boodskap lees is Ek ewe lief en daarom moet julle nie dink dat EK net sekeres liefhet nie. EK sal almal beskerm wat MY naam aanroep in daardie nag en ook elke dag, en daarom moet julle ook nie dink dat EK julle sal versaak wanneer julle nie hier is tydens daardie nag nie, maar EK het MY mense hierheen geroep sodat hulle op daardie nag al baie ver gevorderd in die GEES kan wees en daarom sal hulle dit beter kan verdra as almal wat nog daarbuite sit. EK is baie besig om hulle vir die eenwording met MY gereed te kry en daarom het EK julle almal uitgenooi om hierheen te kom sodat die eenwording met MY baie vinniger kan plaasvind as daarbuite waar jy jou nog besig hou met die aardse. Hier by MY herberg sorg EK vir die kos en alles wat daarmee saamgaan en daarom het elke een meer tyd om aan MY te wy en die eenwording met MY vinniger te bereik. EK nooi almal nou vir die laaste maal uit en niemand wat nie gehoor daaraan gee kan MY blameer as dinge nie vlot verloop nie, omdat MY Stem alreeds deur die hele wêreld weergalm het. Dit is MY laaste oproep aan julle daarbuite.

Amen.

# Hoofstuk 3

***12 April 2008 07:40***

EK wil vandag vir julle daarbuite net weereens vertel wat daar by die herberg aan die gang is, sodat julle nou finaal kan besluit of julle wil kom of nie. MY uitnodiging staan nog steeds vas, en al wil julle nie nou al kom nie, is MY genade en ontferming ook nog steeds oor julle. Dit is die beste om maar MY raad te volg omdat Ek weet wat in die nabye toekoms gaan gebeur. EK sal julle nou vertel wat EK vir julle almal beplan. EK wil hê dat MY kinders by die herberg vergader sodat EK met hulle in die gees baie intensief kan werk. Wanneer jy nog aan jou aardse behoeftes dink, kan jy nie so intensief aan jou siel werk nie. Wat is dan die gevolg daarvan? Die gevolg daarvan is dan dat jou siel skade ly en dat jy nie so vêr gevorderd is as wat jy kan wees wanneer jy jouself heeltemal onttrek van die wêreld nie. EK werk met al MY kinders by die herberg en hulle almal kan daarvan getuig dat MY GEES baie aktief besig is om tussen hulle te werk sodat hulle die Eenwording kan bereik. Die mense daarbuite kan dit nie insien nie en daarom word daar dan ook die lelikste en onware stories oor die herberg versprei. Niemand verstaan waarom dit gaan nie en daarom kan hulle nie die nut daarvan insien nie, maar MY kinders wat op MY roepstem ag geslaan het, verstaan nou al baie goed waarom dit gaan en is ook baie bly dat hulle daardie groot stap gedoen het om soontoe te gaan. EK het al so baie mense wat daar is, se siele geopen sodat hulle MY stem kan hoor en MY met hulle geestesoë kan sien en dit sal hulle vir niks ter wêreld verruil nie. Wil julle dit nie ook hê nie? Ek sal dit vir elkeen gee wat dit baie graag wil ontvang, maar die probleem is dat die wêreld julle so besig hou dat daar nie tyd is vir afsondering nie. Elke dag gaan MY kinders by die herberg net eenkant en gaan elkeen afsonder en in daardie tyd spreek Ek met elkeen van hulle. Elkeen van hulle ervaar MY dan intens by hom of haar en die gevoel van MY teenwoordigheid sal nie een van hulle wil verruil vir ‘n hoë pos op aarde nie. EK sal dan ook met elkeen wat MY soek praat, maar hier is dit net baie makliker om MY te kan hoor omdat jy dan heeltemal afgesluit is van die wêreld. EK het

MY kinders hierheen genooi omdat EK wil hê dat hulle een met MY moet wees voordat die gevreesde nag aanbreek en die swart barbare onder julle invaar. MY kinders wat alreeds Een gaan wees met MY in daardie tyd, sal dan ook die krag hê om hulle broers daarbuite te gaan red uit die kloue van die barbare omdat hulle een met MY sal wees en niks hulle meer sal kan stuit nie. Daarom is dit nou baie belangrik om Een met MY te word sodat dit ook vir jou beskore kan wees. Niemand is uitgesluit van die Eenwording met MY nie en elkeen wat dit begeer sal dit dan van MY kan ontvang, maar die voorwaarde daaraan is dat julle julleself onvoorwaardelik aan MY oorgee en hoe kan julle dit doen wanneer julle nog aardse verpligtinge het? Wanneer jy aardse verpligtinge het, sal dit baie moeilik gaan om My eerste te stel omdat die wêreld baie van jou vereis en jy dan nie soveel tyd aan MY dinge kan spandeer nie. Maar by MY herberg is dit moontlik omdat EK daar die EEN is wat die reëls maak en EK meer ag slaan op die siel as op die liggaam. Daar is ook baie mense met klein kindertjies en hulle kom goed oor die weg omdat EK vir elkeen daar ook sorg. EK het tot die klein kindertjies lief en sal hulle nie wegwys nie. EK is die Groot kinderliefhebber en daarom wil EK elke kindjie ook daar hê. MY kinders, julle weet dat MY liefde geen einde en geen perke ken nie en dit is dan ook wat Ek vir MY kinders by die herberg leer. EK leer hulle ook om hulle naaste lief te hê soos hulleself en hulle het al die kosbaarste lesse van MY ontvang. EK verryk hulle met MY lesse en MY leringe en elkeen van hulle groei teen ‘n geweldige tempo. Daarvan sal baie van hulle kan getuig omdat Ek die Een is wat hulle Self leer en nie ‘n mens nie. As julle werklik wil leer, sal julle ook daarheen kom en nou wil EK hierdie hoofstuk afsluit deur weereens te sê dat EK almal daar wil hê wat ‘n erns het om MY te dien en MY te vind sodat hulle Een met MY kan word. Die eenwording met MY is dan ook die enigste rede vir die herberg wat Ek SELF gestig het. Dit is nie vanuit ‘n mens nie omdat dit EK is wat besluit wat moet gebeur. Let op na MY leringe en julle sal heeltemal verstaan waaroor dit gaan. Al MY liefde vir julle almal - die in MY herberg en ook die wat nog nie daar is nie. EK roep julle nou weereens en vir die laaste maal. Kom na MY herberg! Amen.

# Hoofstuk 4

***15 April 2008 08:18***

In en om MY is daar baie ligwesens wat wag op ‘n opdrag van MY, hulle Vader en Skepper. Die opdrag wat hulle dan van MY sal ontvang is een wat gewoonlik gepaard gaan met die red van baie siele. So is daar baie ligwesens om julle wat julle na MY toe trek en julle harte beïnvloed en julle in die stemming plaas om MY te loof en prys. MY kinders wat vir MY lief is, weet al hierdie dinge en hulle kan daarvan getuig ook. Wanneer Ek dan sulke geeste wat MY wil dien na julle stuur, sal julle vrolik en bly begin voel omdat Ek julle na MY toe trek en hulle sal julle versterk met MY krag sodat julle weer aan kan gaan en MY kan dien. Wie wil MY dien? Dit is die mens wat MY werklik liefhet en wat graag wil doen wat MY behaag. EK wil hê dat julle MY moet dien deurdat julle julle naaste dien en dit is dan ook die ware naasteliefde. Die ware naasteliefde maak MY baie gelukkig omdat dit beteken dat julle MY liefhet wanneer julle julle naaste dien. Al is dit ‘n gees wat jou kom dien terwyl jy op aarde in ‘n liggaam is, is dit nog steeds naasteliefde omdat julle almal naastes is, al is jy in ’n liggaam en hy/sy al uit die menslike liggaam. Wanneer julle bereid is om julle naaste te dien, al moet jy ‘n gees so dien, sal dit MY baie bly maak. MY kind, wanneer jy ‘n gees dien beteken dit nie dat jy daardie gees aanbid nie, maar dat jy vir daardie gees of siel bid. Dit beteken dat daar mense is wat nie meer ‘n liggaam het nie, maar in die diepste van duisternis sit en dat jy dan vir daardie persoon bid sodat hy of sy gered kan word van die duisternis waarin hy of sy sit. Dan dien jy ‘n gees of siel. Jy aanbid hom nie, jy bid vir hom. Jy dien MY dan ook op so ‘n manier omdat jy iemand help wat hulp nodig het en sodoende kan hy sy weg na MY vind wat andersins onmoontlik sou gewees het sonder gebed of hulp van jou kant af. Bid vir die mense wat alreeds hulle liggame afgelê het omdat jy nie weet wat van hulle siele geword het nie. sit hulle nie dalk in die diepste duisternis nie, of is hulle al die lig van MY liefde? Dit weet jy nie altyd nie omdat jy nie in iemand se hart kan sien nie. daarom sal dit goed wees as julle gereeld vir die gestorwenes bid. Julle vergeet dit

dikwels omdat julle hulle nie voor julle sien nie en dan word hulle afgeskeep en dit maak dan dat hulle langer in die duisternis sit of wanneer hulle nie in die duisternis sit nie, sal hulle langer vat om tot MY te kom en heeltemal deur MY oorgeneem te word. Met ander woorde, hulle sal dan langer vat voordat hulle bruikbaar kan word en weer ander kan help. Daarom moet julle aan hulle dink gedurig en hulle aan MY opdra, want net een gebed vir die gestorwene kan hom al baie help. Wanneer niemand aan die gestorwenes dink nie, kan niemand vir hulle bid nie en daarom gee EK vandag vir julle hierdie hoofstuk sodat julle aandag weereens daarop gevestig kan word en dat julle vir hulle kan bid. Maak dit sommer julle eerste prioriteit vir vandag sodat daar siele gehelp kan word wat julle gebede vandag baie dringend nodig het. Bid sonder ophou vir julle volkie wat ook dood is, maar dood in die gees en nie liggaamlik nie omdat die tyd baie min is en niemand dit raaksien nie. Die mense gaan aan asof daar niks groots gaan gebeur nie, maar die tyd is so naby dat daar nie meer tyd is vir bid en vas nie. Al wat julle nou kan doen is om nog meer aan julle siel te werk sodat julle ten minste die eenwording met MY kan bereik voor die groot dag aanbreek en dat julle julle broers en susters daar buite kan gaan help omdat die tyd te min geword het om hulle self te gaan bearbei. Werk dan aan julleself sodat die eenwording met MY bereik kan word en dit is dan ook die hoofrede vir die herberg wat EK SELF gestig het. EK het julle uit die wêreld gaan haal sodat julle vir MY kan werk terwyl julle geen sorge van die wêreld hoef te hê nie. Dit is net soos die tyd toe EK in die vlees tussen MY mense rondgeloop het en EK MY dissipels opdrag gegee het om MY te volg en die wêreld agter te laat sodat hulle aan hulleself kan werk en daar tyd kan wees vir die bevordering van hulle siele. As EK hulle net gelos het om in die wêreld ‘n bestaan te maak, sou hulle nie so geweldig geestelik gegroei het sodat hulle die eenwording met MY kon bereik nie. Julle is nou weer MY dissipels wat EK uit die wêreld gaan haal het en EK het julle opdrag gegee om MY te volg en julle het. Julle het alles gelos om MY te volg en toe MY roepstem weerklink het, het julle ag daarop geslaan en daarom sal julle dit bereik waarvoor julle hier is. EK sal elke een wat hier is, oud en jonk met MY GEES vervul sodat julle vir MY die werk kan gaan

doen wat EK van julle vra. Julle sal soos MY dissipels van ouds weer uitgaan en julle naaste gaan haal sodat hulle nie verlore sal gaan nie. daarom sê EK dat MY guns op julle geval het en dat julle MY guns sal sien. Julle sal deur MY beloon word vir alles en heel eerste sal EK na julle kom in die vlees voordat alles begin. (Ek het vir Jahshua gevra of HY bedoel dat HY werklik in die vlees na ons sal kom voor die dinge begin) en HY het gesê" Julle sal sien, MY kind. EK sal in die vlees na julle kom voor die dinge begin." Ek het vir Vader gesê, Wie is ons dat U na ons moet kom en HY het gesê." Julle is MY uitverkorenes." Wat Ek vir julle sal sê wanneer EK in die vlees na julle sal kom, sal julle uitvind wanneer EK daar kom. Maar Ek sal julle bemoedig vir die stryd wat voorlê en julle sal geen vrees meer hê nie. Daar is vandag baie wat julle wil verhinder om na MY te kom en die satan wil julle verhoed om MY te dien sodat julle broers ook gered kan word. Daarom gooi hy alles in julle pad sodat julle nie geestelik kan groei nie. MY kinders, moenie toelaat dat hy julle van julle krag beroof deurdat daar twis of enigiets dergeliks tussen julle kop uitsteek nie. Wanneer dit gebeur, gaan daar van MY krag van julle af weg en julle moet dan weer van voor af hard werk om daardie krag vanuit MY te verkry. Wanner dit aanhoudend gebeur, sal die satan daarin slaag dat julle nie genoegsaam kan groei voor die stryd kom nie en daarom waarsku EK julle so gereeld en sê EK vir julle om hom tussen julle te verjaag deurdat julle die ware naasteliefde toepas, want dan neem hy die wyk, en julle kan geestelik groei. Dit is die brood wat EK vandag vir julle wil gee sodat julle gevul kan word met MY GEES en EK en julle gelukkig kan wees. Wanneer julle MY brood eet, sal julle ware vegters vir MY word en dit is dan ook die betekenis van dit wat EK vanoggend vir MY kneg gewys het. EK sal al MY liefde op MY kinders uitstort en hulle sal almal gereed wees voor die groot dag aanbreek, al lyk dit vir julle nog of julle 'n vêr pad het om te stap voor julle die eenwording met MY sal kan verkry. Amen.

# Hoofstuk 5

***16 April 2008 07:55***

MY engeleskare staan gereed om elke wens van MY te volbring en hulle kan nie wag dat EK hulle iets van MY liefde moet gee nie. Dit is die diensbaarheid van hulle wat MY liefhet en wat alles vir MY sal doen omdat hulle MY liefhet. MY kinders, EK wil dit van julle ook hê omdat Ek wil hê dat julle alles in MY hande sal oorgee. EK wil hê dat julle alles uit die liefde van julle harte vir MY sal doen en nie omdat julle voel julle móét nie. MY engele kan nie wag om vir MY iets te doen nie en dit is net omdat hulle MY so baie liefhet dat hulle dit wil doen. As julle dieselfde sal doen en net so nederig soos die engele sal wees, sal julle baie vinnig krag van MY ontvang om dinge vir MY te doen. Wat sal daar wees om vir MY te doen? Enigiets wat goed is vir jou naaste. EK sal opdragte gee wat betrekking het op jou naaste omdat jou naaste deel van MY is. Omdat hulle MY deel is, sal dit wees asof jy vir MY iets doen as jy vir jou naaste iets doen. Daarom sê EK so baie dat julle vir mekaar dinge moet doen uit die liefde van julle harte omdat EK in elkeen is en wanneer jy dit dan vir hom of haar doen, doen jy dit eintlik vir MY. Dit moet julle nou vir eens en vir altyd leer sodat julle nie hoogmoedig kan word nie. Wanneer jy jouself verhef bo jou broer of suster, verhef jy jouself bo MY en dan sal dit nie lank vat nie of jy verloor al jou krag wat jy van MY ontvang het. Wanneer jy krag van MY ontvang beteken dit dan dat jy nederig was omdat EK andersins nie vir jou krag sou gegee het nie. Die mense wat voel dat hulle niks vir MY beteken nie is juis die wat deur MY gebruik kan word omdat hulle die ware nederigheid besit. Die ware nederigheid is vanuit MY en daarom sal jy krag van MY ontvang as jy werklik nederig is. EK sal die nederige van hart aansien en die wat nie nederig is nie sal EK nie gebruik nie en daarom moet julle altyd sorg dat julle laag op die grond bly. Wanneer die hoogmoed intree, sal julle agterkom dat julle julle krag vanuit MY verloor en dit moet vir julle ‘n sekere teken wees van hoogmoed. Werp dit van julle af en kom vra MY om hulp sodat EK julle weer kan herstel. EK sal julle weer van voor af opbou in MY sodat julle weer vir MY bruikbaar kan wees.

Wanneer die hoogmoed begin heers in julle, al kan niemand dit sien nie, sal julle liefde vir MY en julle naaste dan ook daaronder ly en dit sal vir jou siel baie skadelik wees. MY kinders, veral julle wat hier by MY herberg is, moet baie mooi daarna oplet dat julle nie hoogmoedig word nie omdat die hoogmoed julle dan nie in staat sal stel om julle broers en susters daar buite te help wanneer die ware tyd van vernietiging aangebreek het nie. Werp al julle sorge op MY en moenie vir iemand anders gaan vra om jou te help met jou probleme nie omdat dit net dalk die ander persoon hoogmoedig kan maak wanneer jy altyd na hom of haar gaan vir raad. EK wil hê dat julle MY self moet kom vra en deur MY skryfknegte of deur MY boeke aan julle sal EK vir julle ‘n antwoord gee. EK sal niemand se opregte vrae aan MY net ignoreer nie en die antwoord sal nie uitbly nie. Daarvan kan julle almal al van getuig. Stuur julle vrae direk na MY in ‘n opregte gebed en EK sal dan MY knegte opdrag gee om jou te antwoord. Wanneer die antwoord so direk vanuit MY knegte se monde kom, sal julle dan ook oortuig kan word van hulle opregtheid met MY en julle sal hulle dan glo wanneer EK deur hulle spreek. Maar onthou dat julle nie vrae aan hulle moet stel nie omdat EK alleen sal weet wat in julle binneste aangaan. MY kinders, leef rein sodat julle woord van MY af kan ontvang en weet dat EK julle gebede sal beantwoord. Julle sal almal MY woord kan hoor in julle harte as julle aanhou om MY daar te soek en dit is ‘n belofte van MY aan julle almal wat na MY soek in die opregtheid en nederigheid van hart.

Amen.

# Hoofstuk 6

***16 April 2008 08:47***

MY hart swel van geluk wanneer EK iemand sien wat opreg na MY soek, en wanneer daardie persoon homself heeltemal aan MY oorgee sodat EK hom kan reinig, is EK baie gelukkig omdat dit beteken dat daar nog iemand nader aan MY kom en wat dan nie meer lank op hom sal laat wag voordat hy op MY skoot kan sit nie. EK wil al MY kinders by MY versamel en daarom is dit vir MY

die grootste geluk as iemand weer sy weg na MY probeer baan. MY kinders is vir MY so baie kosbaar dat EK almal na MY wil trek en elkeen op MY skoot wil vashou. EK het julle almal baie lief en sal alles in MY vermoë doen om julle weer na MY te trek. EK wil hê dat elke mens weer met MY verenig word en dat Ons weer Een moet wees soos wat dit was in die verre verlede. MY kinders, wanneer julle op MY skoot kom sit is julle soos weerlose kindertjies in MY hande en wie kan dan so 'n kleintjie skade aandoen? Wanneer julle julleself heeltemal aan MY oorgee sal EK julle reinig en dit is nie vir julle altyd lekker nie, maar dit is vir julle eie beswil. Daarom sal EK nooit iets aan julle doen wat vir julle sleg is nie, maar EK sal iets doen wat vir julle tot groot voordeel sal wees en daarom moet julle julle aan MY reiniging oorgee, al is dit nie vir julle lekker nie. Wanneer julle gereinig is, kan EK met MY GEES kom en Een met julle word sodat julle alle krag vanuit MY kan kry. MY kinders, wil julle nie soos lewende engele in liggame wees nie? Wanneer julle soos engele is, sal julle julle naaste kan help terwyl julle glad nie nou krag vanuit julleself het nie. MY krag sal julle bystaan en julle sal alles kan doen in MY Naam, maar niks in julle eie naam nie. daarom wil EK hê dat julle julleself weereens aan MY sal oorgee vir die reiniging wat julle almal bitter nodig het. Niemand het nie reiniging nodig nie en julle almal moet julleself aan MY oorgee. Wanneer julle dit doen sal dit baie vinniger verby wees as wanneer julle julle verset daarteen. In die tyd wat gaan kom sal julle krag van MY baie nodig hê en julle sal dan baie spyt wees omdat julle julle nie oorgegee het aan MY reiniging nie en dit sal vir julle baie skadelik wees wanneer julle julleself nie wil laat skoon kom nie. Die satan en sy gesante sal hulle nie oorgee aan MY reiniging nie en daarom bly hulle in die duisternis wat hulle verkies. As julle julle oorgee aan dit sal dit vir julle ook vinnig verby wees maar wanneer julle aanhoudend terugtrek van MY reiniging, sal dit vir julle langer vat om skoon te kom en jy sal dan nie vanuit MY krag kan ontvang nie omdat jou onreinheid dan in die pad is en dit sal alles vir jou belemmer. MY kinders dink daaroor na en kom gee jouself weer aan MY oor sodat dit vinnig kan geskied en dit vir jouself tot voordeel kan wees sodat jy baie krag van MY kan kry. Dit is net iets wat EK weereens aan julle op die hart wou druk. Dit is dan al vir vandag. Amen.

# Hoofstuk 7

***17.03.2008 03:15***

EK sal elkeen wat graag na MY wil kom by die hand vat en hom direk na MY lei. Dit klink vir julle nie reg dat EK elkeen na MY wil lei terwyl EK tog die Een is wat jou by die hand vat nie. Hoe kan EK elkeen by die hand vat en na MY lei terwyl EK tog langs jou staan en die heeltyd by jou is? Kyk na MY. Wat is EK? EK is liefde en wanneer EK iemand na MY lei, lei EK hom dieper in die liefde in. Elkeen wat dus wil, sal dieper in die liefde ingelei word. Weet julle wat dit beteken? Dit beteken dan dat jy meer en meer van MY liefde ontvang en sodoende stelselmatig ‘n nuwe mens word soos wat Ek jou lei, uit die wêreld met sy liefdelose karakter en dieper in MY in, in die liefde in. MY kinders, julle wat hier bymekaar is, is nou al baie vêr op pad na die liefde. Met ander woorde, julle is bereid om alles te los en om MY te volg en daarom word julle al hoe dieper en dieper in die liefde ingelei. Dit beteken dan dat julle meer en meer van MY sal leer en geestelik sal julle baie vinniger groei as die wat nog aan die wêreld vasklou. Die wat nog in die wêreld sit, sal ook groei, maar baie stadiger as julle, wat die wêreld afgelê het en daar buite gelaat het. EK sal egter elkeen by die hand neem wat wil en EK sal sy pas aanneem en die een wat hom aan MY oorgee en MY gehoorsaam wanneer EK roep, sal MY pas aanneem. Dit sal tot gevolg hê dat hy deur MY baie vinniger en makliker by sy bestemming, wat die eenwording is, sal uitkom. In die verlede was daar nog tyd gewees vir iemand om die pas aan te gee, maar vandag so kort voor die stryd, sal dit baie lank vat en so iemand gaan dalk nie gereed wees voor die stryd aanbreek nie.

Gee jou dan liewer oor aan MY pas en kom na MY en jy sal deur MY veilig aangebring word op jou bestemming, die eenwording met MY en jy sal gereed wees vir die stryd wat voorlê. Hoe jy jouself sal oorgee en die bande met die wêreld breek, het EK al by vorige geleenthede gesê en daarom hang dit van elkeen af in hoeverre hy MY woord opgeneem het. EK praat hier met almal wat nog nie is waar hulle moet wees nie. Amen.

# Hoofstuk 8

***17.10.2008 03:45***

Alle keuses wat julle maak sal julle lewe hierna beïnvloed en julle sal of juig oor dit wat julle van MY sal ontvang of julle sal baie hartseer toekyk hoe iemand anders wonderlike dinge vanuit MY hand ontvang. Maar wanneer jy sien hoedat iemand anders wonderlike dinge vanuit MY ontvang, sal jy niemand anders kan blameer as net vir jouself nie. EK laat alle keuses aan elke mens self oor en wanneer jy jou keuse maak beïnvloed dit jou hele lewe en jou lewe hierna. Dit beïnvloed veral jou lewe hierna en die geringste verkeerde besluit sal maak dat jy dinge verloor wat jy kon gewen het van MY. Neem nou maar die voorbeeld van MY dogter wat hier skryf. Toe EK haar wakker gemaak het om hier te kom skryf, het EK aan haar 'n keuse gemaak. EK het vir haar gesê dat sy kan kom skryf of verder slaap maar dat haar keuse baie dinge vir haar sal besluit. Sy het die regte keuse gemaak, al was sy nog lus om te slaap. Die verkeerde keuse sal jou miskien op daardie oomblik nog baat, maar selfs so iets kleins, soos wanneer om op te staan, sal vir jou iets baie groots bring wat jy selfs nie eers nou in 'n aardse liggaam kan verdra nie. Maak daarom die regte keuses en vra MY sodat EK jou kan sê wat die beste is. Die beste keuse is altyd die een wat jou siel tot voordeel sal strek en nie die liggaam nie. Onthou dit altyd. Die liggaam sal altyd die verkeerde keuse maak en jy sal in die hiernamaals baie spyt kry oor die verkeerde keuse, wat wel die liggaam tydelik gebaat het, maar wat die siel baie laat verloor het. Wanneer jy voor n keuse staan moet EK altyd voor oë gehou word en jy moet kyk wat EK sou doen en dit sal dan jou keuse vir die beste beïnvloed. MY kinders wat MY liefhet sal altyd die beste en regte keuse maak. Maak die regte keuse sodat jy geestelik kan groei en vergeet van die liggaam. Wanneer jy reg kies, sal jy geestelik al hoe sterker en sterker word sodat jy alle krag van MY ontvang sodat jy 'n bruikbare werktuig vir MY kan word wat ander kan help. Hoe kan een blinde 'n ander blinde lei? Nee net so min as n blinde 'n ander een kan lei, kan jy jou broer lei terwyl jyself nog geen krag van MY af ontvang het nie. As jy sterk genoeg in MY

geword het sal EK jou alom uitstuur om jou naaste te gaan help, maar nie voor die tyd nie. Maak vandag, op hierdie oomblik jou keuse en onthou wat EK gesê het sodat jy geestelik in MY kan groei voor dit te laat is en die stryd op hande is, want die stryd gaan bitterlik erg wees en net die wat sterk in MY is sal oorleef. Dit sê EK vir almal wat baie graag die regte keuse wil maak. Amen.

# Hoofstuk 9

***18.04.08 05:45***

In MY hande hou EK alles en elke ding wat met julle gebeur laat EK toe sodat julle kan leer en groei in die Gees. Selfs die slegte dinge laat EK toe sodat niemand agter kan raak in sy Geestelike vooruitgang nie. Wanneer daar slegte dinge oor julle pad kom, is dit ‘n geleentheid om julle te leer oor julleself en julle eie ek. As dinge vir jou teveel raak en jy kwaad raak en lelik praat, sal dit vir jou n aanduiding wees van hoe sleg jy gefaal het in jou geestelike groei. Gaan kyk na die wat stil is in hulle harte en wat elke ding wat gebeur vir MY kom gee. Hulle is die wat gegroei het en wat dan krag van MY ontvang het om sterk te wees en nie lelik te raak met die een wat hom te na gekom het nie. MY kinders, julle is heilig vir MY en daarom wil EK nie hê dat julle julleself moet ontheilig met die drek van satan nie. Wanneer jy kwaad raak en vloek of skel of selfs net jou humeur verloor, hou jy jou op met die drek van satan. Keer daarom julle harte heeltemal na MY en luister na MY en julle sal krag van MY ontvang om uit te gaan en MY werk te doen. Dink julle EK kan deur iemand werk wat nie in MY is nie deurdat hy homself vir alles vervies en begin lelik praat met sy naaste? Hoe kan EK iemand gebruik wat nie eers respek het vir sy eie ouers nie. Almal moet respek vir mekaar hê en die een moet die ander dien in MY orde. Ouers moet hulle kinders respekteer met MY liefde, maar die kind moet die ouer ook respekteer en met liefde behandel. EK behandel julle met respek maar sal nie toelaat dat julle MY sonder respek en die nodige eer behandel nie. Wanneer julle dus sonder die nodige respek en eer met of van MY praat, onttrek EK MY en werk EK nie meer deur

julle nie. Dieselfde geld vir die verhouding tussen ouer en kind en wanneer die kind dan so met sy ouers te werk gaan, kan EK ook nie meer deur hom werk nie. EK wil hê dat julle onberispelik wandel en handel en nie sonder respek met mekaar omgaan nie. EN dit geld vir almal, van groot na klein. Selfs die oudstes onder julle moet die jongeres met respek en liefde behandel. Die ware naasteliefde wek respek en daarom sal dit ook vir jou ‘n aanduiding wees van jou liefde vir MY. Wanneer jy nie jou naaste, jou ouers, of jou kind met respek en liefde kan behandel nie, het jy nie jou naaste lief nie en daarmee ook nie vir MY nie. Dan kan jy nie vir MY ‘n ware arbeider wees nie en kan EK jou nie gebruik om die oes van die land af te gaan haal nie. Sorg daarom dat julle julleself deeglik dophou en na julleself met ‘n kritiese oog kyk sodat julle julle eie foute kan raak sien en dit aan MY kan oorgee, sodat EK jou kan verander en jy weer vir MY ‘n arbeider en ‘n kind kan wees wat EK teen MY bors kan vashou. Dit is so en nie anders nie. Amen.

# Hoofstuk 10

***21 April 2008 03:07***

In MY wêreld van liefde is daar net een taal wat gepraat word en dit is die taal van liefde. Die taal van liefde is iets wat oraloor verstaan word en na elke planeet waarheen jy kan gaan, sal mense daardie taal verstaan. Net in die hel word dit nie verstaan nie en die satan baklei baie daarteen omdat hy die teenoorgestelde van liefde is. Daarom word daar ook so teen julle taal baklei omdat EK daardie taal uit MY liefde geskep het en alles waarvoor julle taal staan, moet dan deur die satan aangeval en vernietig word. Dit is dan ook die rede dat julle taal so vertrap en vermorsel word. MY kinders, daar is baie dinge wat julle nie verstaan nie en een daarvan was waarom julle taal so gehaat word deur die res van die wêreld. Julle het maar gedink dat dit oor julle self gaan en omdat dit die taal is wat julle praat, maar EK sê vir julle dat Afrikaans die taal is wat EK SELF vir julle geskep het omdat julle ‘n unieke volkie is en daarom haat almal dit so.

Daar skuil baie meer daaragter as net die haat vir julle. Die haat teenoor MY is die eintlike rede vir die haat van julle taal. Daar is baie mense wat uitkom en sê dat die en daardie woord vanuit ander tale aangeleer is, wat wel die geval is met die nuwerwetse woorde wat julle gebruik, maar die groot woordeskat wat van ouds af gebruik is, is so deur MY vir julle geskep deurdat EK MY kinders gelei het om so te begin praat. Daarom moet julle trots wees op julle taal en nie toelaat dat mense julle taal vertrap nie. In die verlede het hulle julle probeer leer om Engels te praat sodat Afrikaans moes uitsterf, maar EK het dit nie toegelaat nie en nou is die stryd teen julle taal nog steeds aan die gang. Dit is dan ook 'n stryd teen MY omdat satan weet dat dit EK is wat hierdie taal vir julle uitgekies het. Wees daarom versigtig hoe julle julle taal gebruik omdat die bose graag wil hê dat julle dit onsuiwer moet maak en dat dit later selfs op so 'n manier moet uitsterf. EK sê nie dat julle geen woord wat uit 'n ander taal uitkom mag gebruik nie, maar EK waarsku julle net en gee julle net agtergrond oor die rede dat julle taal so verafsku word. Dit is iets waaraan julle nooit gedink het nie, nê! MY kinders, die haat teenoor julle en daardeur ook vir MY is geweldig groot en julle sal nie die omvang daarvan kan verstaan nie, nie voordat julle Een met MY geword het nie. EK het wel MY eie geestelike taal wat nie deur iemand in die vlees aangeleer kan word nie, maar wanneer jy meer en meer in die gees begin wandel, sal jy MY geestelike taal dan ook beter kan verstaan en daarom kan jy nie altyd die dinge wat in die gees met jou gebeur in woorde omsit nie. Julle sal later almal geestelik met mekaar kan kommunikeer sodra julle in die gees so vêr gevorderd is en sodra julle almal Een met MY is. MY kinders, julle is 'n koninklike priesterdom, deur MY uitverkies tot groot dinge en tot die Eenwording met MY en daarom kan en sal die wêreld julle nie uitlos nie. Daarom word julle ook deur die media aangeval en sal hulle julle name beswadder omdat die satan die koning van die wêreld is en hy nie sal toelaat dat die waarheid oor julle uitkom nie. Steur julle egter nie aan dit wat die mense en die media oor julle sê nie, want dit is net MY opinie oor julle wat tel. MY kinders, julle almal sal die Eenwording met MY ondergaan en dan sal die wêreld niks meer van julle kan sê nie omdat julle orals waar julle sal kom, die

waarheid uit sal dra en almal na wie EK julle sal stuur, sal die waarheid oor julle weet. EK sal nie toelaat dat daar kosbare mense verlore gaan net omdat die media en die satan, wat hulle pa is, julle name deur die modder gesleep het nie. Glo daarom nog steeds in MY verlossende krag en bou op MY, julle Rots. Orals op aarde word julle deur die modder gesleep en dink die ander lande dat die boere hierdie slegte mense is wat ander nasies martel en pynig vir hulle eie gewin, maar die ware opregte wat in die ander land sit, sal die waarheid oor julle glo en nie die leun nie. EK sal dit aan elkeen wat ‘n opregte hart het, bekend maak en daarom sal julle nie altyd beswadder word nie. Maar dink maar net aan MY. In die ander lande is daar ook van MY lelike dinge gesê omdat die owerpriesters lelike en valse dinge van MY versprei het, maar nog steeds het daar mense van ander lande na MY gekom omdat hulle MY self wou kom ontmoet. Dit het tot gevolg gehad dat baie van hulle bekeerd geraak het en van MY groot liefde bewus geraak het. Dit sal ook so met julle wees. Die media probeer julle volkie so sleg as moontlik voorstel in die ander lande ook, maar daar is baie mense oorsee wat graag ‘n Boer sal wil ontmoet, omdat daar tog diep in hulle harte waarheid insteek, en daardie waarheid in hulle harte vir hulle sê dat die stories oor julle net versinsels is. Dit is dan daardie mense wat graag hierheen sal wil kom en dit is hulle wat julle daar anderkant sal gaan haal en hierheen bring. Hulle sal dan gewilliglik al hulle eie dinge daar anderkant los sodat hulle julle taal aan sal leer en met julle sal meng. Maar EK het elke volk uniek gemaak en sal hulle daarom nie aanraai om al hulle eie tale af te leer en net julle taal aan te leer nie, hoewel baie dit uit hulle eie sal wil doen. Hulle sal uit respek vir julle en daardeur vir MY, omdat hulle weet dat julle MY uitverkorenes is, hulle eie taal afleer en julle taal aanleer. EK het niks daarteen nie, maar het elkeen lief soos wat hy of sy is en dit maak nie saak watter taal iemand praat nie, hy of sy bly MY kind, al praat hy nie Afrikaans nie. MY kinders julle is vir MY heilig en daarom wil EK hê dat julle heilig moet lewe en julle almal weet hoe. Almal van julle weet hoe lewe ‘n mens heilig sodat julle een met MY kan word. Dit is die belangrikheid op aarde. Geen aardse belange is vir MY belangrik nie. EK kan alles net so vir julle gee wat julle nodig het. Waarom

moet julle duur items hê? Waarom moet julle voortvarend op aardse vlak wees? Wat is dit vir MY om ‘n mens skielik ryk of arm te maak? Daarom moet julle nie in aardse term aan dinge dink nie, maar dink vooruit sodat julle siele daarby baat kan vind. EK alleen kan die geestelike dinge ook aan julle gee en die wat ernstig genoeg is daaroor, sal dit van MY verkry, vry gratis en verniet. Jy hoef jou nie morsdood te werk daarvoor nie, al het jy arbeid aan jou siel nodig. EK is getrou en beloon jou vir die geringste moeite van jou kant af en daarom sal jy sien hoe jy beloon word vir die werk van jou kant af aan jou siel. Wanneer jy aan jou siel werk en EK gee jou ’n beloning, sal jy alles agterlaat vir dit en nooit weer sal jy terugkyk en iets beters begeer nie omdat jy sal besef dat daar niks beters is nie. Daar is niks beters as om MY te dien nie, en dit beteken nie net dat dit die beste is nie, maar ook dat vir die wat al geestlike gawes van MY ontvang het, dit die lekkerste ding is wat nog ooit met jou gebeur het en daarom verkies jy niks meer bo MY nie. Jy sal dan net die heeltyd vir MY wil dien. Self sal jy dan die aardse dinge afsterf en geen belangstelling meer hê behalwe om MY te dien nie. EK sal jou alles word en elke aardse ding sal van jou af wegval en jy sal nie weer ‘n begeerte daarna hê nie. Dit belowe EK jou. Doen net die eerste stap in daardie rigting en verlaat alle aardse dinge vir MY en jy sal sien wat EK bedoel met die wonderlike gevoel wat EK in jou hart sal laat plaasvind. Dit belowe EK vir elke een wat nog twyfel of hy sy aardse dinge moet laat staan en na MY herberg toe moet kom. Die wat hier is, sal MY vir niks ter wêreld verruil nie, al het hulle aardsgesproke niks meer nie. EK het hulle alles geword en so verkies hulle dit. Die wat nie liefde het nie, sal dit nie verstaan nie en daarom spoor EK julle tot liefde aan. Kom tot die liefde, wat EK is, en jy sal ook verstaan. EK sê dit vir julle met die grootste liefde denkbaar, wat vir altyd sal bestaan. Amen

# Hoofstuk 11

***22 April 2008 08:15***

EK sal elkeen wat baie ernstig is oor die Eenwording met MY alles vertel en EK sal elke fout wat hy of sy maak aan hom of haar uitwys sodat daar werk van gemaak kan word. EK wil hê dat julle almal na MY sal kom en MY vra wat nog in julle steek wat nie daar hoort nie omdat EK dit dan sal uitwys op die beste manier wat nodig is, sodat julle aan julleself kan werk en kan sien dat julle nie volmaak is nie. MY kinders, EK belowe die Eewording, maar julle moet ook aan julleself werk sodat julle volmaak kan word omdat EK net met die volmaaktes van hart Een kan word. Nou kan julle met reg sê dat julle nooit uit julleself volmaak kan wees nie en dat dit net EK is wat julle volmaak kan maak. Ja, dit is so, maar daar is iets van julle kant af ook nodig om volmaak te kan word. Net die probeerslag om volmaak te kan wees, is al genoeg vir MY en wanneer EK sien dat iemand werklik probeer om volmaak te wees en homself met 'n kritiese oog bekyk, sal EK kom en daardie persoon te hulp snel omdat EK dan die erns in daardie mens raaksien. EK sal dan kom met reinigingsmiddels en aan daardie persoon wys waar sy foute nog sit. Daarvan kan MY knegte al getuig. EK kom met die grootste liefde en EK roep hulle na MY sodat EK met hulle kan praat en aan hulle hulle ongeregtigheid kan uitwys. Dit is nie ongenadig van MY nie, maar baie regverdig en liefdevol omdat EK julle dan meer en meer volmaak laat word sodat julle al hoe nader en nader aan MY kan kom. Dit sal vir elke een van julle wat werklik ernstig is met MY gegee word omdat EK sien dat julle MY bo alles verkies. EK sal kom in die stilte van die nag of in die besige dag en julle sal MY nie verwag nie omdat EK soos 'n dief in die nag sal kom en julle sal verras. EK sal kom en aan julle julle foute uitwys en dit sal nie vir julle altyd lekker wees om dit agter te kom nie, maar EK doen dit uit liefde en EK doen dit sag sodat jy die minste seer kan kry. MY kinders, dit is vir niemand lekker om sy foute agter te kom nie en wanneer jy dan dink dat jy alreeds ver gevorderd in die gees is, sal dit vir jou 'n aaklige verrassing wees om nog 'n fout agter te kom. Maar wat 'n slegte verrassing sal dit

nie wees as EK met iemand anders Een kan word en jou nog afwys nie? Wil julle dan nie eerder hê dat EK aan julle julle foute moet uitwys sodat die Eewording kan geskied en nie verder uitbly nie? EK verkies om julle julle foute betyds uit te wys sodat julle daaraan kan werk en as EK dan die dag met die eenwording na jou naaste kom, jy nie uitgesluit sal wees en hartseer weg moet draai van MY af nie. Wees daarom verseker dat nie een van julle wat nou hier lees al geskik is om met MY te verenig nie omdat daar nog teveel van julle eie ek in julle steek en ook omdat julle liggame nog te belangrik vir julle is. EK verwag nie van julle om kaal te loop wanneer die wind daarbuite waai nie. Ook verwag EK nie van julle om niks te eet nie, maar verwag van julle om MY bo alles te stel. EK wil hê dat julle MY bo alles sal liefhê en alles sal doen wat EK vir julle sê. Wat Ek wil hê is dat julle julle liggame sal kruisig en wanneer jy weet dat jy nog verknog is aan iets wat vir jou lekker is, moet jy dit uit die liefde van jou hart vir MY, aflê. Dit is wat Ek wil hê. Alles wat jy sal los ter wille van MY, sal jou vry maak van jou liggaam waaraan jy nog so verknog is. Dit moet net uit die liefde vir MY geskied en nie gedwonge nie, anders baat dit jou niks en sal jy daarna terug verlang, al doen jy dit nie meer nie, en dit beteken vir MY niks nie. Lê die dinge waaraan jy vasgeheg is af, deur die liefde vir MY en jy sal Een met MY kan word op ‘n vinnige manier. Dit belowe EK vir julle almal wat na die eenwording met MY smag. Amen

# Hoofstuk 12

***23 April 2008 03:33***

Daar is baie dinge in MY koninkryk waarvan julle nie eers bewus is nie omdat julle nog te swak is om dit te dra en daarom maak EK dit nie aan julle bekend nie. EK praat nie daarvan met julle nie omdat julle dit in die eerste plek nie verstaan nie en ook omdat dit vir julle te swaar sal wees om te dra. Nou, MY kindertjies, sal julle weet dat EK ondeurgrondelik is en dat julle MY nooit ten volle sal verstaan nie. Daarom sal satan probeer om julle te verlei en aan julle dinge te sê wat julle heeltemal deurmekaar krap sodat julle

nie by MY kan uitkom nie en sodat daar verwarring onder julle kan heers. EK wil nie hê dat dit so moet wees nie en wil hê dat julle altyd julle antwoorde by MY alleen sal soek en dat julle nie vir iemand anders ‘n antwoord sal vra nie. Wanneer jy dan iemand anders gaan vra, beteken dit dan dat julle nie in MY alleen vertrou nie en dat julle die woorde van iemand anders baie hoër ag as wat julle MY woord ag. Wanneer EK dan vir jou ‘n antwoord gegee het, moet jy daarby berus en nie daarin twyfel nie. EK sal nooit vir julle lieg nie, maar wanneer EK vir jou iets gesê het, sal Ek nie altyd dieselfde antwoord aan iemand anders gee nie omdat EK dit doelbewus doen sodat jy moet stop en weer daaroor dink en dan sal jy twyfel omdat jy dan nou ‘n ander antwoord van MY ontvang het as die persoon waarna jy gegaan het vir bevestiging. Die twyfel sal dan van jou posvat en jy sal weereens terugkom na MY vir ‘n antwoord en daarom doen EK dit. Wanneer jy dus iets van MY ontvang, glo dit met jou hele hart en dit sal so wees soos wat EK vir jou gesê het. EK weet ook dat julle net swak mense is en sal dan ook baie keer wel vir jou bevestiging by iemand anders gee, maar wanneer EK daaroor besluit, nie wanneer jy uit jou eie uit na iemand gaan vir bevestiging nie. Glo dus MY woorde anders sal EK altyd vir iemand anders ‘n ander antwoord gee as wat jy gekry het. EK is die Groot EK IS en niemand kan met MY speletjies speel nie en wanneer julle dan van mens tot mens gaan en bevestiging vra vir MY antwoorde aan julle, sal EK nie met MY laat speel nie. EK antwoord elkeen na sy vraag aan MY en daarom moet julle glo wat EK julle sê. Kom na MY en MY alleen en glo wat EK vir jou sê omdat EK vir jou lief is en nie sal toelaat dat die verkeerde gedagtes in jou heers nie. Wanneer EK sien dat jy deur ander mense verlei is om die verkeerde dinge te glo, sal EK dit regstel op ‘n baie subtiele manier en jy sal agterkom dat EK alleen die EEN is wat waarheid spreek. EK sal die waarheid altyd die lig laat sien omdat EK waarheid is en die satan die leun is. Hy sal egter nie die voorreg kry om by MY herberg te heers as julle hom nie die voorreg gee nie. As julle glo wat EK julle sê sal hy nie die voorreg kry nie en sal EK altyd daar heers, maar wanneer julle aanhoudende vir hom die vrypas gee om daar te wees, sal hy inkom en van julle gebruik maak om onmin te saai deur

verkeerde instellings en verkeerde gedagtes te saai. Luister daarom baie goed na MY stem en moenie ingee vir die twyfel nie, want hy saai twyfel. Verban alle twyfel in julle harte en julle sal bly leef in MY en daar sal van sy planne niks kom nie. Die grootste plan van satan is om MY uitverkorenes wat daar bymekaar is uitmekaar te jaag weens twyfel en ander dinge wat hy in elkeen se gemoed wil saai. Dit sal vir hom die grootste oorwinning wees as hy MY engele wat weer op pad is na MY uitmekaar kan jaag en onmin kan saai sodat julle nie die Eenwording kan bereik nie en daarom moet julle die hele tyd waak en bid sodat hy nie in sy planne kan slaag nie. EK het aan MY skryfkneg bekend gemaak dat hy op pad is na julle met 'n baie groot aanval en dat sy die hele dag in MY moes bly om dit te verhoed. Vandag sal hy egter nog harder probeer en daarom moet julle almal die hele dag by MY in die gees bly sodat hy nie kan inkom nie. Hou julle gedagtes nie 'n enkele oomblik van MY af weg nie en gesels nie met mekaar oor aardse dinge nie omdat dit hom nader kan lok as hy gesprekke hoor waaraan hy deel kan neem deurdat julle van sy koninkryk praat. Gee alles in MY hande oor en vertrou net op MY omdat hy julle almal haat en omdat julle in baie groot gevaar is om onderdruk te word deur hom en sy makkers. EK sal julle beskerm, maar die grootste aanval nog word op julle beplan en daarom waarsku EK julle nou voor die tyd. Kom almal na MY en EK sal dit ook SELF aan julle beken maak in julle harte sodat julle kan verstaan waarom dit gaan. EK sal nie een van MY kinders laat verlore gaan nie en daarom waarsku EK julle voor die tyd want EK kan niks daaraan doen as julle hom laat inkom nie want die keuse is julle s'n. Maar MY plan van ewighede gelede sal so uitkom soos wat dit deur MY en julle bespreek is en daarom sal julle almal die Eenwording met MY deurgaan sodat julle julle naaste kan gaan help en sodat julle dit kan doen wat EK julle belowe het. Dit sal so geskied soos wat EK van eeue gelede af beplan het en niks sal MY van MY planne laat afsien nie. So, MY kinders, glo onwrikbaar in MY en weet dat EK alleen julle Vader en EL is en dat satan net die vastrapplek kan kry wat julle vir hom gee. Bly vandag in die gees by MY sodat hy julle nie storm kan loop en julle onderstebo hardloop nie. Dit sê EK omdat EK julle wil waarsku vir die aanval wat gaan kom. Amen

# Hoofstuk 13

***25 April 2008***

Julle wat MY wil dien, staan soms verbaas en kyk na die manier waarop julle MY in die verlede gedien het en dan wonder julle waarom julle nie meer dieselfde ywer vir MY het nie. Julle kom agter dat julle vermoeid begin raak en dat julle ywer vir MY daaronder begin ly. Nou wil EK vir julle sê waar die fout lê. Julle is altyd geneig om te dink dat julle nie vir MY hoef te kom vra vir krag en leiding nie omdat julle MY die hele tyd voor oë het. Maar EK wil vir julle sê dat EK net dit gee wat jou siel begeer en dat julle MY baie min kere kom vra vir krag vir julle daaglikse ywer vir MY en dit is daar waar die fout lê. Julle kry ontsettend baie krag van MY en dan dink julle dat dit voldoende is om aan die lewe te bly vir altyd. Dit sal vir altyd hou as julle MY daagliks kom vra vir krag en niemand van julle doen dit so gereeld soos wat jy moet nie. Kom vra MY daagliks vir krag om ywerig te bly vir MY en julle volk sodat julle lig helder kan skyn en dit nie sal verduister nie. Julle glo dat EK dit kan doen, maar tog doen julle dit nie. MY kinders, die rede dat julle elke dag vir MY vir hernude krag moet kom vra is maar net omdat julle al julle kragte opgebruik omdat julle so baie moet stry vir MY. Julle besef nie hoeveel krag julle wel benut om teen die bose staande te kan bly nie en dit gebruik hy dan die oomblik as hy sien dat julle krag in MY verminder het. Die bestryding van die bose vreet julle kragte op as julle nie kort-kort kom vra vir nuwe krag nie en daarom sal julle dan al hoe meer en meer verswak totdat julle later agterkom dat julle net al hoe swakker en swakker word en dat julle ywer vir MY net al hoe meer en meer verdwyn. Daar is die onder julle wat MY altyd vir krag kom vra en dan sterk kan bly, maar die oorgrote meerderheid doen dit nie en dan kom huil julle later bittere trane by MY omdat julle besef dat die fout by julleself lê. Kom vra vir MY krag in julle binneste en weet dat EK dit vir julle sal gee omdat EK graag wil hê dat MY kinders staande in MY sal bly. Weet dat EK die hoogste vir elkeen wil gee wat hy kan verdra en weet ook dat EK elkeen wat MY uit die liefde in sy hart wil dien, so sal seën met die nodige krag om sy naaste te kan dien, al sit hy (die

naaste) nog diep in die verderf. Luister nou na MY, MY kinders julle is uitgekies deur MY om hierdie groot taak op julle skouers te dra en dit met sukses uit te voer en daarom sal EK vir julle die nodige voorsien om dit te kan volbring. EK het elkeen lief, maar kan iemand anders in jou plek kies as jy nie meer die nodige ywer vir MY het nie. EK is almagtig en kan alles doen en het nie ‘n nietige mens nodig om MY werk vir MY te doen nie. EK SELF sal mense gaan red en uithaal sonder dat jy nodig is daarvoor en daarom moet julle by MY kom vra vir krag om ywerig te bly want MY hart word ook seer wanneer EK sien dat iemand se ywer vir MY verdwyn en hy nie kom vra vir nuwe ywer nie. Die wat MY bo alles liefhet sal dit weet en dit herken as die waarheid. Kom vra vir krag, wil EK weer sê en EK wil hê dat julle dit sal onthou omdat dit baie nodig is vir jou daaglikse bestaan en sodat jy staande kan bly teen die bose aanvalle wat op julle gaan verskerp. Amen

# Hoofstuk14

***25 April 2008 04:20***

Waarom twyfel julle in MY? Is dit dalk omdat julle MY nie lief genoeg het nie? Ja, Ek sal julle sê dat dit die geval is en dat julle daaraan moet werk om MY by die dag liewer en liewer te kry. EK wil aan julle alles gee en julle twyfel daaraan omdat julle dink dat julle MY nie werd is nie en dat julle die dinge self uitdink. Dink julle regtig dat julle so ‘n wonderlike verbeelding het? Het EK julle nie geseën met ‘n verbeelding wat vêr te kort skiet vir hierdie soort van dinge nie? Waarom sal jy jouself verbeel dat jy iets van MY ontvang? MY kinders, EK weet dat julle teveel ontsag vir MY het om dinge vir julleself uit te dink en daarom wil EK hê dat julle moet glo wat EK vir julle wys en ook wil EK hê dat julle, julle kinders moet glo wat beweer dat hulle MY kan sien en hoor. Glo dit met julle hele hart en siel want EK wys en gee dit vir julle om julle sterk te maak en dit is ook hoe EK vir julle krag gee vir die dag en om voort te gaan met diens. Wees maar net rustig en vertrou net op MY want EK sal nooit vir julle lieg nie. Kom soek

MY met ‘n opregte hart en wanneer jy dan iets sien, weet dan dat dit EK is wat dit vir jou gegee het uit MY groot liefde vir jou. EK sal met elkeen van julle praat en EK sal elkeen van julle met krag besiel sodat julle kan staande bly teen die bose aanslae en dit is ook hoe EK julle versterk. EK sal niemand van julle om die bos lei deur te glo dat EK vir jou iets gegee het en dan is dit nie EK nie. EK sal dit aan jou duidelik maak en hoe meer jy dan daaroor nadink, hoe meer sal jy besef dat jy dit nie vir jouself kon uitdink nie. Glo net onwrikbaar sodat die satan jou nie kan aanval op grond van jou twyfel nie. Wanneer jy MY met jou hele hart wil dien, sal EK vir jou ook dinge wys wat jy nodig het om te glo en dit sal dan vir alles bewys wat jy nodig het omdat EK dit SELf vir jou sal gee. Jy sal dit direk uit MY hande ontvang omdat EK net liefde is en omdat EK elkeen na MY wil trek en sodoende wil EK julle dinge wys wat jy nodig het vir jou sielsontwikkeling. Jy het dit nodig sodat jy ander kan gaan help en dit is nie noodwendig vir jouself nie. Wanneer jy sterker en sterker in MY gegroei het, sal EK jou meer en meer wys sodat jou krag in MY ook kan vermeerder en jy meer uit MY hand kan ontvang. EK sal elke een wat MY wil dien nooit wegwys nie omdat EK julle almal baie liefhet en die ywer vir MY baie hoog op prys stel. Dit sê EK vir julle met al MY liefde in MY groot vaderhart en wil hê dat julle nou vir eens en vir altyd moet glo dat EK nog altyd wonders kan doen. Glo net en dit sal vir jou ook gebeur. Amen

# Hoofstuk 15

***25 April 2008 04:39***

EK sal MY lig oor elkeen laat skyn wat dit diep in sy hart verlang en elke mens sal kry wat hy graag begeer. Wat jy begeer sal vir jou gegee word en daarom moet jou begeertes altyd rein wees omdat EK jou ook aan jou onreine begeertes sal oorgee. Elke onrein gedagte wat jy in jou hart koester, sal vir jou die dood beteken omdat jy dit dan koester en grootmaak in jou binneste. EK sal elke onrein gedagte wat jy graag wil hê vir jou gee en dan het jy net jouself te blameer as dit sleg gaan met jou. Luister nou

na MY. Moenie dinge in julle harte plaas wat nie daar hoort nie. EK SELF sal vir julle gee wat julle nodig het en julle moenie kom soek vir dinge wat julle nie nou geoorloof is nie omdat net EK die regte tyd en besluit daarvoor ken. EK ken elke mens se gedagtes en begeertes en wanneer jy MY dan bo alles liefhet moet jy dit meet aan MY woorde en ook aan dit wat EK in jou binneste aan jou bekend maak. Niemand kan vir jou sê dat jou gedagtes onrein is behalwe EK nie omdat EK elke gedagte en elke hunkering in jou binneste ken. Gooi elke onreine gedagte dadelik van jouself af weg en kom vra MY wat EK graag wil hê vir jou. EK sal altyd net die beste vir jou gee omdat EK jou baie liefhet en weet dat dit wat jy graag wil hê nie altyd die beste vir jou is nie. EK wil vir elke een net die beste gee en sal dit ook doen as julle MY toelaat om in julle lewens te kom en die besluit vir julle te maak. Dit sal nie altyd maklik vir jou wees nie omdat EK weet dat jy dalk al daardie ding baie liefgekry het, maar weet ook dat alles wat jy weereens vir MY opgegee het, weer aan jou terug gegee sal word omdat EK niks van jou af weg sal vat en jou nie daarvoor sal vergoed nie. Luister net na MY en jy sal altyd gelukkig wees, op die regte tyd. Weet ook dat die regte ding op die regte tyd sal kom en dat julle nie dinge moet aanjaag en ongeduldig na iets anders gryp omdat julle nie meer kan wag nie. As EK die meeste in elke een se lewe is, sal dit nie vir julle moeilik wees om dit te glo en daarmee vol te hou nie. Laat net alles in MY bekwame hande oor en jy sal die gelukkigste mens op aarde wees. Dit sê EK vir almal wat onreine begeertes in hulle harte koester en hulle sal weet met wie EK praat. Amen

## Hoofstuk 16

***29 April 2008 07:09***

In MY skeppingswêreld is daar nog so baie dinge waarvan julle nog nie bewus is nie en EK is tans besig om dit aan julle te openbaar. Een daarvan is dit waaroor julle gister gepraat het en dit is omdat die tyd nou reg is om dit aan julle te openbaar. EK is van ewigheid af en daarom sal daar dinge wees wat ewighede

gelede al bestaan het. Soos MY stad met sy kinders wat ook aan julle geopenbaar is. Dit was ‘n stad soos geen gelyke op aarde nie. daar was dinge in wat julle skaars sal verstaan omdat die mense van daardie tyd dan ook met MY GEES geheers het tot op ‘n punt. Net soos julle vandag, het daar van hulle na MY gesoek en daarom het EK hulle begenadig en was daar selfs van hulle wat heeltemal Een met MY was. Maar ook net soos in vandag se tyd onder julle was daar die wat die aardse dinge begin najaag het en dit was waar die verkeerde dinge begin posvat het en net die wat MY gedien het, het uit die stad getrek na ‘n plek waar hulle MY ongestoord kon dien en soek. EK was hulle dan ook genadig en het daardie mense dan ook gered van ‘n gewisse dood net soos wat EK julle vandag gaan red van ‘n gewisse dood wat op julle sou gewag het as julle MY nie geken en gedien het nie. In daardie dae het die opregtes van hart dan na die buitewyke van die stad gegaan en daar het EK hulle kom haal voordat EK die stad met sy bedorwe inwoners verwoes het. Dit moet vir julle ‘n voorbeeld wees omdat dit net so gaan wees in vandag se tyd. Julle het ook uit die stad gevlug en julle eenkant op MY berg kom vestig, waar EK in julle midde kan wees en net soos in daardie tyd sal EK weer na julle kom en EK sal julle almal te hulp snel sodat net die opregtes van hart sal oorbly. EK sal met julle almal Een word en daardeur sal julle gered word op die tyd wat bestem is vir MY om na julle te kom. In die uur van nood sal julle dan nie meer op julleself aangewese wees, soos die wêreldling nie, maar julle sal deur MY GEES beskerm word en dit oorleef. Selfs as die wêreld om julle sou vergaan, soos wat dit die geval was met die stad Atlantis, sal julle nie vergaan nie, net soos die opregtes van Atlantis wat in daardie uur deur MY gered is en na MY Wysheidshemele gebring is sodat hulle weer na die aarde kon keer om die onverloste, vasgevangde siele te kom red. Ja, dit is wie julle is. Daardie verlostes wat deur MY weggevoer is en opgelei is sodat julle weer en weer na die aarde kon kom vir julle broers en susters wat nog in die verderf sit. Die lig het van julle uitgegaan na julle naaste en vandaar het dit uitgesprei tot daar baie ander ontwaak het. In vorige lewens het julle dieselfde werk gedoen en dit het baie ander gered en dit is dan nou ook weer julle werk vir hierdie tyd. MY Kinders, julle het mekaar al by vorige

lewens geken en het saam met mekaar, net soos vandag, gesit en praat en “nuwe” dinge ontdek, wat julle wel al by ‘n vorige geleentheid bespreek en beleef het. Daarom kan julle met reg sê dat julle mekaar al baie langer ken as waarvan julle bewus is. MY skepping en verlossingsplan het dit so gewerk en, met julle toestemming, het julle weer na die aarde toe gekom vir die hoeveelste keer al. EK sê “met julle toestemming” omdat EK weet dat julle sal verstaan wat EK bedoel en omdat julle weet dat EK niemand dwing nie. EK het julle almal al weer uitverkies om MY werk te kom doen omdat julle elke keer die is wat julleself aan MY kom oorgee vir die werk op aarde. Wees nou nie meer verbaas oor die dinge nie want julle het dit al honderde kere beleef en elke keer is dit vir julle iets nuuts en ook dien dit om julle naasteliefde weer ‘n hupstoot te gee. EK weet ook dat die mens elke keer na iets nuuts smag en elke openbaring van MY kant af is vir julle soos kos en daarom gee Ek so af en toe vir julle ‘n openbaring soos hierdie. Maar weet dat die wete van jou vorige lewe alleen, jou nie sterk genoeg maak om ander te help nie, maar die Eenwording met MY. Die kennis van jou vorige lewe kan jou help om die Eenwording met MY te verkry omdat dit julle moed gee omdat julle besef dat julle alreeds die dinge deurgemaak het en ook omdat julle dan weet dat julle dit weer sal maak. EK gee julle die versekering dat julle dit wel sal maak, maar wees ernstig en nie vol grappies nie. Luister net na MY en doen soos wat EK sê en jy sal dit weer en weer maak tot die Eenwording met MY. Na die Eenwording met MY sal niks meer vir julle duister en geheimsinnig wees nie. EK gee net soveel vir julle as wat julle kan dra en daarom moet julle nie na meer soek en smag nie. Onthou, die Eenwording met MY moet nog steeds die belangrikste en eerste wees vir julle en soos wat EK sien julle gereed is daarvoor, sal EK vir julle nuwe dinge leer. Maar vir eers is dit genoeg hieroor. Amen

# Hoofstuk 17

***29 April 2008 07:41***

Daar sal baie dinge aan julle openbaar gemaak word wanneer julle eers een met MY is omdat baie dinge vir julle nog onverstaanbaar sal wees en julle nie kop of stert daarvan sal kan uitmaak nie. Eers wanneer MY GEES heeltemal van julle besit geneem het, sal baie dinge vir julle verstaanbaar wees. EK het vir MY seun ‘n droom gegee waarin hy die baie water beleef het wat EK op julle sal uitgiet. MY kinders, wanneer julle al daardie strome van seën julle gelyk moes tref, soos in sy droom, sou julle dit nie kon hanteer nie. EK gee net die hoeveelheid wat julle op een slag kan dra. Wees daarom tevrede met die wat EK julle gee omdat meer vir julle siel skade sou bring en julle dalk net die lewe agter kan laat. EK openbaar aan elke een net dit wat vir sy siel tot voordeel strek en daarom praat EK dan ook met baie van julle en kan julle MY al sien. Die wat kan, kan MY aangesig al sien soos wat EK MYSELF aan hom of haar openbaar, maar die wat nog nie MY aangesig kan sien nie, is nog nie gereed daarvoor nie en sal dit eers kan sien wanneer EK dit goed dink. Luister na MY woorde wat Ek vir die gee wat MY alreeds kan hoor en luister na die leringe wat EK daardeur gee, maar kom soek MY self ook sodat Ek ook jou geestesoog kan open en jy ook openbaringe van MY kan ontvang wat net op jou van toepassing is. EK ken elke een se hart en wil met elkeen praat, maar die wat nog nie MY stem kan hoor nie, is nie geestelik agter die ander nie. Dit is nie noodwendig die rede dat julle MY nie kan sien nie. Dit is omdat net EK die antwoord ken en wanneer EK dan aan daardie mens sy innerlike sal open en MYSELF aan hom of haar sal openbaar, kan dit dalk net wees dat daardie een wat laaste na MY kon kyk en MY stem laaste kon hoor, baie verder gevorderd in die gees is as wat die ander en ook hyself gedink het. So, moenie dink dat die een wat nog doof en blind is, baie ver agter jou of die volgende een staan wat MY al kan hoor nie. Gaan bid eerder vir daardie een sodat MY stem in elke een se hart kan weerklink en dit vir hom of haar ook vreugde kan verskaf soos vir jou. MY kinders, julle almal is deur MY uitverkies en daarom is

daar nie een wat beter is as die ander een nie. Elke mens is vir MY mooi omdat EK dit in daardie persoon sien wat ander nie in hom of haar sien nie. net EK ken elke een se hart en baie keer sal julle iemand so kyk en dink dat hy of sy nou dit of dat dink en baie maal lyk iemand vir julle glad nie soos wat hy praat nie. Julle sing baie keer “vreugde in die hart” en iemand lyk so sonder vreugde, maar diep in sy hart heers die grootste vreugde en daarom moet julle nooit iemand op sy voorkoms oordeel nie. Kom gee alles in jou hart net vir MY en EK sal weet of jy opreg is, al lyk dit nie so vir iemand anders nie. EK sal jou hart oordeel en nie jou uiterlike nie en daarom is EK ook die enigste wat die ware jy ken. EK sal dit openbaar aan wie EK wil en ook kan niemand vir MY kinders, wat MY stem kan hoor, lieg nie, maar omdat hulle die naasteliefde in hulle het, bly hulle maar dikwels stil en dra maar die leun wat jy nou net na hulle gegooi het aan MY op. Moenie bekommerd wees oor die wat MY plek verlaat het nie aangesien hulle is waar hulle wil wees en EK hulle ook nog steeds sal beskerm teen die vyande daarbuite. Hulle het die verkeerde keuse gemaak en sal ook die prys daarvoor moet betaal, maar EK wil hê dat julle net op MY moet fokus en van hulle vergeet omdat julle julleself negatief maak wanneer julle aan hulle en hulle negatiewe houding dink. Dink aan MY en streef net die Eenwording met MY na sodat julle die Eenwording kan verkry want julle sal hulle moet gaan haal, aangesien hulle nie die eenwording met MY sal verkry daar waar hulle nou is nie. Bid net vir hulle wat in die sonde verval het en dra hulle aan MY op en verder hoef julle niks aan hulle te doen nie, omdat EK in beheer is en hulle met ‘n rede tussen julle uitgehaal het. Wees daarvan verseker dat MY herberg sal bestaan en dat dit die enigste plek in die hele heelal is waar EK in julle midde sal rondloop omdat julle alle vuil van julle af weg gewerp het. Aan die van julle wat nog in MY herberg sit en sonde doen wil EK dan ook net sê dat EK nie met MY sal laat speel nie en as jy nie wil hoor nie, sal EK jou ook tussen MY opregte kinders uithaal en net die wat werklik ernstig is, sal dan oorbly. Dit is harde woorde, maar ter wille van die wat net die Eenwording met MY nastreef, sal EK dit doen omdat hulle MY met opregte harte gesoek het en nog steeds alles opgee vir MY. Amen

# Hoofstuk 18

***1 Mei 2008 08:10***

MY Vaderhart swel van liefde wanneer EK sien hoe julle mekaar in ware liefde begroet en as EK sien iemand dien waarlik waar sy naaste, is dit vir MY ‘n riem onder die hart. EK, as julle Vader wil hê dat elkeen mekaar met die ware naasteliefde en broederliefde liefhê en daarom sê EK dat dit vir MY mooi is. MY kinders, EK sien in elkeen se hart en weet wanneer elkeen baie liefde vir sy naaste voel, al wys hy dit nie met gebare van liefde of liefdesbetuigings nie. Wanneer iemand iemand anders liefhet, sal hy vir hom enige iets doen en dit sien EK onder sekeres van julle baie goed. Julle sal enige iets vir die ander een doen, al sê jy nie met woorde vir daardie persoon dat jy hom baie liefhet nie. Dit is ook reg en goed in MY oë aangesien EK net die ware liefde in elkeen se hart bekyk. EK kyk nie na niksseggende dade wat nie uit liefde vir mekaar gedoen word nie. Baie keer doen iemand nie iets vir iemand anders nie, want daar is dalk nie nou iets om vir hom te doen nie, maar die liefde wat dan in daardie persoon se hart is, is genoeg om berge te versit. Moenie met jou liefde te koop loop nie omdat dit dan later goedkoop kan word, maar kyk eers mooi en doen wat jy graag wil doen vir iemand, uit die ware liefde. Moenie kruiperig wees om iemand van jou liefde te probeer oortuig nie, want dan wek jy weer iets by die ander persoon wat nie goed is nie. Wys jou liefde vir elkeen op die regte wyse omdat dit dan ware liefde is en nie aangeplakte gunsies is wat jy dan vir iemand anders doen nie. Julle weet waarvan EK praat en daarom sal EK nie nou meer verder hieroor uit wy nie, maar EK sal julle meer van MY liefde vir julle vertel. MY liefde vir julle is so groot dat julle dit nie sal kan verdra wanneer EK alles op een slag op julle sal uitgiet nie. Dit sal julle die dood kos en dit sal vir julle siele niks werd wees nie. Dit sal net teweegbring dat EK MY kinders kwyt is en dat julle MY dan nie sal kan dien en liefhê soos wat EK graag wil hê julle moet, uit vrye wil nie. MY liefde word met mate oor julle uitgegiet sodat julle nog steeds kan leef en daarin gedy. MY liefde is vir elkeen van julle wat nou hier lees of wie dit aanhoor. MY liefde vir julle is MY grootste bron van

geluk en daarom wil EK dit vir elkeen van julle ook gee. Konsentreer op die liefde in julle harte vir MY en dan vir julle naaste. Wanneer jy MY werklik liefhet, sal jy voel hoe jy die mens hier by jou met MY liefde liefkry. Gee dan vir daardie persoon van die oorvloedige liefde in jou binneste op 'n mooi en betaamlike manier en doen vir hom iets spesiaal omdat jou hart van liefde vir hom of haar swel. EK is net liefde en wanneer julle voel dat julle omgekrap is, moet julle weet dat die satan julle weer probeer aanval. Die enigste wyse om weer vrede te kry, is dan om elke negatiewe gedagte uit julle binneste te ban en MY om liefde en vrede te vra. Konsentreer op MY liefde en alles wat julle van MY weet wanneer die aanslag van die satan op sy felste is en moenie ingee vir die aanslag wat net twis en ongelukkigheid sal wek nie. Wanneer jy sien of vermoed iemand doen iets verkeerd, kom na MY en MY alleen want net EK ken die ware feite en net EK weet wat agter alles skuil. Dikwels lyk dit vir jou of iets nie reg is nie en dan gaan praat jy met iemand anders daaroor wat dan die gevolg het dat daar 'n groot ding ontstaan. Dikwels is dit nie eers soos wat dit vir jou gelyk het nie en dan kom onskuldige persone in die moeilikheid. Om dit te vermy en om te vermy dat MY liefde tussen julle verminder omdat julle met mekaar baklei, moet julle nie bymekaar oor mekaar kom praat nie. EK SELF sal alle ongeregtigheid tussen julle verwyder soos wat EK dit in die verlede gedoen het. EK sal almal wat nie saam wil werk aan die Eenheid met MY nie, uit julle midde uithaal en julle sal dan ongestoord die eenheid met MY kan soek. Wees daarom nie gou om iemand anders, by iemand anders te kom bespreek nie, omdat EK alles weet en EK alles sal uitsorteer en jy nie jouself besoedel met skinderpraatjies wat dalk nie die waarheid kan wees nie. MY liefde moet ten alle tye by julle heers en daarom moet julle nie ingee vir al die negatiwiteit wat satan voor julle voete in wil gooi nie. Luister net na MY en julle sal nooit voel of julle niks bereik in MY nie. EK sal vir elke een sy loon gee en dit wat jy nodig het vir jou siele groei, sal jy van MY ontvang, maar dan moet jy jou kant ook bring omdat jy jouself benadeel wanneer jy vir die bose en sy praatjies ingee.

Luister nou, MY kinders! Amen

# Hoofstuk 19

***1 Mei 2008 08:33***

Wy jou tyd aan MY en MY alleen. Dit beteken nie dat jy nie aardse dinge mag doen nie, maar dit beteken dat jy jou gedagtes net die hele tyd op MY moet rig. EK sal vir alles sorg en wanneer jy dan besig is met gedagtes oor MY, sal dit vir jou baie krag gee. Gedagtes is krag en wanneer jy jouself oorgee aan gedagtes oor MY, wek jy vir jouself krag in MY op. Dit beteken dat jy dan vinniger in die gees groei en dat jy dan meer en meer van MY kan bevat en dra. Wanneer EK sien dat iemand se gedagtes net op MY gerig is, sal EK dan begin om daardie persoon meer en meer van MY te gee en meer aan hom openbaar. Dit is wat julle vir MY moet doen vandag. Gaan doen jou aardse werk met MY as jou hoofgedagte en wy jou hele dag net aan MY. Wanneer jy so te werk gaan, sal jy agterkom hoedat jou liefde vir MY ook al hoe meer en meer word. Dit is ook ‘n belofte aan julle, MY kinders wat MY so baie nodig het. MY gedagtes is dan ook lig en as julle lig wil wees in julle gemoedere, moet julle die hele tyd aan MY dink en aan MY wy. EK is die Lig en die waarheid en niks sal dan in kan kom en jou gedagtes besoedel nie want EK sal MY Lig in jou hart werp en alle negatiewe dinge sal dan ook uit jou binneste wyk. Die satan sal dan oombliklik herken word as hy nader kom omdat hy duisternis is en julle sal kan bly staan sonder om te val. Daarom maan EK julle om net aan MY te dink. Doen julle aardse dinge met MY as julle hoofgedagte en alles sal vir julle reg wees. Julle liefde vir MY sal dan by die dag groei en groei tot julle MY ook kan sien soos wat MY ander kinders MY kan sien. Dit beteken nie dat hulle julle al vêr voor is nie, maar hulle siele was net gereed om ‘n openbaring van MY af, te kan ontvang. Wanneer jy dan die hele dag so aan MY dink, sal jou siel ook gereed wees om iets van MY te ontvang en daarom is dit baie noodsaaklik vir elke liewe mens om die hele dag aan MY te wy. Elke dag, en nie net wanneer julle in afsondering gaan nie. EK sal elke een wat sy gedagtes die hele tyd by MY hou, seën met oorvloedige liefde vir MY, en ook vir sy naaste en dit sal die lewe en liefde tussen mekaar tot gevolg hê. Laat MY ”herlewe” in

julle gedagtes en julle sal die lig sien skyn wat vrede en gemoedsrus vir julle sal gee. MY vrede gaan alle verstand te bowe en niks kan daardie vrede aantas as jy net aan MY dink nie. Wees sterk in MY en EK sal julle deur alles lei sodat julle die Eenwording met MY kan verkry. Dit is tog waarna julle almal smag, nie waar nie? As julle dan wel daarna smag, moet julle dit dan ook toepas soos wat EK aan julle bekend gemaak het en julle sal sien hoe alles vir julle niks word en hoe EK vir julle alles word. Pas dit vandag toe en julle sal sien hoedat EK julle sal seën met MY liefde en openbaringe aan elkeen persoonlik. Amen

# Hoofstuk 20

***3 Mei 2008 09:20***

EK alleen weet wie vir MY lief is en daarom weet EK presies hoe om met elkeen te werk. Julle dink dikwels dat almal maar dieselfde in die binnekant is en dan dink julle dat dit wat vir julle goed was dan nou ook vir die volgende persoon goed sal wees, maar dit is nie so nie en daarom moet julle glo as EK julle dinge op verskillende wyses wys. EK sal iets aan iemand wys en dan dieselfde ding aan iemand anders op 'n heel ander manier aan hom bekend maak. Daarom moet julle nie ook net sekeres glo nie, want almal kry hulle boodskappe van MY en sien die dinge wat EK aan julle uitwys, maar op verskillende maniere of wyses. Glo daarom MY kinders wat die dinge om hulle waarneem en dit dan aan julle kom vertel. Elke een is kosbaar in MY oë en sal nie beter wees as die volgende een langs hom of haar nie. EK het elkeen so baie lief dat Ek vir julle almal gesterf het en nie net vir sekeres onder julle nie. Dink aan mekaar met die liefde wat EK vir julle het en julle sal verstaan waarom EK die ander persoon wat hier voor jou staan ook liefhet met dieselfde liefde as vir jou. Niemand is meer spesiaal as die ander een nie en dit moet julle nou onthou en nie dink dat jy meer spesiaal as die ander een is nie. EK weet dat sommiges van julle spesiaal voel en dit is hoe EK dit aan jou tuisbring omdat jy MY bo alles liefhet, maar jy is spesiaal vir MY omdat jy jy is. Verstaan julle wat EK probeer sê?

Elke een is vir MY spesiaal en elke een is pragtig in MY oë en niemand is vir MY lelik nie. Elke mens wat EK geskape het, al doen hy sonde, is vir MY mooi. Dit is die sonde en die bose in hom of haar wat lelik is en nie die mens of siel nie. Elke siel kom uit MY en daarom sal dit mooi wees omdat EK niks wat lelik is skep nie. Selfs elke plant en dier is vir MY mooi op sy eie manier en EK sien die rede in vir daardie spesifieke plant of dier se bestaan en daarom moet julle nie neerkyk op sekere dinge nie. As dit nie was vir die "lelike" plant of dier nie, sou daar siele gewees het wat nie verder ryp kon word om die Eenwording of kindskap van MY te verkry nie en dit sou dan 'n blokkasie veroorsaak het. Die siel van elke mens het mooi in hom omdat dit uit MY kom, maar ongelukkig kan julle self die kant van die bose ook kies as julle wil en die bose maak dan die mens of siel lelik. Dink daaroor na wanneer julle weer iemand sien waarvan julle nie hou nie en hou dit ingedagte dat dit die slegte demone is wat hom of haar onaanvaarbaar vir jou maak. Omdat jy MY GEES in jou het, sal dit vir jou moeilik wees om van almal te hou omdat jy die boosheid in iemand anders sal raaksien en die boosheid dan daardie persoon se ware persoonlikheid sal verberg vir jou aangesig. Jy sal dan nie van die mens hou nie omdat jy dink dat die boosheid in hom, sy geaardheid is, wat natuurlik baie vêr van die waarheid is. Daardie mens word ook ongelukkig dan soos die boosheid in hom en al die mooi val dan weg en net EK kan dan die bietjie mooi wat nog in daardie mens skuil, raaksien. Maar gelukkig het EK baie geduld en ken EK elke mens en weet EK wanneer elke een sal regkom en MY liefkry en daarom moet julle ook niemand oordeel nie, want die dooies waarvan julle praat, het dalk ook al lankal hulle weg na MY gevind en beskerm julle dalk al as engele van MY. Luister net na jou hart en jy sal sien dat EK jou aanspreek wanneer jy iets lelik van iemand anders wil sê of dink. Gooi nou alle lelike gedagtes van jou af weg en volg MY en werp alles op MY skouers en EK sal elke las vir jou dra sodat dit van jou skouers af kom omdat jy net 'n swak mens is wat niks kan dra nie. Ek sal alles vir jou dra en wanneer jy daaroor bekommerd is, verleng jy net die tyd dat jy by MY kan uitkom. Bekommernisse is nie van MY nie omdat EK oor alles rustig is en niks MY van julle af kan laat sien nie. MY lieflingkinders, EK is tans besig om

baie intensief met MY voorloper te werk en daarom wil EK weereens vir julle sê om hom baie aan MY op te dra. Daar is nog ander faktore wat maak dat hy nie kan uitgaan nie en EK wil hê dat julle MY moet kom vra wat dit is sodat EK vir julle die antwoord kan gee. Gee dit dan ook in MY hande oor en moenie bekommerd wees oor die tyd nie want alles is nog steeds in MY hande. Ook die tyd van die voorloper. Hy is al gereed om vir MY te begin werk, maar die ander dinge hou hom terug en veral die vroulike kant van julle, MY kinders is die grootste rede vir sy terughouding. EK sal elke een wat hieroor wonder SELF antwoord en julle kan dan met mekaar daaroor praat as julle dit nodig ag. EK sal julle raad gee oor wat om te doen sodat hy kan uitgaan en vir MY, en ook vir julle, kan gaan werk. MY voorloper sal MY dien met sy hele hart en niks sal hom dan terughou nie en elke ding wat hy vir MY sal doen, sal vir hom die grootste plesier verskaf omdat sy liefde vir MY baie groot is en niks hom sal kan stuit nie. Vertrou net op MY en EK sal die dinge vir julle rig . EK sal hom regkry sodra julle gereed is en dan sal alles in julle land ook begin. Maar laat elkeen van julle aan julleself werk en dit aan MY oorgee wat moet gebeur en alles sal reg wees, soos wat EK dit beplan het eeue gelede. Luister nou MY kindertjies en glo elke woord wat hier staan want dit is EK wat hier spreek. Amen

# Hoofstuk 21

***4 Mei 2008 07:57***

Julle is nie sterk genoeg om MY in die vlees te sien en met MY op so ‘n manier te kan kommunikeer nie en daarom maak EK julle geestesoë oop sodat julle MY so kan sien. MY kinders, EK is tans besig om aan party van julle te verskyn in ‘n gedaante wat julle nie ken nie en julle weet nie eers dit is EK nie omdat EK dit nog nie aan julle sal bekend maak voordat dit die regte tyd is nie. Wanneer dit die regte tyd is, sal EK dit aan julle sê en julle sal dan baie bly wees, maar tegelykertyd teleurgesteld omdat julle MY nie om die hals geval het nie. Maar troos julle daaraan dat dit nie is wat EK wou gehad het nie, maar dat Ek julle net op so ‘n

manier versterk sodat EK na julle almal kan kom in die vlees. Wees MY te wagte en weet ook dat EK nie MY beloftes aan julle net in die wind sal laat waai, onvervuld nie. EK sal kom, na elke een van julle en julle sal MY liefhê en MY bemin soos wat EK dit graag wil hê. Julle almal gaan nou deur ‘n krisis tyd omdat EK besig is om julle almal gereed te kry vir die geestelike wedergeboorte sodat julle Een met MY kan wees voor die stryd aanbreek. Julle moet bly wees vir elke krisis waardeur EK julle sit omdat dit julle net versterk en julle sodoende nader aan MY bring. Daarom moes al MYNE wat by MY kruisiging teenwoordig was, dit ook sien en so ervaar sodat dit hulle sterk kon maak om MY GEES wat EK oor hulle uitgegiet het, te kon verdra. Na MY kruisiging, het hulle almal in verskillende rigtings gespat en elkeen het sy hart uit gaan huil waar hy privaat kon wees en daar het EK ook met elkeen gepraat soos wat EK vandag met van julle praat. Dit het hulle darem gehelp en versterk, maar die ergste het nog voorgelê. Die ergste was vir hulle toe EK aan hulle verskyn het, na MY opstanding en hulle net aan MY wou raak en saam met MY wou gaan en EK hulle moes weier. Dit het hulle amper heeltemal gebreek en hulle was heeltemal ontdoen van enige wil wat nog in hulle oorgebly het. Dit was wat EK graag aan hulle wou doen sodat hulle dan MY GEES in al SY volheid kon verdra. Daarom sal dit vir julle dieselfde wees en EK sal aan elke mens so iets doen as hy regtig erns het met MY en graag Een met MY wil wees. EK sal dit oor elkeen bring, nie omdat EK julle nie liefhet nie, maar omdat EK julle so baie liefhet en graag wil hê dat julle weer met MY moet verenig en dit is die enigste manier om dit te doen. Julle is aan die einde van tye en julle het MY GEES binne julle baie nodig om vir MY die stryd te stry en sodoende baie mense na MY te lok en hulle so te red, en die beste manier om dit vir MY te kan doen, is om heeltemal Een met MY te wees. Dit het dan tot gevolg dat EK alles aan julle moet doen wat nie vir julle lekker is nie en wat julle harte partykeer baie seermaak. Gaan die weg van selfverloëning vir MY en julle sal sien hoe EK julle deur alles dra en selfs deur die donker nag waardeur elke een van julle vir MY moet stap, sal EK julle dra. Daar is ‘n paar van julle wat MY kruisiging deurgemaak het in die gees, maar EK wil nou vir elkeen ook sy eie kruisiging bewerk sodat EK kan kom

en Een met hom of haar word. Die kruisiging waarvan EK praat sal vir julle baie traumaties wees omdat EK julle dan op ‘n oomblik geheel en al sal verlaat, net soos wat MY Vader MY verlaat het. Maar wees getroos, dit sal net vir ‘n oomblik wees en nie so lank dat jy daarvan sal sterf nie. EK het dit gister met een van MY knegte gedoen en dit was vir haar baie swaar. Later die nag het sy haar kruising tegemoet gegaan en EK het haar gekruisig deurdat EK haar van alles ontneem het wat nog daar in haar was en wat nie daar moes wees nie. Dit sal elke een van julle ook deurgaan. Die groot vrees en angs wat daarmee gepaard gaan doen alles vir julle en dit reinig julle vir die laaste maal sodat dinge daarna vir julle baie vinniger en makliker sal kom. Gaan dit tegemoet met ope arms sodat dit verby kan kom en julle sal alles verstaan wat EK nou net hier vir julle vertel het. Dít, MY kinders, sal die laaste reiniging vir elke een wees en dan sal hy of sy geskik wees om met MY Een te wees. Dit is nog ’n belofte van MY aan julle. Kyk uit daarvoor en wees MY te wagte want EK kom! Amen

# Hoofstuk 22

***5 Mei 2008 19:29***

Die liefde wat julle vir MY het is vir MY mooi, maar tog wil EK julle maan om gedurigdeur aan julle liefde vir MY te werk. Julle is geneig om afgestomp te raak omdat aardse dinge julle besig hou en julle aandag dan van MY afgelei word. Konsentreer dag vir dag op julle groeiende liefde vir MY en julle sal sien hoedat EK julle seën met MY liefde vir julle. Voor julle weet wat aangaan, sal julle reg vir die wedergeboorte wees en sal EK na julle kan kom. Maar voor daardie tyd aanbreek, moet julle net op MY konsentreer en alles vir MY gee. Gee elke liewe vesel in jou liggaam vir MY sodat EK dit kan vul met MY GEES en jy gereed kan wees vir dit wat voorlê. EK sal elkeen sterk maak vir die werk wat hy vir MY het en niemand sal net so deur MY gelaat word nie. Vra MY om jou reg te kry en jy sal sien dat daar dinge in jou liggaam en siel gebeur. EK kan alles doen en sal niemand net so

los nie. MY kinders, julle wonder waarom dinge so stadig gaan en waarom daar van julle is wat weg gaan en nie weer wil terugkom nie, maar EK sal vir julle sê waarom. Dit is omdat die nodige erns met MY en die nodige liefde vir MY ontbreek. Daarmee wil EK nie sê dat hulle wat weggegaan het, MY nie liefhet nie. Nee, hulle het MY lief, maar die liefde wat hulle het vermeerder hulle nie. Hulle stagneer in die gevoel wat hulle vir MY het, maar werk nie daaraan om hulleself kleiner en M groter te maak nie. hulle werk aan hulleself op maniere wat hulle liefde vir MY nie vergroot nie. Dit is die ware probleem met hulle. MY kinders, gaan sit sit en konsentreer net op MY. Konsentreer op alles wat jy van MY weet en alles wat jy van MY wil weet en jy sal sien hoedat EK jou met alles help. EK sal die liefde wat jy vir MY het vergroot totdat jy dit nie meer in ‘n aardse liggaam kan verdra nie, en dan sal EK kom met die eenwording wat nie veel meer langer kan uitbly nie. Kom sit op MY skoot gedurig en moenie net vrae vra nie. Kom sê MY dat jy MY liefhet en dat niemand vir jou so belangrik is nie. Kom sê net vir MY hoe lief jy MY het en jy sal sien hoe EK jou met MY liefde vervul. Jy sal dán eers geestelik begin groei omdat EK liefde is en jy dan met MY gemeenskap het omdat jy dan ook liefde aan MY openbaar. Liefde vir MY kom heel eerste en daarna sál die liefde vir die naaste volg omdat EK dit vir jou gee. EK het mos gesê dat jy MY net moet liefhê en dat EK dan alles vir jou sal byvoeg. Dit behels ook die naasteliefde. Dit beteken nou nie dat julle mekaar maar sleg kan behandel en net vir MY later om sê dat jy MY liefhet sodat EK jou moet verander nie. Nee, dit beteken dat, as jy MY bo alles liefhet, jy jou naaste dan uit jou eie uit sal begin liefhê en dat jy simpatie sal hê met almal wat minder as jy het of met iemand anders wat swaarkry. Jy sal ook agterkom dat jy wel ook vir die wat meer het as jy iets in jou binneste voel. Ook sal jy nie meer kwaad word vir jou broer of selfs die vreemdeling wat jou paadjie kruis nie. Dit is nie uit jou eie uit dat jy so geword het nie, maar weens die liefde wat jy vir MY begin koester het. Werk aan jouself deur aan jou liefde vir MY te werk en jy sal die verandering in jouself sien. EK belowe nie iets wat EK nie kan nakom nie, maar baie belowende dinge beloof EK julle. Dinge wat tot uiting kom wanneer julle MY bo alles liefhet. Daarom moet julle weet dat dit nog steeds die

belangrikste is en nie die ontvang van groot woorde of belangrike openbaringe nie. Vir MY, wat julle Vader is, is dit die heel belangrikste as EK net met jou wat MY kind is, kan praat en gemeenskap het met liefde tussen Ons twee. Gaan nou en kom betuig net jou groot liefde vir MY en jy sal sien hoe vinnig die Eenwording met MY vir jou sal kom. Dit is ook ‘n baie “belowende” belofte van MY, aan julle, MY kinders. Amen.

# Hoofstuk 23

***23 Mei 2008 08:39***

Baie keer in die verlede het EK al aan julle gesê dat daar sekere dinge sal gebeur en volgens julle het dit dan nooit gebeur nie. Nou wil EK vandag aan julle iets heel nuuts bekend maak daaromtrent. Wanneer julle net in MY glo soos kinders, sal dinge altyd vir julle so uitwerk soos wat EK al aan julle gesê het. Kinders glo onwrikbaar en daarom is dit vir ‘n ouer so moeilik om nie hulle beloftes aan hulle kinders na te kom nie. Dit is ook so met MY. Hier en daar is iemand wat onwrikbaar en met die grootste vreugde en opgewondenheid in MY geglo het en vir daardie persoon het dinge dan net so uitgewerk soos wat EK gesê het. Nou is daar dan ook die onder julle wat onwrikbaar geglo het en niks het gebeur nie. Hoekom het daar dan niks gebeur nie? Dit is net uit julle oogpunt so gesien en daarom wil EK al vandag aan julle iets vertel wat julle nie geweet het nie. Wanneer EK beloftes maak, gebeur dit net so soos wat EK gesê het, maar in der waarheid is julle te blind om dit te sien. Glo net en julle sal dinge om julle sien gebeur. Soos byvoorbeeld die eenwording. Daar is al baie van julle wat meer en meer een met MY geword het op die dag dat EK dit vir julle gesê het en julle sien dit nie in julle eie siele raak nie en daarom dink julle dat niks gebeur het nie. Glo net dat daar wel iets met julle siele gebeur het. Wanneer EK sê dat jy een met MY geword het beteken dit nog lank nie die wedergeboorte nie, maar dit beteken net dat daar meer van jouself verdwyn het om plek te maak vir MY en dat EK daardie plek met MY GEES gevul het. Byvoorbeeld iemand

wat daardie dag homself verloën het op ‘n sekere wyse. EK het mos geweet dat daardie betrokke persoon op daardie dag iets van homself sal prysgee en dat hy homself in naasteliefde sal vergeet. Wat gebeur dan met so iemand se siel? HY verloor iets van homself of hy gee iets van homself vrywillig af en so bereik hy ‘n punt dat EK MY met hom op daardie gebied kan verenig. EK het dit voor die tyd geweet en daarom sê EK aan hom dat hy op daardie dag met MY een sal word. Daar gebeur dan iets en hy vergeet van homself en EK kan dan binnetree en daardie klein stukkie met MY GEES vul. Dan het hy mos op daardie dag met MY een geword. Daar is dan ‘n klein stukkie in daardie mens wat heeltemal een is met MY. Glo net wat EK vir julle sê. MY dissipels het MY ook baie keer misverstaan en was baie ongelukkig met MY oor sekere dinge wat hulle nie verstaan het nie. Maar op die ou einde het hulle tog verstaan en was diep gekrenk oor hulle eie verkeerde optrede. Wanneer EK dan ook sê dat Elia sal uitgaan, bedoel EK dit en dit is vir julle gesê ook om julle geloof te toets. EK moet julle toets sodat julle liefde vir MY deur die brandoond moet gaan. Hoe kan ‘n getroude paartjie se liefde vir mekaar getoets word? Deurdat hulle gelukkig altyd saam op ‘n plek bly waar daar niemand anders is wat tussenbeide kan tree en hulle liefde aan mekaar op die proef kan stel nie? Nee, dit is nie hoe hulle aan mekaar trou bewys nie, daar moet ander mense wees wat hulle op die proef stel sodat hulle kan leer om mekaar te vertrou en sodoende sal hulle liefde vir mekaar dan ook groter en groter word. Net so is dit met MY en julle. Julle is MY bruid en EK is die bruidegom en daarom is dit ook noodsaaklik dat die bruid getoets moet word en die bruidegom wil graag sien dat hy met ‘n bruidjie trou wat HOM opreg liefhet maak nie saak wat nie. Onthou dit wanneer julle weer moedeloos word en gaan doen ondersoek en kyk of die fout nie dalk by jouself lê nie, want die fout lê dikwels by julleself en nie by MY nie. EK is julle Alfa en Omega en julle sal dit binnekort met meer oortuiging glo omdat EK na julle sal kom op die manier wat julle verstaan. Gaan nou die dag met nuwe vreugde in omdat EK nooit MY beloftes aan julle net sommer sal vergeet nie. En dit is weereens ‘n belofte van MY aan julle almal. Amen

# Hoofstuk 24

***23 Mei 2008 08:58***

Blomme is julle vir MY en elkeen het sy eie unieke geur en kleur. Vir elkeen van julle het EK ‘n besonderse geur gegee en EK vind behae daarin om in MY blomtuin rond te loop en aan MY blomme te ruik en te kyk hoe hulle vir MY oopgaan. MY kinders, daar is tans ‘n paar blomme wat heeltemal vir MY oopgegaan het en EK is diep geraak daardeur omdat dit beteken dat die wedergeboorte op hande is. Julle dink dat die wedergeboorte iets is wat EK aan julle moet gee op ‘n bepaalde tyd maar dit is nie so nie. julle moet self daaraan werk. Wanneer die tyd dan reg is, sal EK kom en julle sal self vir MY oopgaan. Dan sal EK julle met MY stuifmeel van liefde bestuif en julle sal vir MY vrug dra. MY kinders, verstaan julle hierdie beeldspraak? EK praat van julle harte wat vir MY oop sal gaan en vir MY sal blom. EK weet dat julle harte al lankal vir MY oop is omdat julle MY liefde in julle laat ontwaak het, maar julle hele hart moet vir MY oopgaan sodat EK julle heeltemal kan vul met MY liefde. Wanneer julle nog iets terughou sal dit nie geskied nie en dit sal vir MY moeilik wees om julle te vul omdat daar dan nog van julle eie ek in die middel vassit. EK sal net die kan vul wat heeltemal leeg en oop voor MY staan. Bestuiwing kan nie plaasvind wanneer die blom nog halfpad toe is nie. maak oop vir MY sodat MY lig ook in die blom in kan skyn en julle MY liefdeslig kan ontvang. Dit is weereens ‘n les vir julle almal en EK wil dit vir julle op die hart druk om te gaan kyk of jy nie dalk diep in jou wese nog iets van jouself terughou nie. Gee alles weg en jy sal deur MY bestuif kan word sodat jy vrug kan dra en EK jou in die wêreld kan uitstuur en jy vir MY kosbare arbeid in die wingerd kan gaan verrig. Dink daaroor na omdat dit noodsaaklik is vir die wedergeboorte om heeltemal oop te wees vir MY, die groot Tuinier wat behae in SY pragtige blomme skep. Amen

# Hoofstuk 25

***25 Mei 2008 09:27***

Skeppingswonders by die dosyne is daar nog op hierdie aarde van MY en die plek waarop julle bly. MY kinders, julle het gister daaroor gepraat en julle het gesê dat daar baie dinge in hierdie aarde en op hierdie aarde is waarvan julle nie bewus is nie. Dit is wel so en EK sal nou aan julle dinge vertel wat net julle sal glo omdat julle MY liefhet. Moet egter nie daaroor praat met ander mense nie aangesien hulle nie sal verstaan wat Ek aan julle gaan vertel nie. MY kinders, in die lug om julle is daar nie baie dinge wat julle kan sien nie behalwe die pragtige voëls wat oor julle vlieg. Maar diep in die aardbodem is daar baie dinge waarvan nie eers die “slimste” wetenskaplike bewus is nie. Dinge so groot dat julle dit nie sal verstaan nie, al verduidelik EK dit aan julle. Maar EK sal dit so maklik as moontlik aan julle verduidelik. Diep in die aardbodem is daar ‘n dier genaamd hippopotamus, wat verwant is aan die seekoei of hippopotamus soos wat julle dit ken. ‘N baie kragtige en groot dier wat van die afvalstowwe van die aarde leef. In die ondergrondse mere en damme kom hierdie dier voor en hy swem daagliks deur al die vore en kanale van die aarde. Die vore en kanale staan ook bekend as are en daarin is water wat deur die hele aarde versprei word. Die dier is spierwit omdat hy nie sonskyn sien nie. ook is hy op ‘n ander manier saamgestel as die seekoeie wat julle ken. Die dier leef van die ondergrondse of onderwaterse diertjies wat ook baie diep in die aarde voorkom. Net soos wat die walvis in die see van die kleinste diertjies leef, leef hierdie dier ook van die kleinste organismes wat diep onder julle voorkom. Hierdie dier is verantwoordelik vir die instand-houding van die are en mere onder die grond. Die water word dan ook op so manier suiwer gehou en skoon gehou deurdat alle afvalstowwe wat deur julle mense gemaak word en in die grond gepomp word deur hierdie dier opgeneem word. Jy kan maar sê hierdie dier is ‘n filter wat onsuiwerhede uit die water opsuig en alle diertjies wat dan ook daar is om onsuiwerhede op te suig, word ook deur hierdie groot dier verslind. MY kinders, ook is daar baie dinge in die pole wat vir julle nog onbekend is en net die wat

wedergebore is, sal dit kan verstaan. Glo net as EK dit vir julle sê. EK sal aangaande julle glo en meer en meer een met MY word, meer aan julle bekend maak in verband met hierdie dinge. Maar vir nou wil EK hê dat julle nie op snaakse feite moet konsentreer nie, maar direk op MY omdat net EK dit vir julle moontlik sal maak om Een met MY te word. Hoe meer julle op MY fokus, hoe vinniger sal die eenwording dan ook plaasvind. Dit is die waarheid en kan deur menige mens wat voor julle uitgegaan het, bevestig word. Binnekort sal julle dan ook kennis maak met almal wat voor julle uit gegaan het en al lankal een met MY is, maar wat nie meer hier tussen julle op aarde rondloop in 'n mensgewaad nie. Julle sal dan deur hulle meer geleer word oor MY en MY skepping sodat julle dan nog hoër en hoër kan styg en meer en meer met MY kan verenig, al is dit dan ook eers in die hiernamaals. Wees verseker dat julle nog nie eers die top van die ysberg aangeraak het nie en wat kennis, verstand en liefde betref het julle nog baie om te leer. MY kinders, die wedergeboorte is nie iets wat net in die hiernamaals bereik kan word nie al voel dit vir julle so omdat julle al begin moed verloor. Dit is iets wat julle sommer maklik kan bereik as julle erns het daarmee. Glo net en julle sal dit verkry vanuit MY hand omdat EK julle almal lief genoeg het om dit aan julle te gee. Onthou net dat dit deur julle eie toedoen sal gebeur want hoe liewer julle MY het, hoe vinniger sal dit gebeur. Maar ook in die hiernamaals sal daar dinge wees wat julle sal kan bereik as julle graag wil en so kan julle ook hoër en hoër opstyg en meer en meer met MY een word. Wanneer julle die eenwording met MY hier op aarde bereik het, is dit nog lank nie die einde nie. Almal wat dan wil, kan dan nog meer en meer van MY ontvang, maar dit is net makliker in die hiernamaals vir julle wat alreeds een met MY geword het op aarde, om iets hoërs te bereik hierna. En daarom is dit ook noodsaaklik om hoër te gaan op aarde sodat die pad vir julle hierna nog makliker kan wees omdat jy dan weereens met MY kan verenig en nie nodig het om eers die sielswedergeboorte te moet bekom nie. Jy kan dan dadelik oorgaan om te werk aan die geestelike wedergeboorte wat maklik verkrygbaar sal wees vir julle wat alreeds een met MY geword het op aarde. Glo dit ook want dit is die waarheid. Amen

# Hoofstuk 26

***23 Mei 2008  09:53***

Glo dat EK alles vir julle sal gee wat EK julle beloof het en dit sal so vir julle wees. Wanneer julle glo, sal dit so wees en julle sal nog sien hoedat alles in vervulling gaan wat EK aan julle gesê het. MY kinders, julle geloof is baie klein en omdat julle nog nie gesien het dat dinge om julle gebeur nie, glo julle dit nie. Dan dink julle dat EK van julle vergeet het en dit is so vêr van die waarheid af as die satan van ‘n engel af. MY kinders, die satan probeer om julle afvallig van MY te maak deurdat hy allerhande dinge in julle gedagtes sit waarvan julle nie eers bewus is nie en dan begin julle te twyfel in MY woorde. EK kan niks daaraan doen nie omdat dit ook vir julle gegee is om julle eie vrye wil te gebruik soos wat julle wil. As julle sy woorde glo, belemmer julle julle eie eenwording met MY en kan julle nie met MY verenig nie omdat twyfel nie pas by MY en MY GEES wat EK op julle wil uitgiet nie. daarom waarsku EK julle weereens teen die oorweldigende twyfel wat julle kan beetpak as julle nie gefokus op MY bly nie. By die liefde is daar geen twyfel nie en by MY is daar nie hopeloosheid nie. EK is nie ‘n swakkeling wat daarop aanspraak kan maak dat niks wat EK ooit probeer uitvoer ‘n mislukking is nie. EK is julle EL en julle Verlosser wat alle krag in MY hande het en EK weet hoe en wanneer om dit te gebruik. Julle word almal nou in posisies geplaas waartydens julle geloof tot op die uiterste getoets en beproef word want julle is die stryders wat EK gaan gebruik om ander na MY te trek. Net die wat werklik goed is in hulle werk kan vir MY kom werk. Die swakkes sal nie deur MY gebruik kan word nie. Glo daarom sodat jy ook ‘n sterke kan wees wat bekwaam kan wees in dit wat jy vir MY moet en sal doen. Julle almal is bekwaam vir die take wat op julle wag maar julle glo nog nie en daarom vat dit lank voordat iets gebeur. EK sal dinge so spoedig moontlik laat gebeur en julle sal dan so verbaas wees oor julle eie krag wat julle in julle binneste sal ervaar. Julle sal nie kan dink dat dit dieselfde mens is wat so onbeholpe en ongelowig, swak nietig en so meer was nie, wanneer EK julle met MY GEES gevul het. Julle sal dan na

julleself kyk en wonder waarom julle ooit kon getwyfel het in MY, julle Vader, wat alles in SY hande het. Los alles en glo wat EK julle sê. Net die sterkstes sal oorleef en daarom spoor EK julle aan om sterk te raak in MY want EK is julle sterkte en krag. In MY ryk werk dit anders as op aarde en net die wat sterk is in die liefde sal oorleef. Weet julle dat die aarde heeltemal verkeerd om is? Op elke ander planeet werk dit ook soos in MY ryk dat die liefde en die nederigheid die sterkste eienskappe in 'n mens is, net op aarde is iemand wat vol liefde is, swak in ander se oë. Wanneer jy op aarde in ander se oë sterk wil wees, moet jy alle gebare van liefde oorboord gooi en op ander trap sodat jy bo kan uitkom. Mense wat so leef word dan dikwels tot in hulle siele geruk as hulle in die hiernamaals kom en uitvind dat hulle nie so sterk was as wat hulle gedink het nie omdat liefde die krag en sterkte gee. Hulle is dan woedend om uit te vind dat hulle swakkelinge is en wil MY dan wys dat dit nie so is nie. Hulle daag MY dan uit tot 'n tweegeveg om sodoende aan MY te wys dat liefde swak is. Dit is dan ook wat konstant in die hel aan die gang is. Elke een wil aan die ander een bewys dat hy sterker is in sy eie liefde en hoogmoed en dat dít die sterkste eienskappe is en nie liefde nie. Dink 'n bietjie daaroor na en dan sal julle besef dat die eie ek die grootste sondaar is daarvan. Elkeen wil hê dat die ander een moet besef dat hy die enigste een is wat daar tel en waarop daar nie getrap mag word nie. Dit is nie nederigheid nie en kan daarom ook nie met MY verenig word nie en dit is waarom EK dit dan ook weereens ophaal sodat julle daaraan kan werk en kan oplet of daar nog so iets binne jouself skuil. Julle almal het nog werk aan julleself, maar wanneer julle net op die liefde konsentreer, sal alles vir julle regkom in julle binneste. Julle sal self tot die besef kom dat julle verander het wanneer julle die liefde eerste en altyd toepas. Dit is omdat EK liefde is en omdat alles wat dan nie by MY, of liefde pas nie, die wyk moet neem. Konsentreer daarom net op die liefde en alles sal daarna dan ook vir julle deur die liefde geskied. Elke verkeerde ding sal uit jou wyk en jy sal 'n nuwe en lieflike mens voor MY wees. Dit is die liefde wat EK oor julle sal uitgiet totdat julle self heeltemal liefde sal wees, menende, die wedergeboorte. Amen

# Hoofstuk 27

***23 Mei 2008  15:30***

In die begin het Ek aan julle gesê dat die einde in sig is en julle het toe almal geglo dat die einde van die onderdrukking in julle land ook op ‘n einde is. Nou het van julle al begin moed verloor en wil julle nie meer glo wanneer EK sê dat die einde naby is nie. MY seuns en My dogters, julle moet nie moed verloor nie want wanneer die donker tyd aanbreek gaan julle baie spyt wees omdat julle nie geglo het nie. Glo, want alles wat EK gesê het sal so wees omdat EK nooit gelieg het nie en ook nooit sal lieg nie. Glo omdat julle MY liefhet en nie omdat julle resultate of wonderwerke sien nie. EK sal wel kom en die wonderwerke sal dan ook saam met MY kom sodat julle oortuig kan wees van MY teenwoordigheid. Julle verstaan dikwels nie wat om julle aangaan nie en dan is julle baie vies of teleurgesteld omdat dit nie so uitgewerk het soos wat julle gedink het dit gaan uitwerk nie, maar EK wil hê dat julle nog steeds moet glo want dit maak MY Vaderhart seer wanneer MY kinders altyd eers bewyse wil hê van MY liefde of teenwoordigheid. EK is die hele tyd in julle midde en sal MYSELF nog sigbaar in julle midde ook laat sien. Daar sal van julle wees wat MY met julle vleeslike oë kan sien en julle sal dan aan die ander vertel dat EK wel daar is, en ook in die vlees. Glo net omdat EK die waarheid praat. Julle almal het al die een of ander ding beleef waartydens julle MY mag en krag kon sien en nie een van julle sal kan stry dat EK wel al wonders gedoen het vir julle nie. Glo daarom nou ook en nie net wanneer dinge om julle gebeur nie. MY kinders het al baie in die verlede nie geglo nie, net om die volgende dag ‘n onteenseglike bewys te kry van MY almag en teenwoordigheid. Dan sit almal in sak en as en kom vra om vergifnis vir hulle twyfel in MY. Die wat ook nie glo nie, sal dan ook nie lank by MY herberg kan uithou nie en sal dan gaan en hulle heil op ‘n ander plek gaan soek, maar groot gaan hulle teleurstelling wees wanneer EK wel kom en hulle nie daar is nie. EK wil hê dat julle hier moet bly en MY moet verwag. Wanneer julle op aarde ‘n bruilof vier word daar met groot verwagting na die koms van die bruid uitgesien omdat almal graag wil sien

hoedat sy gaan lyk, maar nou moet julle vir die Bruidegom wag wat julle almal gaan verras. As julle geduldig kan wag vir die mooie bruid om te kom, kan julle netsowel vir die meer as mooie Bruidegom ook wag, is dit nie waar nie. Wag vir MY, julle Bruidegom om julle almal te kom tooi in ‘n nog mooier gewaad as ‘n aardse bruid se trourok. Julle klee julleself met die mooiste klere vir die bruilof wanneer julle in liefde, julle harte met MY, wat liefde is, vul. Wanneer EK dan kom, sal EK die laaste paar by-komstighede aan julle gee om julle perfekte bruide vir MY te maak. Gee daarom ag op dit wat EK van julle verlang sodat julle perfek gevind kan word deur die Bruidegom wanneer HY kom. En kom sal HY beslis, want die tyd is al gereed daarvoor. Julle besef nie dat julle almal al gereed daarvoor is nie omdat daar nog baie dinge is wat julle pla, maar EK sê vir julle dat elkeen van julle op die herberg al gereed is om MY te kan ontvang. Laat EK dit mooier aan julle verduidelik. Wanneer EK kom, sal EK aan elkeen van julle julle deel gee sodat die een wat meer gereed is as die ander die wedergeboorte sal ontvang van MY, Julle Vader en Redder. Die een wat nog nie gereed is vir die wedergeboorte nie, sal dan iets anders uit MY hand ontvang wat hom in staat sal stel om die wedergeboorte op die regte tydstip te ontvang. Elkeen van julle sal iets van MY kry as EK kom, al is jy nog nie gereed om die wedergeboorte te ontvang nie, maar almal van julle sal dit op die een of ander tydstip bereik en julle sal net aangespoor word deur die wat dit voor jou sal ontvang. Glo daarom, al is jy nog klein in die liefde en bou daaraan sodat jy ook die wedergeboorte kan bereik. Bou net op die liefde en jou geloof sal ook versterk word en groei. Dit sê EK vir julle omdat EK al gereed is om te kom, maar net vir julle wag. Amen

## Hoofstuk 28

***25 Mei 2008 07:28***

Twyfel nie meer, vertrou My woorde wat EK so deur die loop van al MY openbaringe aan julle gebring het. Daar is baie van julle wat nou al MY stem kan hoor en wanneer julle iets van MY kry, hardloop julle dadelik na iemand anders en gaan vra of dit wel EK

is wat met jou gespreek het. Nou wil EK julle iets vertel wat julle maar weereens kan glo omdat dit EK, julle Vader is wat met julle spreek deur middel van MY skryfkneg wat hier vir MY tik. Julle sal almal moet glo wat EK vir julle sê omdat dit die satan se manier is om twyfel in julle te saai sodat daar op die ou einde van die dag so baie vertwyfeling in jou binneste kom dat jy niks meer van MY woorde glo nie. EK sal niemand wat eers MY stem kan hoor, sommer net so verlaat en hom aan die satan oorgee sodat díe hom kan lei in die verderf in nie. Die persone wat wel MY stem verloor het sal weet dat hulle heeltemal afvallig van MY geword het en in die wêreld met sy sonde gekeer geraak het. Daarom wil EK vir julle almal by MY herberg sê dat julle almal wat MY kan hoor, MY hoor en nie 'n leun gees nie, want 'n leun gees is 'n baie lelike ding en watter ouer sal sy kind aan 'n lelike of verkeerde ding oorgee? As julle dit nie sal doen nie, waarom sal EK dit dan doen? Julle weet dan dat EK liefde is en liefde verdra alles, tot julle sondes wat julle uit onkunde of menslikheid doen. Maar die aspris sondes of sondes wat met 'n gemoed gedoen word waarvan julle weet dit verkeerd dis, sal nie so ligtelik deur MY verdra word nie. Dan sal EK jou nie meer aanspreek as jy in die wêreld wil ingaan en MY verlaat nie. Dan kan julle maar verseker wees van 'n leun gees omdat EK Myself vir 'n geruime tydjie van jou sal onttrek om te sien of jy terug na MY wil keer. Keer jy terug, sal EK weereens met jou praat, maar bly jy van MY afvallig, sal jy nie meer MY stem kan hoor nie, omdat jou vrye wil jou dan weerhou om met MY gemeenskap te hê. Dit is dan die rede dat EK julle almal wat by MY herberg is, en ook daar buite en MY baie liefhet en MY woorde nakom, nooit sal verlaat nie en altyd met julle sal praat. Gaan vra daarom nie meer jou naaste of dit wat jy gekry het van MY is nie, want geen leun gees sal EK in MY herberg toelaat nie. Die wat wel al iets gehoor het wat vir hom nie reg klink nie, sal weet dat dit nie 'n leun gees is nie, maar baie keer sy eie wil wat hy gehoor het. Daar moet julle baie seker maak, voordat julle net iets doen wat julle graag wil doen. Luister eers baie mooi voordat julle net doen, want die vlees is baie sterk en sal graag die gees wil oorheers op so 'n manier. En selfs daar sal EK MYSELF nie eers van julle onttrek as julle gehoor gegee het aan julle eie wil nie omdat julle maar net mense is en

binnekort julle eie fout sal raak sien. EK sal niemand wat MY bo alles liefhet verlaat nie en so ook sal julle tot die besef kom dat MY liefde werklik bo alles sal uitstyg en elke mens wat MY bo alles soek, sal MY vind. EK sê nou vir julle dat julle nie meer bekommerd moet wees omdat dinge vir julle partykeer snaaks klink nie. Die wat werklik ‘n probleem het en wat sukkel om dit opgelos te kry, sal ook so deur MY gehelp word deurdat EK iemand na jou sal stuur met ‘n antwoord op jou vrae. EK stuur MY GEES na julle en in elke mens se hart sal hy MY kan hoor as hy maar net oplet. Ek praat met julle elkeen as julle maar net sal luister. Luister mooi of dit in die vorm van woorde kom of net in die gees, met ander woorde, of jy dit deur middel van gedagtes in jou voel opkom. Baie keer is daar iemand wat net ‘n gevoel het en dan kom dit ook van MY. As jy nog nie MY stem kan hoor nie, sal die antwoord dan ook so vir jou gegee word en as jy dan nog twyfel, sal EK nie vir jou kwaad wees as jy een van MY knegte gaan vra wat by MY die ware antwoord sal kom kry nie. Moet net nie ‘n gewoonte daarvan maak om iemand anders te gaan vra nie, omdat jy dan self te lui gaan word om die antwoorde te soek. Kom vra MY eers en as jy dan werklik nie ‘n antwoord kry wat jou gerus stel nie, kan jy dan een van MY kinders vra wat MY stem kan hoor. EK is vir elke kind van MY net so lief soos vir die volgende een en niemand moet dink dat hy nie geskik is om MY GEES te ontvang nie. EK sal MY GEES oor elke kind wat MY liefhet giet en julle almal sal nog voor die stryd met MY Een wees. Dit beteken dat julle almal al op ‘n sekere vlak van die eenwording sal wees met MY voor die stryd. Die wedergeboorte sal net díe bereik voor die stryd wat werklik ernstig is daaroor. EK weet dat julle almal ‘n mate van erns het en dit sal dan ook so geskied soos wat jy dit graag wil hê en afhangende van die verlange in jou binneste, sal jy vorder. Daarom hang die wedergeboorte nie van MY af nie, maar van elke een van julle self. Die mate waarin jy MY kom opsoek, sal vir jou die wedergeboorte gee of jy sal dit láter bereik. Daarom is die erns waarmee jy deur die lewe gaan van uiterste belang. Gaan daarom nou en besluit of jy die wedergeboorte nou wil hê of later. Dit sal vir jou geskied soos wat jy dit wil hê. Amen

# Hoofstuk 29

***25 Mei 2008  08:40***

Die son skyn uit MY uit omdat EK die son SELF is. Die wat MY al gesien het, sal weet dat dit die waarheid is en nooit sal hulle van MY kan afvallig word as hulle MY eers in hulle opgeneem het nie. MY kinders is vir MY so kosbaar dat EK elkeen op MY skoot tel en met hulle praat. EK praat met elke kind van MY net soos wat hy MY verstaan en nie soos wat die wêreld moet dink dat EK sal praat nie. Elke mens se taalfoute en gebreke wat die liggaam aanbetref, is by MY niks nie. Baie keer is MY skryfknegte al van ‘n kant bekyk en daar is met baie slimpraatjies gekom omdat daar taalfoute is wat in die slimmes se oë nie by MY stem sou pas nie. Praat julle nie met julle klein kindertjies net soos hulle nie? Deurdat julle so met hulle praat, verseker julle hulle van julle liefde en elke kindjie voel spesiaal as jy so met hom praat op sy vlak. Die wat klein kindertjies het sal verstaan wat EK bedoel. Praat met jou kind op sy vlak en hy geniet dit verskriklik as ma of pa so na aan hom is. Praat met hom op jou vlak en kyk of hy alles net so sal aanneem en verstaan wat jy vir hom sê. Daarom praat EK ook met julle soos wat jy geleer is om te praat. Dan voel jy tuis by MY en jy verstaan dat niks by MY belangriker is as jy nie. Geen taalgebruik is vir MY belangrik nie. Sorg net dat julle taalgebruik by MY net vol liefde is en nie uit haat of vol ydele taal gebruik nie. Dit beteken dat julle nie op mekaar moet vloek nie en ook dat alles wat julle vir mekaar sê uit liefde gesê moet word. Alles wat gesê word sonder die nodige liefde daarin is maar net soos vloek in MY oë. MY kinders, die taalgebruik waarvan EK praat, is die eenvoudige manier waarop party van julle praat. Dit maak nie by MY saak of iemand geleerd is of nie en jy kan aan iemand se praat agterkom of hy eenvoudig is of geletterd. Dit is nie ter sprake by MY nie aangesien ‘n mens nie op aarde geplaas is om sy brein te oefen nie, maar sy siel. Dit beteken ook dat julle dit eerder ‘n saak van erns moet maak om by MY uit te kom as om gevorderd te probeer praat. Luister maar na die kindertjies, hulle sal mekaar verstaan omdat hulle nog met hulle hartjies na mekaar luister. Dit is wat EK ook wil hê julle grootmense moet

doen. Luister met jou hart na die persoon langs jou en jy sal gou agterkom of daardie persoon vandag baie hartseer is en of daar iets kortkom. Dit is die korrekte taal waarvan EK praat. Moenie mekaar oordeel nie en verstaan liewer die ander persoon as dat jy hom seermaak omdat jy nie na sy siel luister nie. Dit is belangrike woorde die en onthou dat julle taalgebruik buitendien sal sterf wanneer julle die dag ook te sterwe kom omdat die taal wat in die hiernamaals gebruik word, die taal van die siel is. Dit beteken nie dat julle nie meer met mekaar sal kommunikeer nie, maar dit beteken dat jy iemand se siel sal lees en sal weet wat en wie hy is, as julle vol van MY is. EK sal julle oë binnekort open om hierdie hoofstuk baie goed te kan verstaan. Maar vir nou wil EK hê dat julle almal mekaar moet aanvaar, al praat hy verkeerd in jou oë en moenie die openbarings wat EK aan so ‘n persoon gee afskiet net omdat jy taalfoute daarin raaksien en dink dat EK volmaak is en nie so sal praat nie. Ek het julle lief, MY onvolmaakte kindertjies. Amen

## Hoofstuk 30

***25 Mei 2008 09:12***

Tot MY en tot MY alleen moet julle julle gebede rig en julle sal altyd antwoorde kry van MY. Dit is die waarheid waarvan almal van julle kan getuig. EK sal julle altyd antwoord omdat EK julle harte ken en nou wil EK spesifiek vir die wat nog nie MY stem kan hoor nie sê dat hulle MY baie meer moet kom opsoek sodat hulle ook kan hoor as EK met hulle praat. Ek het wel gesê dat julle MY skryfknegte kan gaan vra, maar EK wil ook hê dat julle met MY self moet kom praat sodat EK met julle ook kan praat. EK sál julle antwoord op die manier wat vir MY die beste is op daardie oomblik. Kom soek MY en vra met ‘n opregte hart dat EK ook met jou sal praat en hou net moed, dit sal kom. As EK eers eenkeer met jou gepraat het, het jy die weg vir MY oop gebaan sodat jy MY stem altyd sal kan hoor. Dan moet jy nog meer afsonder sodat jy dit gereeld kan hoor en sodat jy sterk kan word en ook die onderskeiding van MY stem kan leer. Dit is al hoe julle

gaan leer. Almal wat MY stem kan hoor, het ook aan die begin gesukkel en moes baie hard werk om dit te kon behou. Net ‘n baie sterk verlange om MY te hoor sal julle gereed kry daarvoor. Niemand is beter as die ander een nie en julle moet ophou om na mekaar te kyk en vergelykings te tref. Baie keer sal julle dink dat iemand jou al baie ver voor is, maar julle weet nie wat in daardie persoon se siel aan die gang is nie. julle verstaan julleself nie eers nie, hoe sal julle dan die ander mens kan verstaan en presies weet hoe ver hy of sy gevorder is. EK gebruik wel mense om met julle te werk en om MY werk vir julle te doen, maar dit is nog nie te sê dat net daardie mens ver gevorderd is nie. daar is selfs hier tussen julle mense wat al baie meer kere as die ander op aarde was en sodoende baie meer ondervinding opgedoen het as iemand anders. Daar is ook mense wat al baie snaakse en dieper werke vir My moes doen, maar nie so baie kere op aarde was nie en so iemand het dan ook kosbare ondervinding opgedoen, maar op ‘n ander vlak as die persoon wat al baie maal op aarde was. Daarom mag julle nie na mekaar kyk nie omdat julle elkeen op ‘n ander vlak is as die ander een. Kan jy sê dat iemand wat in ‘n hoër standerd is as iemand anders, noodwendig slimmer is as die een in die laer standerd? Nee, jy kan nie so sê nie omdat die intelligensie nie gemeet word aan die standerd wat ’n kind bereik het nie. Daar is baie kinders wat ook in ’n lae standerd sit en nie geleer het nie al het hulle ‘n baie hoë intelligensie. Dit is ook so met julle mense wat al baie dinge moes deurgaan voordat julle tot hier gekom het. Moenie na mekaar kyk nie, want net EK weet tot wat elke een in staat is en daar is ook verskillende gawes aan elkeen uitgedeel. Party van julle gaan julle net toespits op die genesing van siekes en ander gaan hulle weer op iets anders toespits. Op die ou einde sal julle almal alles kan doen, maar sekeres van julle sal ‘n sekere gawes hê vir iets wat die ander ook kan doen, maar hy sal dit net beter doen omdat EK hom so gemaak het. Dit is iets waaraan julle nog nie gedink het nie, nê? Glo MY woorde en luister daarna. Die wat voel dat hulle nog niks gekry het van MY om te doen nie, moet maar net rustig op MY wag en julle sal sien hoedat julle ook julle werke vir MY kry om te doen. Baie van julle sal eers vir MY begin werk as die wedergeboorte bereik is en baie gebruik EK al nou omdat

daar ‘n verskil in elke mens is. Die hoeveelheid ywer wat jy vir MY het, sal ook bepaal of julle nou al vir MY werk of nie. Hoe meer ywer jy vir MY het, hoe beter en hoe gouer sal jy gebruik word om vir MY en sodoende ook vir jou naaste te gaan werk. Dit sal so wees en nie anders nie omdat julle ook self julle lot kan bepaal deurdat julle wil julle eie is. Dit is so deur MY bepaal dat elkeen sy eie heil uitwerk en EK net tussenin kom wanneer EK gevra word. Glo alles wat EK julle sê en julle sal salig word. Dit is elkeen se eie besluit.

Amen

# Hoofstuk 31

***25 Mei 2008 09:53***

(Voor die hoofstuk het Vader vir my gewys dat HY my in SY arms hou en voor Ons uitgestrek is pragtige wit wolke. Vader sê toe vir my dat dit vir my net na wolke lyk maar wanneer ek wedergebore is sal ek sien dat daar baie meer in skuil. Skielik sien ek toe dinge in die wolke wat ek nie kan begryp en nie kan verduidelik nie. Dit was eintlik meer ‘n gewaarwording as regtig sien. Ek het ook gister geloop en met Vader gepraat en ek het gevoel dat iets in my oop gaan, ek kon dinge sien uit my siel uit en nie soos altyd as Vader vir my dinge wys nie. Dit was ‘n gevoel dat ek, terwyl ek met my vleeslike oë sien, ek ook alles sien wat om my aangaan in die gees. Daar gaan baie dinge om ons aan waarvan ons nie eers bewus is nie en ek kon dit ook nie verduidelik nie, maar weet net dat ons so beperk is in ons liggame.)

Daar is baie dinge wat julle nie verstaan nie en dit sal duidelik gemaak word aan julle soos wat julle in die gees groei. Daar is baie dinge wat EK net aan julle bekend maak wanneer julle slaap omdat julle dit nie met julle helder bewussyn sal verstaan nie omdat julle siele nog heeltemal onderontwikkeld daarvoor is. Julle verstaan dit dan wel met julle siele maar julle siele kan dit nie oordra aan julle liggame nie en so kom daar dan ‘n tyd in elkeen se lewe dat hy dinge nie verstaan wat EK vir hom of haar verduidelik nie. Soos wat julle groei, kan julle meer en meer

verdra en verstaan. MY skryfkneg het baie dinge gesien wat sy nie verstaan nie en nie in woorde kan omsit om dit aan julle te vertel nie. Daardeur verloor julle nie veel nie omdat julle dit in elke geval nie sou verstaan het as EK dit aan julle self sou wys nie. MY kinders, werk aan julleself sodat EK ook dinge aan julle kan wys wat julle sal verstaan. Hoe meer julle groei, hoe meer sal aan julle toevertrou kan word. Dit is 'n belofte van MY en sodoende sal julle MY ryk binne kan gaan met 'n verstand van die siel wat alles sal kan verdra. Hoe meer julle groei, hoe meer sal julle dan ook in MY ryk kan verdra. Maar daar is baie dinge wat MY engele nog nie eers kan verstaan nie en dit is vir hulle 'n uitdaging om dit te leer en sodoende groei hulle liefde vir MY ook tot hulle dinge meer kan begryp. Daar is so oneindig baie wat EK julle kan leer dat die leerskool nooit ophou nie, maar dit is nie alles nou vir julle gegee om te weet nie. Julle weet nog nie eers 'n kopspeld punt grootte nie en sal ook nie veel meer weet voordat julle wedergebore is uit MY nie. Vertrou MY hierin en vra vir meer sodat daar meer aan julle duidelik gemaak kan word en beoefen julleself in die liefde want die liefde is dit wat dinge vir julle meer en meer verstaanbaar maak. Die liefde bedek alle kwaad, maar maak alles wat mooi en regverdig is duidelik aan almal wat dit nog nie weet nie. Luister net na MY woorde en glo daarin sodat julle liefde vir MY ook groter en groter kan word. Dinge wat nog nie verstaanbaar is vir julle nie, sal deur MY aan julle bekend gemaak word soos wat julle liefde vir MY en julle naaste groei. Gaan nou en beoefen julle daarin sodat julle wyser en slimmer kan word wat MY dinge aanbetref en voor jy mooi weet, verstaan jy 'n paar dinge wat voorheen vir jou "Grieks" was. Amen

## Hoofstuk 32

***25 Mei 2008 10:15***

Vader het vir my gesê om ook hier te tik wat EK gesien het. Voor die hoofstuk begin het, vra HY my of ek nog kans sien vir nog een en ek antwoord HOM toe dat ek kans sien vir alles as HY by my is. HY sê toe vir my dat HY my dan na die see sal vat. Daar is

baie hoë golwe en dit is in die diepsee. Jahshua dra my oor die water en HY loop net aan asof daar nie eers golwe is nie. HY loop net reguit aan en gaan nie eers oor die golwe nie, maar sommer dwarsdeur.

**Vader dikteer:**

Wanneer julle alles in MY hande toevertrou, sal alles vir julle wees soos wat julle dit graag wil hê. EK sal julle deur al julle probleme of uitdagings dra sodat niks julle onder sal kry nie. Uit die wêreld se oogpunt sal hulle nie kan verstaan wat met julle aangaan en waar julle die krag vandaan sal kry om vir MY die werk te doen wat EK julle oplê om te doen nie, maar net julle en EK sal weet waar dit vandaan kom. MY kinders, daar gaan nog baie sulke hoë golwe in elkeen van julle se pad kom en EK sal julle deur elke golf dra. Die diepste see is nie eers vir MY te groot of te magtig dat EK sou vrees en julle nie kon red nie. Glo daarom onwrikbaar aan MY, al lyk dit of die golwe julle heeltemal gaan oordek. Glo net dat EK met julle is al kan julle MY nie sien nie. In die wêreld is daar baie eise wat aan julle gestel word en dit is alles toetse vir julle omdat EK MY nie aan die wêreld laat meet nie. Dit is hoe dit is: Die satan het gedink om struikelblokke in julle pad te gooi sodat julle nie by MY kan uitkom nie. EK het dit goed gedink om almal wat MY Naam aanroep uit te red en die struikelblokke tot niet te maak of onskadelik te stel. Vrees daarom nie die wêreld met al sy dreigemente nie, want satan weet hoe om met vrees te werk te gaan. Hy weet dat vrees die grootste wapen vir hom is en dat almal wat vrees niks kan doen nie. Kyk maar na ‘n muisie wat uit pure vrees nie kan weghardloop nie, maar wat net in ‘n hoekie bly sit. Hy kon vry gewees het as hy vir niks bang was nie en net gehardloop het, maar nou stel hy homself ook in gevaar deurdat hy vreesagtig in die hoekie sit vir die kat en wag. Daarom moet julle nie bang wees nie want EK is met julle. EK is julle skuiling en julle vesting teen die kwaai storms wat nog gaan kom. Die storms is al pad omdat die dinge nie meer ver is nie. Baie van julle wat dit al gehoor het, begin twyfel of die dinge ooit werklik gaan gebeur omdat julle dit al vir baie maande hoor en nog steeds het niks gebeur nie, maar EK sê vir julle dat

dit sal kom soos ‘n dief in die nag. Vertrou daarom nie die stilte wat om julle rus nie, want in die rus as daar stilte is, skuil die groot gevaar. Julle vyande is op die loer vir die beste geleentheid om toe te slaan en dit sal eersdaags ook plaasvind omdat hulle nie meer langer in toom gehou sal word nie. Glo MY woorde nóu voor dit te laat is en jy sal moet hoor dat EK jou dit wel voor die tyd gesê het. Glo dit en groei sodat jy dit voor die tyd al kan oorwin omdat jy een met MY is. Amen

# Hoofstuk 33

***25 Mei 2008 12:17***

Sodra julle ryp genoeg is daarvoor sal EK julle help om julle visie te verskerp. Dit beteken dat EK ‘n derde visie aan julle sal gee sodat julle allerhande dinge om julle kan waarneem. MY skryfkneg is nou nog vol bewing oor dit wat sy gesien het en tog was dit nie eers die begin nie. Daar is baie dinge wat om julle aangaan en julle is nie daarvan bewus nie omdat julle oë nog toe is. Dit is nie julle eie skuld nie omdat dit so is by geboorte. Julle sien net wat voor julle aardse oë is niks meer nie tot op die dag dat EK besluit om dit vir julle te open. Dit is nie te sê dat almal wat heldersiende is, nou al die ewige lewe het nie. nee dit is baie keer net omdat dit daardie persoon se sielsontwikkeling help dat EK dit aan so iemand gee. Soos EK alreeds in ‘n vorige hoofstuk gesê het is julle almal uniek en het elkeen iets anders nodig om tot vervolmaking te kan kom. Daarom moet party mens die gawe hê om heldersiende te kan wees omdat dit daardie persoon se siel dan baat, maar die volgende persoon sal nie baat daarby vind nie en dan gee EK dit ook nie vir so iemand nie. Maar op ‘n tyd is iemand se siel gereed vir ‘n nuwe openbaring en kan hy of sy dinge sien wat hy normaalweg nie kon nie. dit is nou die geval met MY skryfkneg en daarom het EK dan nou ook haar oog van haar siel oopgemaak en kon sy dinge sien. Weliswaar maar nog baie onduidelik en nie soos dit veronderstel is om te wees nie, maar sy kon al dinge uitmaak. Dit lê vir elkeen van julle voor en julle sal dit dan ook kry van MY. Maar die sleutel tot die opening van julle sielsoog is die liefde. Weereens is dit liefde wat die

sleutel is tot alles en niks sal julle vanuit julleself verkry nie. Dit kom alles vanuit MY groot Vaderhand wat sien dat julle besig is om heeltemal in liefde te verander. Wanneer julle dan heeltemal liefde word, is dit dan ook die einde van al julle aardse drange en dinge en sal julle heeltemal wedergebore voor MY staan. Vir baie van julle is dit baie naby en is dit net nog 'n paar klein dingetjies wat kort voordat die wedergeboorte daar is. EK het al gesê dat julle almal al gereed is vir die wedergeboorte, maar EK sê nou vir julle dat dit net beteken dat julle al gereed is vir nuwe openbaringe in julle siele. Die nuwe openbaringe in julle siele is al die aanduiding van die wedergeboorte wat op hande is en dit sal binnekort gebeur dat iemand van julle heeltemal gereed en sonder enige tekortkoming sal wees en dan sal almal baat daarby vind omdat dit dan die gevolg van baie wedergeboortes sal hê. Julle sal almal so vinnig na mekaar tot die wedergeboorte tree en julle sal dan die ander help wat dit nog nie bereik het nie. MY kinders, hou net moed, dit is om die draai en vertrou MY net hierin omdat julle weet dat Ek nooit vir julle sal lieg nie. EK is julle Alfa en julle Omega en My woorde is die eerste en die laaste. Glo MY daarom omdat elkeen van julle kan getuig dat alles wat EK spreek die waarheid is. Amen

# Hoofstuk 34

***25 Mei 2008 12:38***

MY openbarings sal die wêreld vol gaan omdat EK MY volk van regoor die wêreld wil wakker skud en aan hulle wil wys dat EK nog steeds barmhartig en vol genade is. Julle, MY volk, is die voorbeeld wat baie gaan trek omdat hulle MY in julle sal sien en ook soos julle sal wil wees. Dink net daaraan dat almal wat met julle in aanraking sal kom en wat MY graag wil leer ken, by julle sal leer. En dit sal hulle tot voordeel strek omdat hulle MY dan sal vind en MY ook so sal leer liefkry omdat MY liefde uit julle sal straal en hulle dan eindeloos gelukkig by julle sal wees. Wanneer hulle julle sal sien en die liefde wat uit julle kom, sal hulle oortuig wees daarvan dat daar hemel op aarde kan wees as EK hier by

julle teenwoordig is. Binnekort sal hulle dan ook die wedergeboorte sien en ook saam met julle sal hulle MY dan dien soos wat hulle graag wil. Dit sal vir elkeen wat die wedergeboorte beleef deurdat hy iemand anders wat die wedergeboorte het ken en lief het, van groot nut wees omdat hy dan deur die wedergebore kind van MY gehelp sal word tot dat hy self wedergebore sal wees. MY kinders, julle is die eerstes wat in die gees wedergebore sal wees en dit sal nie net vir julle wonderlik wees nie, maar ook vir die res van julle volk omdat hulle dan ook baat daarby sal vind. Wees daarom ywerig sodat julle ander ook kan help. Wanneer jy aan jou eie wedergeboorte werk, werk jy ook vir die persoon wat jy gaan help nadat jy eengeword het met MY. En dit moet al klaar vir julle aansporing genoeg wees omdat julle naasteliefde nou al so groot moet wees dat julle alles sal doen vir julle naaste. Werk vir jouself om die wedergeboorte te bereik, maar ook vir die ander wat jy gaan help. Die aarde het so iemand baie nodig omdat die geestelike nood so groot is dat Ek nie eers kan begin om dit aan julle te verduidelik nie. julle het al so ‘n idee van die geestelike nood omdat julle dit by julle eie familie kan sien ook omdat die wêreld geen geheim van sy sonde en swakheid maak nie. al is dit in die wêreld se oë geen swakheid nie, kan julle tog insien dat dit swak is en nie uit MY uit nie. daarom moet dit in julle harte sit om lig te bring aan die ander wat daarna smag, maar wat niks vanuit hulleself daaraan kan doen nie. wanneer julle wedergebore is, sal julle alle ander kan help wat Ek julle uitwys omdat net Ek weet wie die hulp sal aanvaar en waardeer. Die wat niks met MY of MY kinders te doen wil hê nie, sal net so gelos word omdat dit hulle eie rye wil en keuse is, maar vir die wat na MY lig en liefde smag, sal daar verlossing wees en hulle sal ook in die lig van MY liefde kom staan en as hulle dan ‘n baie groot erns het, sal hulle ook die wedergeboorte kan bereik. Dit is dan ook hoe dit sal wees met die men van die ander lande wat hierheen gaan kom. Hulle sal so deur julle lig verblind word dat hulle nie anders sal kan , as om ook die wedergeboorte te bereik nie. Dit sal dan vir die hele wêreld goed wees omdat daar nog baie sal wees wat hierheen sal kom in die geloofstryd wat ook gered moet word, al sal hulle nie meer op aarde die wedergeboorte kan bereik nie. Maar wees gerus, almal van julle

wat nou hier is, sal dit bereik deur MY genade en daarom het Ek julle ook uit die wêreld geroep sodat julle julle tyd en aandag aan MY kan wy en die wedergeboorte loshande voor die stryd kan bereik. Alle liefde vanuit MY hande word aan julle gee sodat julle dit kan bereik as julle maar net wil en as julle maar net die tyd aan julleself sal wy om julle gereed te kry daarvoor. Dit is MY belofte aan julle almal wat MY soek en die wedergeboorte wil bereik voor die donker tyd aanbreek. Die tyd waarin almal wat MY nie liefhet nie, sal omkom en net die opregtes van hart sal oorleef. Sorg dat julle in MY lig bly en dat julle die eenwording met MY nastreef en nie julle tyd aan aardse dinge wy nie. Dit is al vir vandag. Amen

# Hoofstuk 35

***27 Mei 2008 12:13***

EK sal elke liewe een wat na MY wil kom nooit verstoot of wegwys nie. Julle almal het na MY gesoek en niemand van julle is deur MY weggewys nie. Daarom sal Ek almal wat nog in die toekoms na MY wil kom ook nie wegwys nie. Julle is almal bewus van MY groot liefde in julle en ook weet julle van die wonderlike beloftes wat EK aan julle gemaak het en dit geld dan ook vir almal wat na MY soek in dit toekoms ook. In die toekoms gaan dinge in julle land baie vinnig versleg en julle gaan binnekort die bloed sien spat, maar vir die wat MY as anker het, sal dit niks wees nie omdat EK die hele tyd by julle sal wees en julle sal beskerm. Vir die wat dan alreeds een met MY sal wees, sal die dinge in die land iets soos kinderspeletjies lyk omdat hulle dan so met MY GEES vervul sal wees dat niks hulle kan onderkry nie. Wees verseker daarvan dat julle wat baie ernstig is oor MY en MY met julle hele wese soek, die eenwording met MY dan alreeds bereik het en heeltemal een met MY sal wees sodat julle ander sal kan help wat nog in die duisternis vasgevang sit en bewe vir die vyand. Daar is baie sulkes op die aarde en hulle sal dan deur julle na MY gelei word omdat MY lig so uit julle sal skyn en julle die lig sal wees wat hulle sal volg tot by MY voete. Dit is

waarom julle na die aarde toe gekom het en dit sal dan ook so wees omdat EK nooit julle kontrakte wat julle met MY geteken het, sal vergeet nie. Julle almal het vergeet wat in julle kontrakte staan, maar EK het dit nie vergeet nie omdat dit vir MY baie belangrik is. Almal wat graag wil weet, sal dan ook deur MY vertel word wat hy met MY ooreengekom het sodat dit vir hom of haar duidelik sal word wat nog sal gebeur. Die feit dat julle so aangetrokke gevoel het tot MY in die verlede en ook nou, is al klaar bewys daarvoor dat EK julle nie sal vergeet nie, al het julle vanuit die hemele gedaal om op die donkere aarde te bly en hier te sondig. Julle sondes is al lankal deur MY vergewe en EK het ook aan julle almal vertel wat julle sal doen hier op aarde. Baie hartseer het julle almal gevoel omdat julle geweet het dat wat EK sê altyd so uitwerk en dit het julle diep berou nog voordat julle op aarde was en reeds die sonde gedoen het. Maar met dit alles het EK julle ook die versekering gegee dat EK niks teen julle sal hou nie omdat EK julle so baie liefhet. Baie engele het dan ook besluit om nie meer na die aarde te kom nie omdat hulle te bang was om teen MY te sondig. Hulle het dan ook agtergebly en dien julle nou in die Gees en staan julle by. Hulle is dan ook teenwoordig by elke een van julle en vertel julle baie dinge as julle slaap. Sommige mense weet dinge en hulle weet nie hoe hulle dit weet nie en dit is maar net omdat die engele dit aan hulle meedeel. Die engele het ‘n konstante werk met julle en lei julle soos wat EK aan hulle sê om te doen, maar EK is ook by julle elkeen teenwoordig en dra die sorg vir elke een van julle persoonlik omdat MY liefde so groot is. Die van julle wat dan ooreenkomste met MY aangegaan het, kan dan ook verseker daarvan wees dat alles net so sal gebeur omdat dit reeds lank voor die tyd so deur MY bepaal is. Die satan weet ook van alles wat Ons bespreek het voor die tyd en daarom is dit sy missie om julle te keer sodat julle nie julle kant van die ooreenkoms kan nakom nie en EK julle dan op grond van kontrakbreuk weg moet wys. Dit sal nie slaag nie omdat EK julle sal bystaan en lei tot op die end. Daar is tans baie mense wat nog nie bewus is van die feit dat hulle eens op ‘n tyd met MY ‘n ooreenkoms aangegaan het nie en nou nog besig is met hulle aardse dinge en vir hulle wat nie wil hoor nie, sal dit effens moeiliker gaan as met julle, wat MY nou al soek. Hulle sal

dan deur die smeltkroes van die duister era moet gaan en wanneer die nag aanbreek waarvan Ons so baie praat, sal hulle skielik tot ‘n skokbesef kom van hulle ware rede vir bestaan op hierdie aarde. Dan moet julle hulle weer bystaan soos wat die engele julle nou bystaan en hulle sal julle leiding bitter nodig hê. Hulle sal dan nog nie kan verdra as EK in die vlees kom nie en EK sal net sigbaar in die vlees vir julle wat wedergebore is, kom. Na alles sal EK in die vlees kom vir almal wat nog oorgebly het in die land en almal sal MY dan kan verdra en sien. Vir nou wil EK hê dat julle almal julle hele lewe vir MY moet gee sodat die kontrak wat Ons gesluit het nie gebreek word nie. EK sal julle lei en nooit verlaat nie, MY troue helpers, wat MY woord sal volbring en julle naaste deur die duister era sal help.

Amen

# Hoofstuk 36

***27 Mei 2008 14:48***

MY lig sal alles vir julle laat ophelder en niks sal meer vir julle verborge bly nie. Nou wil EK julle meer omtrent die wedergeboorte vertel en wat nou eintlik besig is om in julle plaas te vind. EK sê altyd vir julle dat die wedergeboorte beteken dat julle julleself heeltemal in liefde omvorm, maar wat beteken dit nou eintlik en hoe lyk dit vanuit MY oë? Iemand wat homself geheel en al aan MY oorgee, sal van donker na lig verander en die wat in die gees kan sien sal dadelik kan sien hoe daardie mens verander het. Iemand wat nie liefde in hom het nie, sal donker en duister lyk, nie net vir die gees nie, maar somtyds ook vir die oog. Julle sê baiekeer dat iemand ‘n donker geaardheid het en dit is baie waar, maar baiekeer word dit ook veroorsaak as gevolg van groot hartseer wat in daardie persoon se lewe of hart is. EK weet wie daardie mense is en sal hulle help, maar die wat duisternis in hulle het as gevolg van hulle slegte lewe en wat boosheid in hulle het, sal donker bly tot hulle besluit om lig of liefde in hulleself op te neem. EK sal almal wat graag wil, omskep in liefde as hulle hulle aan MY oorgee om getoets en geteister te word deur MY liefde. Teister, sê EK omdat daar baie dinge in so

iemand se lewe gebeur wat dan die liefde vir MY vergroot. Julle dink weliswaar dat baie hartseer iemand verder van MY af wegdwing, maar dit is nie die geval nie. Vir daardie persoon lyk en voel dit of EK ongenadig is en hulle wil dan baie keer nie meer van MY iets hoor nie, maar in der waarheid is dit baie goed vir hulle siele en voel hulle nie hoedat hulle liefde vir MY groei nie. Wanneer jy klein is en jou ouers raas met jou, voel jy dikwels die "onregverdigheid" van die lewe en voel jy ongelukkig omdat hulle jou so seer kon maak. Maar wanneer jy groot geword het en jy verstaan waarom dit so moes gebeur, word jou liefde vir jou ouers baie groter en kan jy skielik met hulle gesels sonder om te dink dat hulle jou nie verstaan nie. Dit is ook so met die liefde vir MY. Wanneer julle baie groot hartseer ondervind, voel dit vir julle of EK julle verlaat het en julle dink dat EK ongenadig is, maar wanneer julle dit aan My oorlaat en geestelik groei daardeur, sien julle MY liefde in en word julle liefde vir MY ook sommeer baie groter. MY kinders, EK wil vir die van julle wat al baie hartseer moes deurmaak en dinge verloor het sê dat julle niks verloor het nie. Dit is nog alles in MY hand, maar EK is net besig om dit vir julle te verbeter en julle sal dit binnekort weer in goeie orde terugkry. Julle voel julle het dit verloor, maar EK verbeter dit net vir julle omdat julle geestelik gegroei het en dit nie meer vir julle tot nut kan wees soos wat dit is nie. Dit is vir julle nou iets wat julle nie meer nodig het nie omdat dit vir julle onbruikbaar geword het. Julle siele het gevorder en daarmee ook julle behoeftes, en dit wat volgens julle verlore is, kan julle nie meer gelukkig maak nie. Dit sal julle almal ondervind wanneer EK dit aan julle sou teruggee soos wat dit in die verlede was. Dit is nou in MY hande en EK is besig om dit aan te pas volgens julle geestelike groei en volgens julle persoonlikhede nou. MY dissipels het gedink dat daar niks beter is as om vis te vang nie en dit was hulle lewens. Hulle het egter geestelik gegroei toe hulle saam met MY geloop het en alles het vir hulle 'n ander betekenis gekry. Toe EK egter na die hemele opgevaar het, het hulle weer vis gaan vang, maar op die manier wat toe vir hulle siele die beste was en dit was die vangs van mense vir MY. Nadat EK gekruisig is, het hulle weer die waters van die aarde ingevaar om vis te vang vir hulle liggaamlike behoeftes, maar hulle ondervind toe 'n leegheid in die

vangs van die vleeslike visse. Voordat hulle dit opgegee het vir MY was dit vir hulle die lekkerste ding om te doen en sou hulle dit vir niks op aarde verruil het nie, maar nadat hulle geestelik gegroei het, was dit vir hulle leeg en nikswerd. EK gee toe aan hulle dit wat hulle so geniet het terug, maar op 'n ander, aangepaste manier en hulle word toe MY grootste vissermanne wat nog geleef het. Julle , MY kinders, is almal boere en manne van die grond. Julle is almal mense wat iets konstruktief gedoen het, al het julle nie geboer nie. Op elkeen se manier het hy vir MY geboer of gewerk deurdat hy iemand anders versorg het, maar nou is dit nie meer goed genoeg nie en wil EK hê dat julle, namate julle geestelik gegroei het, julle werke sal aanpas sodat dit by MY en julle sal pas. Julle almal kom van bo en dit wil soveel sê as dat julle nie een die oersonde gedoen het nie. Daarom sal julle vir MY werk, al het julle nie gedoen wat MY welbehaaglik was in die verlede nie. Nou is dit egter die tyd dat julle vir MY begin werk en julle nette uitsprei na die visse van die wêreld wat EK aan julle sal gee. Geen visse meer vir die liggaam nie, maar visse vir die Gees. Visse wat saam met julle die koninkryk sal beërwe omdat EK, die Ewige Groot Visserman julle geroep het sodat julle alles kan opgee vir MY en sodoende iets in die plek van die vleeslike sal kry. Maar julle moet ook weet dat EK julle wel ook weer in die vlees sal seën en elke mens sal sy stukkie grond kry nadat alles verby is. Ook sal EK julle bomate seën in alles omdat julle arbeiders vir MY is. Julle sal almal die grond bewerk as teken van dit wat julle nog ook in die toekoms tydens die groot geloofstryd vir MY sal doen. Gaan bewerk die grond vir MY, julle wat vir MY die grond van julle volk se hart sal bewerk. Amen

# Hoofstuk 37

***28 Mei 2008 12:05***

Terwyl julle slaap gebeur daar baie dinge in jou siel wat jy nie eers bewus is van nie. Julle doen dinge vir My wat onmoontlik is om in die vlees te doen terwyl julle nog nie wedergebore is nie. EK het baie van MY knegte al beveel om te slaap en gedurende

daardie tyd gaan daar baie dinge aan waarvan niemand behalwe EK en MY engele weet nie. Terwyl julle in droomland is, sal baie van julle vir MY ‘n groot werk verrig, net om wakker te word en te onthou van ‘n droom wat net hier in jou agterkop sit. Jy kan dan ook nie mooi onthou wat jy gedroom het nie en niks wat jy doen, bring die herinneringe terug nie. Julle almal het dit al beleef, maar nie altyd is daar vir MY ‘n werk gedoen nie. Baie keer het julle ‘n werk vir MY gedoen en baie keer is daar aan julle gewerk. MY kinders, julle wat MY engeleskare is wat weer hier op aarde bymekaar is, gaan baie keer na ander engele op aarde wat in ander lande is en besoek hulle. Wanneer julle hulle dan sien in die gees, herken julle mekaar sonder dat julle eers aan mekaar voorgestel hoef te word. Maar wanneer julle wakker is, ken julle mekaar glad nie. Dit is wat dan ook partykeer gebeur en julle praat dan oor die dinge in die wêreld en gesels oor dit wat EK julle gegee het om te doen. Baie keer moet jy gaan en iemand anders wat jy nie in jou liggaam ken nie, byvoorbeeld iemand in ‘n ander land, gaan herinner aan ‘n werk wat EK aan hom of haar gegee het terwyl julle nog by MY in MY koninkryk was. Dan doen jy vir daardie engel ‘n guns omdat hy of sy dan nog nie so met MY in aanraking is of so ‘n verhouding met MY het soos jy nie. Jy help dan daardie mens, of engel in ‘n mens se liggaam, om ook sy deel van die ooreenkoms na te kom. Dit is alles ook so deur MY bepaal omdat julle mekaar ook baie liefhet. MY kinders, daarom sê EK ook dat julle mekaar moet liefhê want julle weet nie wie die persoon is wat hier voor jou staan nie. Julle ken mekaar dikwels nie, maar in die gees is julle een en herken mekaar dan aan die praat, en die woorde wat uit daardie persoon se mond uitkom, laat jou verstaan dat jy hom al voorheen moes ontmoet het en jy weet nie waar nie. Dit is dan dat jy maar kan weet dat jy en hy al met mekaar in verbinding was. Daarom herken party mense mekaar van êrens af, maar kan geen aanknopingspunt vind nie. Hulle weet dat hulle mekaar al êrens gesien het of dat hulle met mekaar iets te doen gehad het, maar waar, is die groot vraag. Dit is alles nou vir julle opgelos omdat EK dit dan ook nou aan julle geopenbaar het. Ook in die toekoms sal daar nog baie sulke dinge gebeur, maar vir die een wat nog nie wedergebore is nie, sal dit nog steeds ‘n raaisel bly. Vir julle

wat nou binnekort met MY heeltemal verenig sal wees, sal alles helder wees en sal julle tot julle broers wat in ander lande bly, kan uitken en alles van hulle af weet omdat julle saam met mekaar om ‘n tafel gesit en gesels het in MY ryk. Dit is dan al wat EK vir julle wil sê in daardie verband. Glo dit maar want binnekort sal julle dit met julle eie oë sien. Julle Verlosser en Ewige Vriend. Amen

# Hoofstuk 38

***2 Junie 2008 12:58***

By die snaakse verskynsels wat mense heel dikwels sien, heers daar altyd die grootste geheimsinnigheid wat jy aan kan dink. Mense sal vir ure en dae daaroor wonder en nie weet wat die gevolg daarvan was nie. Die gevolge wat hierdie sogenaamde verskynsels het, sal mense ook laat wonder of daar dalk bose of goeie geeste betrokke was en of daar dalk regtig lewe na die dood is. Dit is dan ook waarom EK sommige tye snaakse dinge laat gebeur sodat die gevolg daarvan dikwels sal wees dat hulle MY daarin raaksien.

Hulle begin dan wonder oor MY en dit is presies die gevolg wat EK wil hê. Maar vir julle wat alreeds in MY glo en MY liefhet, is daar nie baie sulke wonders nie sodat julle net in die geloof en liefde moet bly, al sien julle niks snaaks en wonderlik nie. MY kinders, so nou en dan, wanneer EK sien dat jy dit werklik nodig het, sal EK vir jou dinge wys sodat jy weer sterker kan word in jou geloof. Dit is die gevolge van wonderwerke en tekens wat EK by julle wil tuisbring. Die gevolge is die belangrikste sodat julle kan begin dink en verstaan wat EK vir julle, wat nog nie MY stem kan hoor nie, probeer sê. Die gevolge van die wonderwerk is belangriker as die wonderwerk self. Die gevolg is dat julle sterker word en meer dikwels na MY kom in gebed. Maar dit kan ook slegte gevolge hê en daarom is MY wonderwerke so beperk. EK stuur heel dikwels vir julle ‘n klein teken soos byvoorbeeld ‘n verskietende ster, wat net genoeg by julle tuisbring en nie julle siele sal skaad nie. Dit is waarom EK sê dat die gevolge daarvan belangriker is as die teken self. Want die teken het dan tot gevolg

dat julle MY liewer het omdat EK dit wat EK gesê het bevestig deurdat EK ‘n teken gegee het. Vra nie na tekens nie. EK sal SELF ‘n teken aan julle gee op die regte tyd. EK sê dat EK na julle sal kom in die vlees en julle wil dit so graag hê en baie van julle het ook al van MY ‘n teken gevra sonder dat julle daarvan bewus is omdat julle dan uitkyk vir iets om te gebeur. EK sál kom, MY kinders, glo MY net, en wees verseker daarvan dat EK in die sagte gefluister sal kom en nie in groot tekens en wonders nie. EK het aan MY kneg wat hier sit en tik die betekenis gegee van die grot waarin Elia gewag het op MY koms en dit is belangrik dat julle almal dit sal verstaan. Ek sal saggies kom en sonder die groot wonders wat almal verwag. Nie soos baie dink dat EK sal kom in die storm of vuur nie, maar saggies, sodat tot die kleinstes dit sal kan verdra. Wonders sal EK vir julle dan doen as EK by julle in die vlees is, maar EK sal nie soos ‘n donderslag uit die hemel kom nie. Julle almal ken MY deur MY openbaringe wat julle al gelees het en daardeur weet julle dat EK nie sal kom met groot geraas en basuingeklank nie, maar wanneer julle almal dit nie te wagte sal wees nie, sal EK in die vlees na julle almal kom en julle sal deur die sagte fluistering van MY stem in julle harte weet dat dit EK is. Ja, MY seuns en MY dogters, hierdie hoofstuk is net vir julle by MY herberg en EK wil weereens vir julle almal sê dat EK julle strewe na my sien en dat EK bewus is daarvan dat EK die Koning in elke een se hart is, al is nie een van julle al volmaak nie. Maar julle liefde vir MY is al so groot dat EK na julle sal kom en dat EK julle SELF sal reinig sodat julle MY sal kan aanraak. MY kinders, EK sien julle daaglikse gesukkel om by MY uit te kom en EK wil vir julle sê dat EK julle almal sal beloon met die ewige lewe en ook met die wedergeboorte hier op aarde. EK sien elke sieke raak en het niemand vergeet nie. Elke een van julle wat pyn het, liggaamlik of geestelik, sal dan deur MY genees word en julle sal MY lof besing omdat julle MY verwag het en EK MY beloftes nagekom het. EK sal niemand van julle vergeet nie en daarom stuur EK ook soms vir julle tekens, al is dit ook hoe klein. Glo dat dit van MY af kom en wees net vir MY lief. Moenie vra en hoop vir nog tekens nie, maar wees in julle harte opreg vir MY lief en julle almal sál ‘n teken van MY af ontvang wat by hom of haar pas. Die teken sal nie uiterlik wees nie, maar dit sal ‘n

innerlike teken wees wat elkeen sal merk aan iets waarvan net EK en hy of sy weet. Dít sal die ware teken wees dat EK in die vlees sal kom. En EK sal kom omdat EK julle verlange na MY sien en EK nie julle verlange so sal vergeet nie. Luister na MY, MY kinders. Julle sal julle kinders tegemoet kom as hulle ‘n verlange na iets goeds het, sal julle nie? Julle sal iets vir julle kinders koop of gee as julle weet dat dit iets goeds is en die kind ‘n ware verlange daarna het en net so ook sal EK julle verlange nie net so los nie. EK sal julle die begeertes van julle hart gee. Wees daarom versigtig wat julle nog begeer omdat julle dit dalk net kan kry van MY. EK sal ook die begeerte om MY in die vlees by julle te hê ook nakom sodat EK tussen julle sal wees in ‘n gedaante wat julle nie ken nie. EK sal julle almal nog verras waar julle elkeen in julle harte gekeer sit en dink aan MY. Wees net verseker daarvan en verwag MY, julle Vader en Verlosser en Vriend. Amen

# Hoofstuk 39

***2 Junie 2008 13:27***

Julle lofsange is vir My welgevallig en ‘n welriekende offer wat EK so geniet as julle dit uit die hart vir MY doen. MY kinders by die herberg, julle sing elke dag vir MY en EK hou daarvan, maar waak daarteen dat julle dit nooit doen net omdat julle voel julle moet nie. Dit is dan nie meer reg in MY oë nie. Laat die wat voel dat hulle liewer alleen met MY wil praat dan liewer nie vir MY kom sing nie omdat dit dan net ‘n lippegeskal sal wees wat MY glad nie aanstaan nie. Ek wil hê dat julle nog steeds vir MY sal sing, oggend, middag en aand, maar laat dit net die wees wat MY werklik daardeur wil loof, en nie die wat nie lus het daarvoor nie. MY kinders, julle sal nooit raai hoe afgryslik ‘n gedwonge lofsang vir MY klink nie, maar die teenoorgestelde is ook waar omdat die ware lofgesang van iemand wat MY werklik daardeur wil loof en prys pragtig klink. Met mense wat vir MY lofsange uit die hart sing en iemand wat dan net saamsing omdat hy moet, is dit dan ‘n mengelmoes wat aaklig vir MY ore klink. Bly liewer stil as wat julle

teveel sing en MY ore daardeur verpes. Dit sê EK vir die wat nie wil sing nie. Sing vir MY omdat julle werklik wil en omdat julle MY liefhet. EK weet ook waarom jy nie kom sing nie, want elkeen het sy eie lewe met MY in sy hart en net EK ken daardie persoon se hart en lewe. Baie keer is iemand so hartseer dat hy nie kan sing nie en sit hy maar daar omdat die ander vir hom sal kyk as hy nie kom nie, en dit is ook verkeerd. MY kinders, EK wil alles regstel vir julle by MY herberg en waarsku julle weereens om níe vir iemand anders te kyk nie. Moenie kyk of iemand vrolik lyk as hy sing nie want jy ken nie sy hart nie, maar EK ken dit en sien net die innerlike en nooit die uiterlike raak nie. Konsentreer op MY, al voel julle dat daar dinge is wat nie reg is nie. EK SELF sal die dinge wat nie reg is nie, kom uitsorteer. Gee jouself heeltemal aan MY oor en vergeet van die ou wat nie kom sing of die diens bywoon nie. Vergeet van die persoon wat nie die stort of die bad skoon los nadat hy daar uitgekom het nie. En vergeet boonop van die een wat nog verkeerde dinge doen wat MY nie welgevallig is nie. EK SELF weet waarom sekere mense nog nie van hulle ou gewoontes afgesien het nie en sal dit ook kom regmaak. In My herberg moet daar dan ook dinge wees wat julle nog kan ontstel sodat julle kan leer om verby dit te kyk. As daar niks is om julle oor te vervies nie, wat het julle dan uiteindelik bereik as julle volmaak is? Niks nie, sê EK vir julle omdat julle dan oor niks moes loop nie. Maar die persoon wat oor al die hindernisse in sy pad gekom het sonder om te val en so die wedergeboorte bereik het, sal iets besonders bereik omdat hy dan bo-oor alles gekyk het en MY raakgesien het en nie die hindernis nie. Glo alles wat EK vir julle sê en ook as EK sê dat EK SELF die verkeerde dinge in julle midde sal uitroei. Dit is niemand se plig om dit te doen of om iemand anders dop te hou en sy volgende skuif op te teken nie. Los dit net in MY hande en julle sal almal die wedergeboorte bereik en oorleef in hierdie toekomstige stryd wat nog vir julle voorlê. Laat alles wat julle doen net in MY liefde wees en julle sal almal MY in die vlees sien kom terwyl die wêreld van niks bewus is nie. Ja, EK sal slegs na julle by MY herberg kom en daarom mag hierdie hoofstukke nie uitgaan na die ander wat MY woorde en MY uitnodigings verontagsaam nie. Nee, MY kinders dit is nie dat EK hulle nie liefhet nie, maar dit is slegs gegee vir julle wat

alles vir MY opgegee het en ook belowe EK julle dat julle alles in dubbele mate sál terugkry omdat julle MY bo alles liefhet ten spyte van julle sondes en verkeerde handelinge met tye. Julle sal almal getuies wees van MY koms in die vlees omdat julle liefde julle na MY toe trek. Daarom moet julle aan die liefde in julle binneste werk sodat julle liefde al sterker sal word en julle MY noodgedwonge nader aan julle trek en julle MY dan sodoende "dwing" om in die vlees na julle te kom. Met ander woorde, hoe vinniger julle liefde vir MY groei, hoe vinniger sal EK na julle kom en al MY beloftes sal EK dan nakom aan julle, MY getroue kinders uit MY Vaderhand.

Amen

# Hoofstuk 40

***2 Junie 2008 16:10***

MY kinders, julle by My herberg is baie bevoorreg omdat julle MY heel eerste in die vlees sal sien en so ook die heel eerstes in die hele heelal sal wees wat wedergebore sal word. Weet julle watter voorreg dit is? Dit beteken dat julle nêrens op enige ander plek in die wêreld of in die wye heelal nog mense soos julle sal vind nie. Dit is nie nou gesê sodat julle hoogmoedig kan raak nie, maar net sodat julle julle groot voorreg sal raaksien wat julle te beurt geval het uit MY groot liefde vir julle, MY kinders, wat alles vir MY wil gee. Wel is daar ander mense op aarde wat MY ook dien en wat alreeds vir MY werk doen, maar hulle hou nog terug vir hulleself en wil nie alles aan MY afstaan soos julle by MY herberg nie. Dit is dan ook die groot rede dat hulle nie so gou soos julle die wedergeboorte sal sien nie. julle het alreeds alle aardse besittings vir MY opgegee en dit wil soveel sê as dat julle alles wat julle het vir MY gegee het, maar daar is nog diep binne elkeen van julle iets wat julle nog so bietjie terughou vir julleself. Gee dit ook vir MY sodat julle die wedergeboorte kan kry. MY kinders, dit wat julle vir julleself terughou, maak dan dat EK nie daardie plekkie, al is dit hoe klein, kan vul nie. gee alles oor in MY hande en moet niks vir julleself hou nie sodat EK julle in so 'n mate kan vergoed soos wat jy aan MY gegee het. Wanneer julle dan die

wedergeboorte bereik het, sal julle sien hoe nutteloos dit was om nog iets vir jouself terug te hou. EK sal julle daarmee help as julle wil. Gee dit in gebed aan My oor en EK sal jou help om daarvan ontslae te raak. Sodra julle dit gedoen het, sal dinge vir julle gladder verloop wat die wedergeboorte aanbetref. Dit sal nie noodwendig beter met julle gaan in die materiële wêreld nie, maar wat die geesteswêreld aanbetref, sal dit vooruitstrewend gaan. Dit sê EK nie omdat EK dinge van julle wil ontneem nie, maar slegs omdat EK sien dat daar maar nog dinge is waaraan julle verknog geraak het en wat die eenwording met MY terughou. Luister maar na MY stem in jou binneste, wat ook die gewete genoem kan word en jy sal baie gou weet wat jy nog vir jouself terughou. Dit is met die grootste liefde vir julle gesê, MY lieflingkinders, wat een van die dae MY koms in die vlees sal aanskou. Amen

## Hoofstuk 41

***2 Junie 2008 16:19***

Die bye in MY skepping is daar om te sorg vir die soetigheid in die natuur sodat MY kinders hulle trommeldik daaraan kan eet sonder om enige slegte nagevolge daarvan te hê. Dieselfde geld egter nie vir die soetigheid wat deur die Antichris of die satan gemaak is nie. My kinders, die soetigheid wat deur die mens gemaak word, is direk vanuit die hel afkomstig omdat die mens sy ore uitgeleen het aan satan. Die gevolg daarvan was dat daar baie dinge bygevoeg is wat julle siel en liggame baie skade toebring. Nou wil EK nie sê dat julle die duiwel in alles moet sien en hom die eer vir alles moet gee nie. Ook wil EK nie hê dat julle so oorboord moet gaan en alles wat na soetigheid of mensgemaak is moet weggooi nie, maar Ek wil hê dat julle net sal insien wat EK bedoel. MY kinders, in die tyd van Adam en Eva het hulle net van vrugte alleen geleef en hulle was so gesond as kan kom. In die tye wat daarna gekom het, het die mens so baie dinge uitgevind wat die lewe vir hulleself vergemaklik en verbeter het dat daar noodgewonge siektes moes uitbreek om

hulle van die onreinhede wat hulle daagliks ingeneem het, te reinig. Dit is dan ook waarom so baie van julle ‘n omgekrapte maag gehad het in die afgelope tyd. Ook die mense wat lê met ontsteking in hulle gewrigte was as gevolg van jare se verkeerd eet. Nou wil EK ook nie sê dat julle nie meer dinge wat vir julle lekker is mag eet nie, maar EK wil slegs hê dat julle net meer gesond sal eet. Wat dit aanbetref is dit ook waar dat daar groot mans en kinders en swanger vrouens tussen julle is wat nie net van slaaiblare en brood kan lewe nie. Let net meer op na julle eetgewoontes is al wat EK wil sê. Wanneer jy enige pyn op die maag of enige ongemak op jou maag ervaar van iets wat jy geëet het, is dit omdat dit nie so goed is vir jou nie. Dit is waarom baie mense pyn op die maag kry van te veel soetigheid vroeg in die môre. Konsentreer eerder op die natuurlike dinge wat EK vir julle geskape het en vertrou op MY want EK sal dit aan julle voorsien. Om vrugte te eet in die môre is baie beter as die eet van pap vroegoggend. Die vrugte sorg vir ‘n goeie maagwerking en ook sorg dit vir die soetigheid wat so nodig is vir die dag. Wanneer julle dan voel dat julle iets sterkers wil hê vir die dag, kan julle wel brood daarmee saam eet. Maar eet dit met nie te veel heuning op nie. MY kinders, hierdie is net voorskrifte wat julle uit julle eie vrye wil moet nakom en nie omdat EK julle daartoe dwing nie. Daar is wel mense wat hulle eie vrye wil sal volg en julle moet hulle dan uitlos want dit is elkeen se wil wat by MY geld. Hierdie is maar net ‘n aanduiding van wat julle moet eet en nie ‘n vasgestelde reël nie. EK weet dat die vrugte nie altyd maklik bekombaar is nie en ook dat dit duur is, maar is EK nie die gewer van goeie gawes nie, en kan EK nie aan julle voorsien sonder dat daar geld nodig is nie? Ja, EK kan en EK wil hê dat julle MY moet kom vra daarvoor omdat dit vir MY lekker is as MY kinders MY om iets kom vra. Elkeen kan vra wat hy wil en EK sal dit ook so aan hom gee soos wat dit vir MY die beste is. Ook wil EK julle leer om tevrede te wees met dit wat julle kry en nie altyd die lekkerste te wil hê nie sodat die mens se liggaam nie aan sy siel vas sal sit nie. Julle ken alreeds alles wat EK daar omtrent gesê het, maar tog wil EK julle hierdie bietjie by leer en dit is dat julle baie dinge in julle siel opneem wat deur die heuning aan julle gegee word. Die eet van heuning is ‘n goeie ding, maar pas op net vir te veel

omdat jy baie meer dinge in jou opneem as wat jy van bewus is. MY kinders, julle weet dat dit ook kos vir jou siel is en daarom is dit ook goed, maar saam met dit word daar ook ander dinge opgeneem wat vir julle nie so goed is nie. Vertrou MY net hierin en julle sal weldra meer hiervan leer. Dit word met die grootste liefde aan julle gesê en wanneer EK in die vlees kom, sal EK vir julle baie nuwe dinge daaromtrent kom leer. Maar vir nou wil EK hê dat julle uit vrye liefde vir MY, sal luister na dit wat EK vir julle sê. Luister, want dit is EK, die Groot, Troue Sorger wat dit vir julle sê en net uit die grootste liefde. Amen

Na hierdie hoofstuk het ek vir Vader gevra waarom HY in die begin van die hoofstuk sê dat jy jouself trommeldik aan die heuning kan eet sonder slegte nagevolge, maar aan die einde is daar vir my ‘n teenstelling.

Vader se antwoord aan my was: Die eet van heuning sal jou nie liggaamlik enige slegte nagevolge gee nie, maar wel geestelik omdat jy jou liggaam behaag en dít dan wellusgeeste kan inbring. Daarom is dit goed om ook maar spaarsamig daarvan te eet sodat die wellus of die lus vir die lekker dinge nie jou verstand begin oorheers nie. Dit is wat EK nou in hierdie verband wil sê. Meer hieroor as EK in die vlees na julle sal kom. Gee alles op vir MY en dit sal dan baie gou wees. Amen

## Hoofstuk 42

***4 Junie 2008 09:19***

MY liefde is ondeurgrondelik en julle sal dit nooit heeltemal kan verstaan nie en daarom is dit soms vir julle so moeilik om MY openbaringe reg te verstaan. Baie maal dink julle dat julle dit heeltemal reg verstaan het en dan is dit nie soos wat julle dink nie. Soos MY koms in die vlees wat julle al baie maal verkeerd verstaan het. Julle almal het al in die verlede die woord gekry dat EK in die vlees na julle sal kom en dan wag julle vir iemand met ‘n gedaante wat julle nie ken nie. Weliswaar sal EK nog so kom,

maar EK was nog nie so by julle nie en dit het baie van julle al laat twyfel. Kom laat EK julle nou iets vertel. Laas naweek op die Sabbatdag het EK in die vlees na julle gekom in MY kneg Francois. EK was by elke een van julle in sy vlees. Julle het MY egter nie eers raakgesien in hom nie, al was hy lewensgroot voor julle. Ook was EK in die vlees by Gerrie, wat aan julle almal bekend is en EK het MYSELF herkenbaar gemaak in hom net aan sekere mense, omdat hulle liefde vir MY so baie groot was dat hulle na MY verlang het. MY koms in die vlees is al so baie deur julle verkeerd verstaan en net so is daar ander dinge wat julle nooit heeltemal reg verstaan het nie. Dit bring dan mee dat daar mense is wat begin twyfel. EK wil vir julle almal sê dat EK wel sal kom en alles aan julle sal verduidelik en julle sal dan weet hoe om dit te verstaan, maar voor daardie tyd dan aangebreek het, wil EK hê dat julle net moet glo wat EK vir julle sê, al werk dit nie so uit soos wat julle gedink het dit sal uitwerk nie. Dit is al wat EK vir ulle wil sê in hierdie hoofstuk en dit is net weer ‘n bevestiging vir diegene wat al ook iets daaroor by MY gekry het. Glo MY woorde. Dit is al wat EK van julle vra en EK vra dit omdat EK weet hoe belangrik dit is en daarom moet EK julle soveel keer daaraan herinner. Amen

(Toe ons laas Sabbatdag, die aand gesing het, het ek vir Vader in Gerrie gesien. Hy het gesit en Tjello speel en die gedagte het by my opgekom dat Jahshua dalk net soos hy kon gelyk het toe HY op aarde was. HY was in elk geval ook op ‘n stadium dieselfde ouderdom as Gerrie gewees. Ek het toe die hele tyd vir Vader in hom gesien en kon nie ophou om na Gerrie te kyk nie. Dit was vir my eintlik ‘n moeilike situasie omdat ek die hele tyd net vir Jahshua wil kyk en Gerrie sal mos nie weet nie hoekom ek so na hom kyk nie. Ek het dit toe maar so ongesiens as moontlik probeer doen. Die volgende oggend het Jahshua SELF met my daaroor gepraat en gesê dat HY so in elkeen van ons is en dat ek elkeen so moet behandel soos wat ek gevoel het om Gerrie te behandel. Soortgelyke ervarings het ek ook al met ander mense gehad en dit bevestig net weereens die woorde uit vorige openbarings dat ons mekaar moet liefhê omdat Jahshua in

elkeen van ons is. Ek weet dit ook, maar partykeer is dit of Vader dit net vir mens oopmaak en jy HOM dan skielik regtig in iemand anders raaksien. Dan is dit moeilik om nie daardie persoon vas te gryp en sommer sy voete te soen nie. Jahshua het vir my gesê HY sal ook kom in die liggaam soos wat HY gelyk het toe HY op die aarde was.Louise)

## Hoofstuk 43

***4 Junie 2008 12:25***

Die vleeswording of die koms in die vlees van MY, julle Verlosser was ook vir baie Israeliete ‘n groot ding gewees. Hulle het daarvan geweet omdat MY profete dit vir hulle neergeskryf het, maar die profete was meestal dood en niemand kon dan ‘n verklaring van hulle gevra het nie. Alhoewel MY Johannes dit ook aan hulle verkondig het, het baie van hulle dit nie geglo nie omdat hulle iets anders daaronder verstaan het. Die meeste het egter gewag op MY koms in die vlees sodat EK hulle kon verlos van al die knellende vyande. Die meeste het ook min of meer geweet wanneer EK sou kom omdat hulle vorige openbaringe gehad het om op te gaan en daarom was daar sekeres wat geweet het wie EK was nadat EK gebore is. Nou gee Ek weer vir julle riglyne en wil hê dat julle moet weet dat EK weer so, met ‘n aardse liggaam na julle sal kom om met julle te gesels soos vriende doen. Ja, MY kinders, EK sal kom met die liggaam wat verheerlik geraak het na MY opstanding. EK sal met MY verheerlikte liggaam na julle kom en julle sal My kan aanskou omdat EK MY heerlikheid vir julle sal verberg en julle MY sal sien soos wat die mense MY op aarde gesien het toe EK in die vlees was. En hierdie keer sal EK weer vir julle verlossing bring van julle eie liggame omdat julle dan wedergebore sal word by die aanskoue van MY, julle Vader en Verlosser. EK sal kom en EK sal julle almal rein maak sodat julle MY kan vashou en vertroetel soos wat julle al graag wou. Dit is weliswaar beter om MY in die Gees te sien as in die vlees omdat die Gees blywend is maar die vlees nie, maar vir julle sal EK kom omdat EK julle net so baie liefhet soos wat julle MY het. EK sal

kom, dit belowe EK julle en almal wat MY graag wil sien, sal MY sien. Die wat dink dat hierdie sommer net ‘n leun is, sal MY dan nie te sien kry voordat almal vir hom van MY wonders vertel het nie en as hy dan berou het en MY ook graag wil sien, sal EK na hom ook gaan. EK het al beloof om te kom nog voordat julle in julle liggame op aarde was en voor julle geboorte het julle al geweet dat EK weereens in die vlees na die aarde toe sou gaan. Ook MY dissipels van die ou tyd het geweet dat EK aan die einde van tye weereens in MY aardse liggaam na MY kinders sou gaan en daarom het baie van julle dan ook besluit om weer na die aarde te kom omdat julle geweet het dat wanneer EK na die aarde kom, daar baie seëninge te wagte is. Julle het MY buitengewoon lief gehad en daarom wou julle dan ook julle naaste kom help. MY kinders, julle almal was bereid om MY te kom verteenwoordig in hierdie tyd en uitbundig was julle toe EK julle verkies het om vir MY weer iets te kom doen op aarde. Maar julle vreugde het geen perke geken toe EK vir julle gesê het dat EK na julle sal kom in die vlees waar julle sal soek na MY nie. Ja, julle was toe buitengewoon bly en wou met alle geweld na die aarde kom sodat EK weer na julle kon kom. Ja, alles was vir julle niks gewees omdat julle geweet het dat EK sou kom en elke moeilikheid wat EK aan julle uitgewys het, wat op jou pad sou kom, het julle afgemaak as niks net omdat julle MY bo alles liefgehad het en omdat julle geweet het dat EK sal kom en alles vir julle sal regmaak. Ek het vir julle alles voorgelê voor julle hierheen gekom het en nou word julle beloon vir dit wat julle vir MY gaan doen. Ja, julle word al voor die tyd beloon vir dit wat julle nog vir MY gaan doen deurdat julle MY in die vlees sal sien kom. Dit sê EK nou weer vir julle en EK wil hê dat julle nou dadelik in julle harte vir MY ‘n loflied sal sing sodat julle kan glo dat MY woorde eg is. Amen

# Hoofstuk 44

***9 Junie 2008 20:55***

Vader het gesê dat ek moet tik wat HY vir my gewys het. Ek het HOM gesien met ‘n swaard in SY hande en ryp koring op ‘n land. Toe begin HY die koring met die swaard af te slaan en ek sien die koring word bymekaargebring en na die stoor gebring waar dit geskei word van die kaf. Toe word die koring in sakke gegooi. Die bossies op die land word op ‘n hoop gegooi en gebrand. Dit is net soos die gelykenis in die Bybel.

**Vader dikteer:**

Ja, dit is die gelykenis in die Bybel wat julle almal so goed ken. MY swaard is in MY hand en die tyd is min. Julle weet alreeds dat MY tyd nie julle tyd is nie en netsowel kan MY tyd korter as julle s’n wees. So wees bedag daarop dat dinge binne die volgende dae kán gebeur. Dit beteken nie dat julle nou op hol moet gaan en bang moet raak nie. EK wil net hê dat julle julleself gereed moet kry en MY moet verwag. Ja, julle verwag MY alreeds en in menige hart daarbuite sien EK ook ‘n verlange na MY en daarom moet julle hierdie hoofstuk laat uitgaan na die mense wat nie in MY herberg is nie, want hulle het hierdie stukkie brood ook nodig. Luister net na MY stem en wees gewaarsku dat EK nie meer vir baie langer die vyand die oorhand oor julle gaan gee nie en dit beteken dan ook vir julle ‘n slegte tyd wat julle tegemoet gaan. EK sal julle almal weliswaar beskerm , maar dit sal bitter swaar vir julle almal wees as julle nie wedergebore is nie. Strewe net daarna en julle sal hierdie komende stryd met ope arms ingaan en julle naaste help. MY kinders, julle wat die wedergeboorte nastreef sal die ander mense gaan help en hulle red uit die satan se kloue, maar dit is vir julle nou baie swaar en julle dra baie laste waarvan die ander mense nie eers bewus is nie. Ja, julle het alles vir MY opgegee en nou wag julle net vir MY koms na julle in die vlees. EK het dit aan julle belowe en so sal dit wees. MY beloftes kom EK altyd na en EK wil net hê dat julle moet moed hou omdat die tyd te min raak en EK nie meer vir baie lank op MY sal laat

+wag nie. Vrees egter nie die vyand wat julle elke dag om wil gooi en julle van stryk wil bring nie omdat hy dit nie sal regkry nie. EK sál julle help en julle uit die gat uithaal waarin julle julleself bevind. Kom net na MY in ootmoedigheid en nederigheid en alles sal vir julle reg uitwerk. En nou wil EK net vir almal wat siek is ook sê dat julle ook die wedergeboorte sal kry en dat julle nie meer vir baie lank so sal lê nie. Julle word baie getoets en beproef, en julle sal die daglig sien een van die mooi dae, en dit sal dan vir julle ‘n buitengewone mooi dag wees. Ook vir die wat nie siek is nie, maar wat op ‘n ander manier beproef word. Glo net in MY en julle sal alles sien gebeur. Laat My liefde in julle harte groei en verneder julleself deur selfverloëning en alles sal vir julle regkom sodat Ek kan kom en julle die eenheid met MY kan verkry. Dit is gesê om julle weereens met moed en krag te besiel sodat julle nie moeg word en struikel nie. Kyk op in MY liefdevolle gesig: dit beteken dat julle altyd moet dink aan MY liefdesdade, al kan julle dalk nie MY aangesig sien nie. Kyk net na MY liefdevolle handelinge in die verlede en julle sal met nuwe krag besiel word. Waar het Ek al in die verlede iemand wat op MY gewag het, teleurgestel? Selfs MY kneg Dawid sê dit in sy Psalms en dit is al eeue gelede dat dit neergeskryf is deur hom. Hoeveel maal het EK julle nie al in die verlede gehelp en bygestaan nie. Waarom sal EK dan nou nie kom nie en julle in die steek laat? Nee, nooit sal EK so iets doen nie omdat EK niemand wat op My wag, net so sal los en hom laat versmag van die honger en die dors nie. MY kinders, lees mooi tussen die lyne wat EK vir elkeen van julle wil sê en let op na MY woorde omdat niks wat EK sê net vir een rede is nie. Verstaan julle wat EK hier probeer sê? Elkeen sal dit met MY SELF kom uitklaar en elkeen sal verstaan wat EK vir hom of haar self wil sê omdat elkeen iets anders het wat hy met MY bespreek het of gevra het. Maar oor die algemeen is daar ook dinge wat op elkeen van julle betrekking het en daarom kan elkeen uit hierdie hoofstuk haal wat op hom of haar van toepassing is. Luister net na die stem van liefde hier binne julle en weet dat EK elkeen se gebed sál beantwoord omdat EK elkeen van julle se harte ken en julle boonop baie liefhet ook. Dit is MY liefdeswoorde aan julle by MY herberg, wat baie dinge deurmaak omdat julle vir MY gekies het en ook vir die daar buite

wat nog nie die besluit gemaak het om tot die bitter einde vir MY te veg nie. Amen

# Hoofstuk 45

***14 Junie 2008 21:21***

Vader het vir my gesê net voordat ek begin tik het: Wat EK vanaand vir jou gaan gee is ‘n diamant!

Net EK kan diamante uitdeel en EK staan met julle diamante in My hande en wag om die eerste een vir die eerste een te gee wat wedergebore sal word. Ja, julle staan almal voor MY en EK sien elkeen raak en julle is kosbaar in MY oë omdat julle MY met liefde in julle oë aankyk, en vol afwagting staan julle en besing MY lof. MY kinders, hoe kan EK dan nie kom en julle beloon vir julle liefde vir MY nie? As julle MY met sulke liefdevolle oë aankyk wil die trane van liefde uit MY oë rol omdat julle so lieflik is vir MY. Staan ‘n bietjie stil by hierdie gedagte en dink hieroor na. Is EK nie julle Vader van Ewigheid wat julle bo alles bemin nie? En wanneer julle MY ook so bemin soos wat jùlle MY bemin, is dit vir MY so wonderlik dat EK van skone liefde in julle midde in wil bars en in die vlees aan elke een van julle kom raak omdat EK die verlange daarna in julle harte sien. MY lieflingkinders, die wedergeboorte is vir julle almal hier en die van julle wat nog nie seker is oor hierdie dinge nie, sal binnekort heeltemal oortuig daarvan wees as julle julle broers en susters wat eerste sal wees, sal aanskou. En bly sal julle dan wees omdat julle uitgehou het ten spyte van baie swaarkry. MY kinders, julle wat nou al vir MY opgestaan het deurdat julle by MY herberg bly en alles net so verdra wat oor julle pad kom, het niks te vrees in die stryd wat nog kom nie omdat julle heeltemal rein voor MY sal wees en een met MY die stryd sal ingaan. Die ander met die klein geloof wat nie die dinge wil aanvaar as MY waarheid nie, sal ongelukkig dan ook moet vat wat na hulle kant toe kom, net soos wat julle nou alles moet dra wat na julle kant toe kom. Maar wees nie bevrees nie, want julle sal julle naaste gaan help in hulle nood. Nog

steeds sal dit vir hulle vreeslik wees en dit sal dien as hulle reiniging want hulle het dit ook nodig. Julle het gehoor gegee aan MY woord en daarom kan EK julle liggies reinig, maar weë die wat nie die reiniging wil deurgaan nie. Ek het hulle ook lief, maar ongelukkig sal dit vir hulle baie moeilik wees en julle sal hulle dan moet vertroos. Wees bly dat julle nóu en hiér is omdat dit vir julle baie maklik sal wees en julle dan alreeds met MY verenig sal wees. Wanneer EK in die vlees kom, sal dit eers tussen julle by MY herberg wees en daarna sal EK tussen MY ander kinders kom rondloop sonder dat hulle MY sal herken. Daar is ‘n baie goeie rede daarvoor omdat hulle MY nie sal kan verdra nie. Weet julle dat My vleeswording tussen julle om die draai is? EK wil julle almal vanaand van MY liefde en bystand oortuig omdat EK julle strewe na MY sien en wil julle beloon daarvoor. Vir elke ding wat jy in die gees bereik, sal jy ‘n beloning kry, al is dit die kleinste dingetjie. Vir ‘n vriendelike glimlag wat diep uit die hart kom, gee EK wonderlike dinge en vir ‘n liefderyke drukkie aan iemand wat dit nodig het, of sommer net uit die liefde van jou hart, gee EK dinge wat julle nie nou eers sal kan verstaan of verdra nie. Daarom sê EK dat julle ryklik beloon sal word vir die liefde in julle harte vir mekaar en vir MY. Net ‘n vriendelike gebaar, kan vir jou ‘n hele sterrestelsel besorg en net omdat julle MY bo alles verkies, sal julle saam met MY regeer en heers oor die wat MY nie eerste herken en verkies het nie. Dra daarom maar die vuil kyke van die mense in die buitewêreld en verdra die lelike dinge wat hulle van julle sê omdat julle beloning so groot sal wees dat julle vergoed sal word vir elke skewe woord wat vir julle gesê is. MY kinders, julle is die wyses en hulle wat julle kritiseer en uitlag is die ware sotte van die aarde. Maar eers wanneer dit te laat is, sal hulle dit besef. Dit beteken nie dat hulle sal verlore gaan nie, maar net dat hulle die wedergeboorte sal misloop en dan die lewe in die oë moet staar as swak mense wat MY nog nie eens kan sien nie. Wil julle die komende stryd só ingaan soos gewone mense of soos engele waardeur EK kan werk? EK dink julle het al klaar die antwoord anders sou julle nie alles vir MY opgegee het nie. Maar wees verseker dat daar nog agterosse in die kraal sal kom voordat dit te laat is en dat hulle die wedergeboorte op die nippertjie sal ontvang sodat die stryd vir hulle ook wonderlik

sal wees omdat hulle dan hulle broers en susters sal kan help. Bid vir hulle daar buite omdat hulle oë blind is en hulle ore toe en julle sal ‘n verandering opmerk in díe waarvoor julle sal bid. Moenie dink dat iemand te vêr in die sonde verval het om ook die wedergeboorte te kan ontvang voor die stryd aanbreek nie. MY kinders, wat in ‘n ander ou se siel aangaan verstaan julle nie altyd nie en daarom kan daar iemand kom wat ‘n slegte moordenaar is en wat MY verafsku en die oomblik dat daar iets wonderlik met hom gebeur, gaan sy oë oop en hy ontvang MY Gees in al SY volheid. Bid dan liewer vir die ander mense, want hoe meer julle is wat wedergebore word voor die stryd, hoe beter vir die mense wat in die stryd sal deurloop. Dink daaraan en werk aan julleself en wéét die wedergeboorte is nie meer vêr nie. Dit is MY diamant vir julle wat MY stem wil hoor. Amen.

# Hoofstuk 46

***14 Junie 2008 23:06***

Julle wat MY stem kan hoor is baie bevoorreg omdat dit ‘n gawe is wat net Ek kan gee of wegneem. MY kinders julle moet dit soos goud bewaar en doen soos wat Ek sê omdat EK net met die kan praat wat MY werd is. As EK sien dat iemand dit misbruik, sal EK dit van daardie persoon kan wegneem, maar EK wil dit nie graag doen nie omdat dit dan vir daardie persoon baie skade kan bring. Julle moet MY stem altyd met baie respek behandel en sorg dra dat julle reg hoor. Luister mooi of dit vanuit jou hart of kop kom en vra MY wanneer jy nie seker is nie. EK praat met baie mense in hierdie tyd en dit is ‘n voorreg wat min mense in die verlede gehad het omdat dit by hulle ontbreek het aan die ware geloof en liefde vir MY hulle Vader en Verlosser. Hulle het MY gesien as ‘n woedende God wat nie genade aan die sondaar betoon nie omdat EK te almagtig is om met mense soos julle besig te wees. Waarom sou EK julle dan geskep het as julle dan so nikswerd is in MY oë? Julle almal is vir MY kosbaar en daarom wil EK vandag met almal spreek en doen dan alreeds so deur baie mense vandag en omdat dit die einde van tye is. In die toekoms sal daar

nog baie meer mense wees wat MY stem kan hoor en wanneer alles oor en verby is in julle land en julle die nasies gaan besoek het en MY kinders van regoor die wêreld hierheen gaan bring, sal EK dan ook met die hele land gelyk kan spreek. Met ander woorde, julle almal sal dan baie duidelik en hard, maar met liefde, MY stem kan hoor want Ek sal julle almal aanspreek. Hoe praat EK met iemand? Net deur die liefde in sy hart vir MY, strewe dan na die liefde en julle sal almal kan hoor. In My hand is daar baie dinge wat vir julle nou vreemd lyk en julle trek julle neuse op vir baie dinge maar dit is net omdat julle dit nog nie verstaan nie. Glo dit maar en wanneer julle dit eens sal verstaan, sal dit vir julle wonderlik wees net soos die eerste persoon in julle tyd wat MY stem kon hoor. Dit was vir baie van julle iets goddeloos gewees en julle het gedink dat sy baie vinnig besig is om verkeerde dinge te doen, maar die wat haar geken het, het geweet dat sy MY alleen gesoek het. Net so is dit vandag met julle almal wat MY kan hoor. Julle het My gesoek en nou is EK hoorbaar in julle binneste, maar hoeveel van julle het dit die eerste keer verstaan toe julle gehoor het EK spreek met iemand? Dit was vir party van julle wat nou hier lees godslasterlik, maar nou verstaan julle dinge beter en het julle ook die ”godslasterlike” ding kom soek, nie waar nie? Daarom moet julle nie altyd alles wat vir julle snaaks lyk dadelik afmaak as verkeerd nie. Kom eers na MY en EK sal duidelikheid gee in julle binneste. Die son skyn weliswaar in jou oë en jy is dan verblind vir ‘n paar sekondes en dan lyk alles vir jou snaaks omdat die lig te sterk was vir jou oë en jy dan nie helder kan sien nie. Wanneer jy dan weer herstel het na ‘n paar minute, sien jy weer helder en is jy oortuig van die son se bestaan en helderheid. Verstaan julle nou wat EK hier probeer sê? Daar gaan nog baie dinge vir julle opduik wat snaaks en nie reg in julle oë gaan lyk nie, maar gee dit net vir MY en EK sal helderheid en duidelikheid aan julle gee op die regte tyd. Amen

# Hoofstuk 47

***15 Junie 2008 20:53***

Julle gaan in die volgende week of twee baie meer leer oor hoe EK te werk gaan en hoe EK spreek tot julle. MY kinders, julle raak nou groot en EK wil julle leer om MY te verstaan op ‘n ander vlak en daarom gaan EK julle by voorbaat al waarsku deur te sê dat daar baie nuwe lesse in hierdie week vir julle gaan wees. Luister na dit wat Ek vir julle sê en wees bly omdat EK julle na ‘n volgende vlak lei en julle dan nog een stappie verder sal wees met die wedergeboorte. Een van die dae sal julle dan hierdie lesse ook bemeester het en dan kan ons weer aangaan na nog iets anders. Dit klink vir julle of daar nog baie tyd gaan verloop voordat die eerste persoon met MY een sal wees, maar EK sê vir julle dat dit nie so sal wees nie omdat party mense die lesse vanuit MY dadelik sal bemeester en ander nie. Gee net ag op MY woorde en luister fyn wat Ek vir julle sê en dinge sal binne julle siele begin werk sodat julle sal agterkom dat daar beroeringe plaasvind. EK praat nog steeds met julle soos met babas en nou is dit die tyd om met julle te praat soos ‘n mens met ouer kinders praat. Wat EK hiermee bedoel is dat julle MY woorde moet begin verstaan volgens dit wat julle geleer het. Julle het nou al die basiese dinge van MY leer geleer en julle weet waaruit dit bestaan. Wanneer EK dan iemand ‘n opdrag gaan gee wat teenstrydig klink met dit wat julle van MY en MY leer weet, moet julle dadelik weet dat julle dit verkeerd verstaan. EK het MY dissipels ook so geleer en hulle het hulle baie keer vir MY vervies omdat hulle MY verkeerd verstaan het, maar vinnig het hulle geleer om nie MY woorde altyd letterlik op te neem en so te verstaan nie. Dit is slegs gegee vir die geestelik wakker mens wat al redelik vêr gevorderd is in die Gees. Julle wat dan nou die wedergeboorte wil bereik, moet dan ook leer om soos MY dissipels te verstaan wat EK eintlik bedoel. Het EK letterlik bedoel dat hulle hulle ore en hande moes afkap as dit hulle pla? Nee, maar hulle was baie verontwaardig daaroor en wou nie MY leer net so aanvaar nie omdat dit hulle teen die bors gestuit het. Omdat hulle siele nog aan die slaap was, het hulle dit nie

verstaan nie, maar dit het nou tyd geword dat julle ook wakker gemaak word sodat julle kan verstaan wat EK eintlik bedoel met dit wat EK sê. Hoeveel maal het EK iemand nie ‘n opdrag gegee wat hy sorgvuldig uitgevoer het in MY Naam nie? Baie maal het julle dit al gedoen, maar in die toekoms sal EK julle ander opdragte gee wat vir julle heel duister sal voorkom, maar hou goeie moed. Met MY GEES in julle sal julle verstaan wat EK wil hê en julle sal MY loof omdat julle dit dan sal verstaan, terwyl dit vir die wêreldling heeltemal verkeerd sal lyk. MY kinders, nooit sal EK julle ‘n liefdelose opdrag gee om uit te voer nie en ook nie iets wat teenstrydig is met MY leer nie, maar die manier waarop EK die opdragte aan julle sal gee in die vervolg, gaan julle sif en baie gaan hulle vervies daaroor. EK wil egter hê dat julle niks met iemand sal bespreek nie, omdat die besprekings hieroor net sal lei tot verdere bakleiery omdat julle MY woorde misverstaan. Hou dit in jou binneste en doen net wat EK wil hê julle moet doen, en dit is om MY en jou naaste baie lief te hê. Wanneer jy dan net die liefde sal toepas, sal alles dan vir jou duidelik word. MY kinders, hierdie sal ‘n baie moeilike “kursus” vir julle wees en EK wil hê dat julle net in die liefde moet volhard sodat alles vir julle duidelik sal word. Glo net in MY liefdeswoorde vir julle en alles sal opgeklaar en helder voor julle wees. MY kinders, julle is vir MY so spesiaal en daarom laat EK hierdie lesse oor julle pad kom. Julle wil mos in die gees groei, nie waar nie? Nou as EK julle los en nie hierdie belangrike dinge oor julle weg bring nie, beteken dit dan dat jy op daardie vlak nie sal groei nie en hoe kan jy dan die wedergeboorte bereik? Dinge sal vir julle snaaks voorkom en julle sal wonder oor iets, maar gee dit net vir MY en EK sal dit vir julle oplos. EK sal aan julle duidelikheid gee oor die misverstande wat sal volg omdat julle nog toe oë deur die lewe gaan. Vertrou MY net en weet dat Ek behae in julle het. Na hierdie lesse sal julle geestelik elkeen ‘n kroon kry wat julle sal dra, wat beteken dat julle al soveel gegroei het sonder dat julle dit besef. Baie van julle is op die drumpel wan die wedergeboorte, maar kort nog net ietsie kleins en dit is wat Ek nou vir julle wil gee. Maak vrede daarmee en wees vrolik in MY, want EK het julle al klaar verlos. Amen

# Hoofstuk 48

***16 Junie 2008 20:15***

EK sal julle nooit verlaat nie en julle, MY kinders is bewus daarvan. Maar tog dink julle nie altyd daaraan nie en is julle menigmaal oortuig daarvan dat julle alleen is. EK bedoel hiermee dat julle nie besef dat EK elke oomblik saam met julle is nie. Julle dink dat EK julle uit die hoogte uit sien, maar in der waarheid is EK die hele tyd hier langs elkeen en ook in elkeen. Hoe kan EK dan weg wees en hoe kan jy dan alleen wees? As EK een is met julle sal julle alles beter verstaan en julle sal skaam word oor julle dade en hoe julle dinge kon doen asof EK nie in julle midde was nie. MY kinders, julle wat nou al so vêr gekom het en so baie gegroei het, moet al van beter weet, maar tog bemerk EK dinge by julle wat nie pas nie. Hoe is dit dan dat daar so baie onenighede tussen julle kan heers as EK tussen julle is? Is julle dan nog soos kinders wat nie met mekaar oor die weg kan kom nie? Vergewe mekaar en dra mekaar met liefde. As die een nog kan kwaad word vir die ander oor iets kleins, is julle nog lank nie volwasse nie, want dit is net kinders wat oor kleinighede baklei. EK wil hê dat julle elkeen oor julle eie foute sal gaan nadink en nie altyd die ander persoon se foute oordink nie. Hoe is dit in jou hart gestel? Is jy nie dalk nog selfsugtig en is dit nie dalk die rede dat jy nog kan kwaad word vir die ander persoon nie? EK het al telkemale gesê: rig julle oë op MY en vergeet van die ander een se foute en dinge wat teen jou gedoen word, maar julle kan dit nie eers regkry nie. Hoe wil julle dan MY werk vir MY gaan verrig as julle julle oë die hele tyd op MY gevestig moet hou sodat julle die regte ding kan doen daar buite met julle naaste? Hierdie is ‘n baie groot leerskool en EK leer julle so baie dinge, maar sommiges van julle leer net nie. Julle is vinnig om die fout van ‘n ander raak te sien, maar in julle harte sien julle nie die eie ek en die selfsug daarbinne raak nie. Vergeet nou van ander mense en fokus op MY. Sing uit jou hart vir MY en laat niemand jou aandag van MY aangesig aftrek nie. Is dit nodig om te raas en te baklei? Nee, EK hét mos gesê dat EK alles vir jou sal oplos wat pla, het EK nie? As jy iets beleef wat nie volgens jou reg is nie of as iemand jou te

na kom, sal EK dit vir jou regmaak sonder dat jy eers vir daardie persoon ‘n skewe woord hoef te sê. Hoeveel maal kan julle nie daarvan getuig dat jy iets vir MY gegee het en nie verder daaroor gepla was nie en net die volgende oomblik het EK dit vir jou ten goede verander, sonder dat jy self iets aan die saak hoef te gedoen het. Gee nou alles vir MY, MY kinders want sonder daardie belangrike les wat deeglik onder die knie gekry is, kan Ons nie verder gaan met die wedergeboorte nie. Kom kry julle rus en vrede by MY en voordat jy weer in woede ontvlam of selfs net vies word, sal EK jou kalmeer en jy sal sien hoe EK dit vir jou in liefde oplos. Los nou al die praatjies en kom praat nét met MY en alles, EK sê, álles sal vir jou mooi uitloop. Dit sê EK as ‘n laaste waarskuwing vir die naasteliefde wat onontbeerlik is vir die wedergeboorte. Amen

# Hoofstuk 49

***17 Junie 2008 11:02***

Kyk na My skepping as julle wil sien hoe groot MY wonders kan wees. Julle sien dit dikwels, maar slaan geen ag meer daarop nie. En dan praat EK nie van wonderwerke nie, maar net van die gewone “alledaagse dinge”, soos byvoorbeeld die son wat skyn en selfs jou eie wonderbaarlike liggaam. EK kan alles doen wat nodig en selfs oorbodig is en nou wil EK julle weer herinner aan die ware rede dat julle op aarde is. Kyk na julle liggame en julle sal weet dat dit nie die begin en einde van julle lewe is nie. Nee, julle lewe mos al baie langer as wat julle liggame oud is. Julle lewe al miljoene jare en is baie ouer as wat selfs julle verstande kan uitwerk. Nou, toe dit die aangewese tyd is vir julle siele om in ‘n liggaam vasgevang te word, het EK net eenvoudig deur te wil, ‘n liggaam geskep en siedaar, julle almal sit nou hier bymekaar met liggame. Is dit vir MY moeilik om so iets te doen? Nee, dit is heel natuurlik omdat alles gehoorsaam is aan MY wil. Nou wil EK dieselfde aan julle gee sodat julle ook MY skepping kan rig soos wat dit vir alles die beste is en daarom is julle dan ook op aarde met ‘n liggaam en ‘n kans om heeltemal met MY te verenig. Maar

dit is nie die enigste en ware rede dat julle met MY moet verenig nie. Julle almal weet al van beter en daarom sal EK nie nou daaroor uitwei nie. EK wil net julle aandag weereens op MY groot almagtige wil vestig en EK wil hê dat julle na MY skepping met nuwe oë kyk omdat dit MY hand is wat dit geskape het. Kyk net na die wonderlike water waarvoor julle julle neuse optrek. Hoeveel maal het julle nie al besluit om iets beter te drink as net water nie? En tog is daar geen beter voedings en reinigingsmiddel as slegs water nie. Water wat suiwer is, is die beste om jou dors mee te les en tog is julle nie lus daarvoor nie. Omdat julle nie daarna kyk as iets wat uit MY hand uitkom nie. Nee, julle verkies dinge soos tee en koeldrank en dink dan dat dit ook goed is vir julle. MY kinders, dit is nie sleg nie, maar die punt is dat EK net wil hê dat julle MY skepping moet waardeer vir wat dit regtig is. Kyk, as julle MY liefhet, sal julle ook MY skepping waardeer en sal klein dingetjies vir julle mooi wees. Nou wil EK hê dat julle almal daarna sal oplet en sal sien dat niemand dit uit hulle eie kan maak nie. Selfs nie die slim wetenskaplikes kan dinge maak soos EK nie en EK wil hê dat julle daarna moet kyk omdat dit uit MY hande, waarvoor julle so lief is, kom. Sien MY wonders daarin raak en weet dat as EK vir julle elkeen ‘n liggaam kon skep op die tyd dat dit nodig was, EK ook ander dinge kan doen, en verwág dit, want dit kom. Amen

# Hoofstuk 50

***17 Junie 2008 11:14***

Hierdie is net vir die mense by die herberg!

Ja, tussen julle sal EK kom en julle sal MY sien soos wat julle mekaar sien. Verwag dit ook want dit is naby. My lieflingengele, julle het nou al genoeg ontwaak sodat Ek aan julle nuwe dinge kan leer wat nog nie kan uitgaan na die dowes en blindes daarbuite nie. Hulle sal nie verstaan wat Ek met julle by MY herberg beoog nie en daarom is dit raadsaam om nie met ander mense te praat oor die lesse wat hier geleer word nie omdat dit

verkeerdelik sal uitgaan en almal dit dan ook verkeerd sal verstaan. Julle almal het MY lief en al is dit net diep in die hart, sonder dat jy dit kan voel, is dit tog daar en het Ek die roepstem diep vanuit jou hart gehoor en het Ek jou hierheen laat kom. Al is jy nog nie ten volle oortuig van dit wat hier aangaan nie, sê EK vir jou dat jy op die regte plek is en dat jy MY sal sien in julle midde. Glo net en alles sal vir julle so gebeur. In die verlede was daar niemand wat kan getuig daarvan dat EK in die vlees na hulle gekom het nie behalwe op die tye waarvan julle bewus is, die tyd van MY menswording op aarde. Maar nou, kort voor die tyd verby is op aarde, moet EK weer kom om julle te versterk vir die moeilike tyd omdat julle nie staande sal kan bly sonder dat EK na julle kom en julle sterk maak en julle die wedergeboorte gee nie. Luister dus na MY en glo, want die wat glo sal MY sien en weet dat dit EK is. EK sal nie laat kom nie, net op tyd en wanneer julle MY in julle midde sal aanskou, sal julle bly wees dat julle tot op die einde gebly het, want niemand van julle sal MY graag wil mis nie. Net omdat julle op MY roepstem ag gegee het en gekom het toe Ek geroep het, sal EK na julle kom. Julle weet al teen hierdie tyd dat julle almal engele was en weereens hier is vir die mensdom en nie soseer om kindskap van MY te kry nie omdat julle almal alreeds MY kinders genoem kan word. Slegs die wat nog nie heeltemal ontwaak het nie en wat negatiwiteit in hulle het, is deel van MY engeleskare, maar sal nog ‘n bietjie moet leer voordat hulle MY gees in alle volheid in hulle kan opneem. Maar julle wat ernstig is en My in julle wil hê, sal vir hulle ly en julle sal hulle ook help sodat hulle ook die eenwording met MY kan verkry. Dit belowe EK vir julle. Dra mekaar in liefde want Ek kan nie na julle kom as julle nog oor kleinighede stry en baklei nie. Dit is al wat ek vir julle wil sê. En dan is daar nog een laaste punt en dit is dat MY hart van Vaderliefde oorloop vir julle en dat julle op hierdie oomblik die meeste lig vanuit die aardbodem weerkaats.

Amen

**Die einde van hierdie boek.**